UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# Die rol van die liturgie in die fasilitering van `n ontmoeting tussen God en "soekers"

deur

Pieter Abraham Malherbe

Voorgelê ter vervulling van die vereistes van die graad
MA (Praktiese Teologie) in die FAKULTEIT TEOLOGIE
UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

Studieleier: Prof. H.J.C. Pieterse
Mede-studieleier: Prof. C.J.A. Vos

DESEMBER 2009

© University of Pretoria

# Voorwoord

**Aan ons Hemelse Vader kom die dank en die eer toe dat hierdie verhandeling 'n werklikheid kon word. Mag dit van betekenis wees vir die bediening van die NG Kerk, waarvan ek 'n lidmaat is en waarvoor ek baie lief is.**

**Aan die volgende persone my dank en waardering vir hulle leiding en ondersteuning ten einde die navorsing te kan voltooi:**

**Aan my studieleier, Prof HJC Pieterse en my mede-studieleier, Prof CJA Vos betuig ek opregte en innige dank en waardering vir u insette en begeleiding. Elke gesprek het my diep onder die indruk gebring van u nederigheid en u opregte liefde vir God en Sy kerk, en het my inspireer om te volhard ten einde 'n bydrae te kan lewer ter vervulling van ons roeping om alle mense met die evangelie te bereik.**

**Aan my gesin, vir ondersteuning en begrip.**

**Aan die Universiteit van Pretoria vir die geleentheid wat deur middel van 'n beurs gebied is, asook die vriendelike en behulpsame personeel in die biblioteek.**

**PA Malherbe**

**2009**

**Die rol van die liturgie in die fasilitering van `n ontmoeting tussen God en "soekers"**


## Samevatting

Hoofstuk een handel oor die worsteling van die NG Kerk om 'n dalende tendens in erediensbywoning die hoof te bied en die beste benadering te vind ten opsigte van vernuwing in die erediens, sodat ook mense wat nie deel van die kerk is nie, belang sal stel om eredienste by te woon. Die erediens is 'n byeenkoms waar mense op uitnodiging van God bymekaar kom, maar hoe moet sodanige byeenkomste ingerig word sodat mense dit werklik as 'n ontmoeting met God sal ervaar? Hoe belangrik is dit om 'n liturgiese orde in sodanige byeenkomste te volg en watter rol speel die reformatoriese liturgie om 'n ontmoeting tussen God en mens te fasiliteer? Wat moet in die proses van liturgiese vernuwing behou of laat vaar word?

In hoofstuk twee word duidelikheid verkry of die reformatoriese liturgie inderdaad interensiek kommunikatief van aard is en of die erediensganger, deur middel van die liturgie, God al luisterende in die erediens kan ervaar. Die reformatoriese liturgie word vervolgens vanuit `n hermeneuties-kommunikatiewe handelingsteoretiese perspektief bespreek ten einde sekerheid te verkry dat God ook deur middel van die reformatoriese liturgie in die erediens aan die werk is. Die basis van die praktiese teologie is `n hermeneuties-kommunikatiewe praxis (Van der Ven 1990:47). Dit beteken dat die homiletiek ook vanuit `n hermeneuties-kommunikatiewe perspektief verstaan kan word (Vos 1996:11-12). Hermeneutiek is die refleksie op die proses van die koms van God in sy Woord na die mens in sy situasie, waarin drie momente onderskei kan word: *die verstaan* (begrip), *die verstaanbaar maak* (verklaar) en

*die tot verstaan kom* (toe-eien). Die hermeneutiese komponent van die praktiese teologie (Van der Ven 1990:54-55) word hier vir die homiletiek diensbaar gemaak. Hermeneutiek handel oor die verstaan van die Woord, die verstaanbaar maak daarvan binne die eie kultuur en die tot verstaan kom van die mens vir wie die heil bedoel is (Vos 1996:12). Dit moet as uitgangspunt dien wanneer besin word oor die aanbieding van die evangelie aan mense van `n nie-kerklike agtergrond sodat hulle in die erediens-gebeure gelei kan word tot `n ontmoeting met God en verlossing deur Jesus Christus.

In hoofstuk drie word die herkoms van die huidige reformatoriese liturgie aan die orde gestel ten einde aan te toon hoe sterk die liturgie in die vroeë kerk gefunksioneer het en hoe dit deur die eeue gegroei het tot dit wat ons  huidiglik in die reformatoriese tradisie ken.  Dit sluit in besinning oor die betekenis van die begrip “liturgie” en die ontwikkeling daarvan in die byeenkomste van die volk van God. Dit sluit die orde waarin die erediens verloop in, maar is baie meer as net dit. Liturgie is die diens aan God wat telkens weer vorm aanneem in `n bepaalde erediens (Barnard 1981:52; Van der Ven 1990:48; Vos 1996c:150-151).

In hoofstuk vier word die gespreksmatigheid van die liturgiese gebeure, insluitend die preek, ondersoek. Die taal van die liturgie word ondersoek op die basis van 'n keuse vir die dialogiese kommunikasieteorie. Dit is juis omdat die verskillende liturgiese elemente kommunikatief in die erediens funksioneer, dat elkeen belangrik is, met groot omsigtigheid aangewend moet word en nie sonder goeie rede weggelaat kan word gedurende 'n erediens nie.

In hoofstuk vyf word gefokus op wat met die term "soeker sensitiewe eredienste" bedoel word. Hoe het die begrip deur die geskiedenis ontwikkel en hoe word dit in verskillende denominasies verstaan? Die Willow Creek Gemeente in Chicago, VSA, onder leiding van pastoor Bill Hybels, staan algemeen bekend as die baanbreker op die gebied van '*seeker-services*' (Long 2001:7). In die konteks van die NG Kerk in Suid-Afrika is dit nodig om hiervan kennis te neem, aangesien die bevindings in Kerkspieël 2005 daarop wys dat erediensbywoning in die NG Kerk steeds aan die afneem is en daar toenemend afgewyk word van die tradisionele liturgiese inkleding van die liturgie. Sal `n soortgelyke benadering as dié van Willow Creek, in Suid-Afrika en spesifiek in die NG Kerk suksesvol wees om mense wat nie meer belangstel in lidmaatskap van `n kerk of die bywoning van eredienste nie, weer terug te bring? Bevat die "tradisionele gereformeerde liturgie" inherente eienskappe wat `n ontmoeting tussen God en mens in die erediens waarborg?

In hoofstuk ses word aangetoon wat die belang van `n Bybels-gefundeerde liturgie in die fasilitering van `n ontmoeting tussen God en die soeker in die erediens is. `n Voorbeeld van so `n liturgie en preek word voorsien en terreine vir verdere navorsing op die gebied word vermeld.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## Summary

Chapter one describes the struggle of the Dutch Reformed Church to curb a decline in church attendance and to find the best approach towards shaping the worship service in order to attract churchmembers as well as the "unchurched." In the worship service people come together because God has invited them, but how should such a meeting be structured so that people would experience it as a meeting with God? How important is a liturgical order in such meetings and what is the role of reformed liturgy in order to facilitate a meeting between God and man in the worship service? What should be kept and what should be discarded in the process of liturgical reformation?

Chapter two seeks to clarify whether reformed liturgy is in fact essentialy communicative and if those attending a worship service can experience God in the liturgy by listening to all that is happening during the service. The reformed liturgy is thus researched from a hermeneutical-communicative acting theory perspective in order to determine whether God is indeed at work through reformed liturgy during worship. The basis of practical theology is a hermeneutical-communicative praxis (Van der Ven 1990:47). This means that homiletics can be understood from a hermeneutic-communicative perspective (Vos 1996:11-12). Hermeneutics is a reflection on the process of the coming of God in Scripture to man in his situation, in which three processes can be determined: *understanding it* (comprehension), *to make it understandable* (explaining) *and to come to the conclusion* (make it your own). The hermeneutical component of practical theology (Van der Ven 1990:54-55) is applied to homiletics. Hermenetics is all about understanding Scripture, to make it understandable within the own culture and the process of understanding of the person for whom the grace is intended

(Vos 1996:12). That must be the starting point when the Gospel is presented to unchurched people so that they can be brought into a relationship with God and salvation through Jesus Christ in a worship service.

In chapter three the origin of the current reformed liturgy is presented in order to show how strongly the liturgy functioned in the early church and how it developed to become what we recognise today in the reformed tradition. This includes reflection on the meaning of the term "liturgy" and its development in the congregation of Gods people. It includes the order of liturgical actions in the service, but it is more than just that. Liturgy is the service unto God which takes on a new form in a specific worship service (Barnard 1981:52; Van der Ven 1990:48; Vos 1996c:150-151).

In chapter four the aspect of conversational identity of the liturgical actions, including the sermon, is researched. The language of liturgy is researched on the basis of a choice for the dialogical communicative theory. It is indeed because of the communicative identity of the liturgical elements that each and every one of them is important, should be applied with great circumspection and should not be left out during the worship service without good reason.

In chapter five it is determined what is meant by the term "seeker services". How did the term developed through the ages and how is it understood in different denominations? Willow Creek Community Church in Chicago, USA, under the leadership of Pastor Bill Hybels, is viewed as the pioneer on the aspect of "seeker services" (Long 2001:7).
In the context of the Dutch Reformed Church in South Africa, it is vital to take note of the "seeker services", as it has become apparant that the number of people attending church is

declining and that congregations are more and more deviating from the traditional reformed liturgy. Will the Dutch Reformed Church in South Africa benefit by following Willow Creeks's approach to bring back people that have lost interest in membership of a church as well as attending worship services? Does reformed liturgy contain interinsic caracteristics that guarantees a devine meeting between God and those who attend worship services?

In chapter six the significance of a Scripture-based liturgy in facilitating an experience of a devine meeting between God and "seekers" is determined. An example of such a liturgy is provided and subjects for further research are suggested.

**Sleutelterme wat in die verhandeling na vore kom:**

Erediens; Liturgie; Liturgiese elemente; Hermeneuties-kommunikatiewe handelinge; Rituele en simbole; Dialogiese kommunikasie; Vernuwing in die erediens; Gereformeerde spiritualiteit; Soekers; Soeker sensitiewe eredienste.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# INHOUDSOPGAWE


**Voorwoord** ii

**Samevatting** iii

**Summary** vi

**Sleutelterme** viii

**HOOFSTUK 1 : INLEIDING** 1

**1. Agtergrond** 1

**2. Probleemstelling** 3

**3. Die doel van die verhandeling** 7

**4. Metode van ondersoek** 8

**5. Sentrale argument** 8

**HOOFSTUK 2 : LITURGIE VANUIT `N HERMENEUTIES-KOMMUNIKATIEWE HANDELINGSTEORETIESE PERSPEKTIEF** 9

**1. Die belang van die hermeneutiek vir die sinvolle funksionering van die liturgie in die erediens** 9

**2. Die funksie van gesprek in die verstaansproses by die erediensganger** 13

**3. Die hermeneuties-kommunikatiewe funksie van religieuse rituele en simbole** 16

**3.1. Rituele en simbole speel al meer `n belangrike rol in die samelewing** 16

| | | |
|---|---|---|
| **3.2.** | **Die onderskeid tussen rituele en simbole** | **18** |
| **3.2.1.** | **Teken** | **19** |
| **3.2.2.** | **Simbool** | **19** |
| **3.2.3.** | **Daad en tekenhandeling** | **21** |
| **3.2.4.** | **Simboolhandeling** | **21** |
| **3.2.5.** | **Term en simbooltaal** | **21** |
| **3.3.** | **Ritueel** | **22** |
| **3.3.1.** | **Rituele in konteks** | **24** |
| **3.3.2.** | **Rituele is oudio-visueel** | **24** |
| **3.3.3.** | **Rituele stel ons in staat om simbole sinvol te hanteer** | **24** |
| **3.3.4.** | **Rituele wil bewaar** | **25** |
| **3.3.5.** | **Rituele wil hervorm** | **25** |
| **3.4.** | **`n Opsomming van Gerhard van Lukken se tien dimensies van rituele** | **25** |
| **3.5.** | **Die toetsing van rituele deur middel van sanering (dissektering)** | **26** |
| **3.6.** | **Die liturgie as ruimte en kanaal vir hermeneuties-kommunikatiewe handelinge in die erediens** | **27** |
| **4.** | **Samevatting** | **28** |

**HOOFSTUK 3 : DIE HERKOMS VAN DIE HUIDIGE REFORMATORIESE LITURGIE** **29**

| | | |
|---|---|---|
| **1.** | **Die liturgiese elemente van die erediens in die NG Kerk** | **30** |
| **2.** | **Die betekenis van liturgie vir die kerk** | **32** |
| **3.** | **Die herkoms van die liturgie en afsonderlike elemente daarvan** | **34** |

| | | |
|---|---|---|
| **3.1.** | **Liturgie: 'n Definisie** | **34** |
| **3.2.** | **Die geskiedenis van die liturgie** | **36** |
| **3.2.1.** | **Die Ou-Testamentiese Tempeldiens** | **36** |
| **3.2.2.** | **Die Sinagogediens** | **37** |
| **3.3.** | **Die Vroeë Kerk** | **38** |
| **3.4.** | **Die Noord-Afrikaanse kerk** | **39** |
| **3.5.** | **Die Westerse kerk** | **42** |
| **3.6.** | **Westerse liturgie in die Middeleeue** | **43** |
| **3.7.** | **Samekomste in die Nuwe Testament** | **45** |
| **3.8.** | **Na die Nuwe Testament** | **46** |
| **3.9.** | **Die Reformasie** | **47** |
| **3.10.** | **Liturgiese bewegings sedert 1900 n.C.** | **52** |
| **3.11.** | **Die ontwikkeling van die liturgie in die erediens en die betekenis van die verskillende elemente van die liturgie** | **54** |
| **3.12.** | **Skrif alleen, geloof alleen en genade alleen in die liturgie** | **65** |
| **3.13.** | **Gereformeerde spiritualiteit** | **67** |
| **3.14.** | **Liturgiese ontwikkeling in die twintigste eeu: Die Liturgiese Beweging en daarna** | **72** |
| **4.** | **Samevatting** | **72** |

**HOOFSTUK 4 : DIE TAAL VAN DIE LITURGIE** **74**

| | | |
|---|---|---|
| **1.** | **Die tuiskoms van die preek by erediensgangers** | **74** |
| **2.** | **Die wyse waarop die gemeente ingerig word met die oog op die** | |

| | | |
|---|---|---|
| | **tuiskoms van die boodskap van die liturgie: Perspektiewe van TG Long, Wepener en van der Merwe en HJC Pieterse** | **75** |
| **2.1.** | **Thomas G Long** | **75** |
| **2.2.** | **Wepener en van der Merwe** | **76** |
| **2.3.** | **HJC Pieterse** | **81** |
| **3.** | **Die gespreksmatigheid van die liturgie: `n keuse vir die Dialogiese Kommunikasieteorie** | **86** |
| **4.** | **Die belang van luister in die erediens** | **90** |
| **5.** | **Die oudiovisuele taal van die liturgie: kognitief, emosioneel en spiritueel** | **90** |
| **6.** | **Vernuwing in die erediens** | **92** |
| **6.1.** | **Sang en musiek as “agent” van vernuwing** | **92** |
| **6.2.** | **Vernuwing van kerkmusiek binne die konteks van die NG Kerk** | **95** |
| **6.2.1.** | **VONKK** | **95** |
| **6.2.1.1.** | **Agtergrond** | **95** |
| **6.2.1.2.** | **Werksaamhede en projekte** | **96** |
| **6.2.2.** | **FLAM** | **105** |
| **6.2.2.1.** | **Agtergrond** | **105** |
| **6.2.2.2.** | **’n Kort geskiedenis** | **105** |
| **6.3.** | **Keuring van liedere vir die erediens** | **107** |
| **6.4.** | **Verdeeldheid rondom sang en musiek in die erediens** | **107** |
| **6.4.1.** | **Die musikale aard van die liedere** | **107** |
| **6.4.2.** | **Die inhoud van die liedere** | **108** |
| **6.4.3.** | **Die spiritualiteit wat gedra word deur die liedere** | **108** |

| | | |
|---|---|---|
| **6.4.4.** | **Instrumente wat gebruik word om liedere te begelei** | **109** |
| **6.4.5.** | **Liggaamsbewegings tydens sing van liedere** | **109** |
| **6.4.6.** | **Die funksie van die lied in liturgie** | **110** |
| **6.5.** | **Waarom is vernuwing noodsaaklik?** | **110** |
| **6.6.** | **Onskriftuurlike gronde vir vernuwingspogings** | **112** |
| **6.6.1.** | **Verbruikersvriendelike eredienste** | **112** |
| **6.6.2.** | **Om mense te "beweeg"** | **112** |
| **6.6.3.** | **Vernuwing as "regstellende aksie"** | **112** |
| **6.6.4.** | **Vernuwing as verandering** | **113** |
| **6.7.** | **Vernuwing binne gereformeerde spiritualiteit** | **114** |
| **6.8.** | **Speelsheid in aanbidding** | **123** |
| **7.** | **Samevatting** | **125** |

**HOOFSTUK 5 : `N BESKRYWING VAN DIE '*SEEKER SERVICE*' EN KRITIESE BEOORDELING DAARVAN** **126**

| | | |
|---|---|---|
| **1.** | **Historiese agtergrond** | **126** |
| **2.** | **Navorsing oor die "*Seeker service movement*'** | **127** |
| **2.1.** | **Robb Redman** | **127** |
| **2.2.** | **Sally Morgenthaler** | **132** |
| **3.** | **Die "*Seeker service*' van Willow Creek** | **134** |
| **4.** | **Die wortels van die '*Seeker service Movement*'** | **137** |
| **4.1.** | **Kamp-byeenkomste en herlewingsaanbidding** | **137** |
| **4.2.** | **Die "New School"** | **141** |

| | | |
|---|---|---|
| **4.3.** | **Robert Schuller** | **143** |
| **4.4.** | **Die "Church Growth movement"** | **144** |
| **4.5.** | **Die "Seeker Service"** | **147** |
| **4.6.** | **\`n Kritiese Beoordeling van '*Seeker Service*"** | **147** |
| **4.6.1.** | **Evaluasie deur Bob Burney en response deur internetgespreksgenote** | **148** |
| **4.6.1.1.** | **Krities-veroordelende response** | **151** |
| **4.6.1.1.1.** | **Evaluasie van die kritiek** | **154** |
| **4.6.1.1.2.** | **Word Jesus bemark?** | **155** |
| **4.6.1.1.3.** | **Optrede of deelname?** | **156** |
| **4.6.1.2.** | **Krities-waarderende response** | **157** |
| **5.** | **Samevatting** | **162** |

**HOOFSTUK 6 : DIE BELANG VAN SKRIF-GEFUNDEERDE LITURGIEË VIR SOEKER - SENSITIEWE EREDIENSTE IN DIE NG KERK EN RIGLYNE VIR SO 'N EREDIENS** **163**

| | | |
|---|---|---|
| **1.** | **Skrif-gefundeerde liturgie binne die konteks van die erediens as ruimte vir die ontmoeting met God** | **163** |
| **2.** | **Die swaai van die pendulum op die pad van Skrif-gefundeerde liturgieë** | **165** |
| **2.1.** | **Die Hippolitus–invloed** | **165** |
| **2.2.** | **Die Willow Creek–invloed** | **166** |
| **3.** | **Die herkoms van "soekers" in Suid-Afrikaanse konteks** | **171** |
| **4.** | **Die belang van soeker-sensitiewe eredienste** | **174** |

| | | |
|---|---|---|
| **4.1.** | **`n Omvattende gemeente-verbintenis** | **174** |
| **4.2.** | **Beplanning van soeker-sensitiewe eredienste** | **175** |
| **5.** | **Liturgie vir soeker-sensitiewe eredienste: 'n voorstel** | **179** |
| **6.** | **SLOTOPMERKINGS** | **187** |
| **7.** | **VOORSTELLE VIR VERDERE NAVORSING** | **192** |

| | |
|---|---|
| **BIBLIOGRAFIE** | **193** |

# HOOFSTUK 1

# INLEIDING

## 1. Agtergrond

Die liturgie is soos die doek waarop die liturg weer en weer bo-oor die oorspronklike kunswerk kan en moet verf om die verskillende aspekte van die ontmoeting tussen God en mens in te kleur. Met elke erediens het die liturg die geleentheid om die verskillende elemente van die liturgie te benut om soos hale met ’n verfkwas op ’n doek vorm te gee aan die ontmoeting met God waarna elke erediensganger hunker. Elke haal wat ’n skilder met die verfkwas uitvoer is belangrik – vanaf die voorbereiding van die doek tot en met die laaste haal van die kwas, wat die gewensde resultaat afrond. Met elke haal van die liturgiese kwas moet die liturg twee dinge in gedagte hê: Om God te verheerlik en om elke deel van die liturgie te benut om die ontmoeting tussen God en die erediensgangers te fasiliteer. “The homiletician must be liturgically sensitive. This means that he/she must have knowledge of, and insight into, the liturgical tradition, the power of the liturgy and how it functions. The homiletician also have a liturgical responsibility. To fulfil this responsibility, he/she and those attending the divine service must learn to discover and ecperience the meaning of each liturgical action” (Vos 2005:297).

In die erediens kom die gelowige om God te ontmoet in die geselskap van ander gelowiges en, soms, ook ongeredde, soekende mense. Dit is nie God wat opdaag en teenwoordig is by `n byeenkoms wat deur mense gereël is nie, maar andersom: dit is mense wat opdaag by `n byeenkoms waarnatoe God ons uitnooi, waarheen Hy mense roep. Hy is aan die woord –ons

kan net antwoord. Hy is reeds daar wanneer ons opdaag – Sy teenwoordigheid word nie deur ons handelinge bewerkstellig nie (Wepener en van der Merwe 2009: 148-149). “Hier-nu, zegt de reformatoriese traditie, hier-nu spreekt het woord van God tot jou. Dat woord van God is in de woorden van Jezus, ...” (Barnard et al 2004:127). Volgens Müller (1988:3-4) stel Paulus in Efesiërs 5:18-20 (NAV 1983) na alle waarskynlikheid die wêreldse feeste en die weeklikse fees van die Christene teenoor mekaar met die woorde: “Moet julle nie aan drank te buite gaan nie; daarmee gaan losbandigheid gepaard. Nee, laat die Gees julle vervul, en sing onder mekaar psalms, lofgesange en ander geestelike liedere; sing met julle hele hart tot eer van die Here. Dank God die Vader altyd oor alles in die Naam van ons Here Jesus Christus.”

Die erediens op `n Sondag in die Nederduitse Gereformeerde Kerk het vir baie jare `n vaste liturgiese orde gevolg wat slegs by groot uitsondering geringe veranderinge vertoon het. Hierdie vaste liturgiese orde was vir sommige mense soos `n kompas in hulle aanbidding tydens die erediens, terwyl dit vir ander `n voorspelbaarheid beteken het wat selfs tot verveling kon lei, asof ons deur die liturgie werk byna soos wat ’n mens deur ’n agenda van `n sekulêre vergadering sou werk: ons kondig die volgende element aan soos wat ons ’n volgende saak by ’n vergadering aan die orde sou stel (Vos en Pieterse 1997:113). In die snel-veranderende sosio-ekonomiese en politieke konteks van Suid-Afrika die afgelope twee dekades, bied `n vaste liturgiese orde “in die gereformeerde tradisie” vir sommige erediensgangers sekuriteit waaraan hulle nie wil verander nie (Wepener en van der Merwe 2009:89), terwyl ander mense dieselfde mate van verandering en afwisseling in die erediens verwag as wat tydens byeenkomste in die samelewing ondervind word.

## 2. Probleemstelling

Gemeenteleiers streef daarna dat lidmate graag die eredienste bywoon. Dis vir erediensgangers en die leiers inspirerend as die kerkgebou "vol sit". Tog is dit in talle gemeentes `n bron van groot kommer dat baie sitplekke leeg is. As dit vir `n gemeente `n stryd is om mense wat reeds lidmate is te oorreed om eredienste by te woon, wat word gedoen om mense wat totaal kerkloos is in die erediens te kry? En hoe moet gemeentes te werk gaan om hulle te behou wanneer hulle wel na eredienste toe kom as "soekers" – hetsy uit nuuskierigheid, belangstelling of nood? Sommige gemeentes in die NG Kerkfamilie ervaar groei in erediensbywoning, by sommige is erediensbywoning wisselvallig, terwyl ander weer 'n daling ervaar. Vir baie mense is `n groot byeenkoms saam met ander gelowiges in die erediens nie meer 'n trekpleister nie. Sommige wend hulle na kleingroepe, terwyl sommige geen plaasvervanger soek nie. Long (2001:1) skryf dat Christelike aanbidding in Amerika tydens die draai van die 21ste eeu `n rusteloosheid openbaar. Veranderings in die styl waarin eredienste plaasvind is vir talle kerke `n herdefiniering van wat dit beteken om kerk te wees in verhouding met die kulturele omgewing. Die hoofstroomkerke wat gedurende die middel van die 20ste eeu stampvol was, het teen 1960 drupsgewys begin lidmate verloor. "At first only a trickle of folk left the church, but the trickle became a stream, the stream became a river, the river a flood, and by the turn of the 21$^{st}$ century, millions of people had vanished from the pews of the established churches. Most of these people did not go away mad; they just went away, for reasons that are still somewhat mysterious and hotly debated. Some migrated to independent churches, but most of them simply dropped out of the church altogether" (Long 2001:6). Die vraag is: Kon die betrokke kerke iets gedoen het om dit te verhoed?

Schoeman en Bisschoff (2005) toon aan dat erediensbywoning ook in Suid-Afrika `n dalende tendens toon. In kleiner gemeentes word eredienste deur minder as 30% van die totale aantal lidmate bygewoon. Selfs gemeentes met meer as 10 000 lidmate se erediensbywoning is minder as 50% . Wat kan gemeentes doen om die situasie om te keer sodat lidmate weer gehoor sal gee aan die oproep in Hebreërs 10:25 (NAV 1983) : "Ons moenie van die samekomste van die gemeente af wegbly soos party se gewoonte is nie, maar mekaar eerder aanmoedig om daarheen te gaan, en dit des te meer namate julle die oordeelsdag sien nader kom"? In 'n tydsgees waar ontvlugting van stres en frustrasie bo aan die meeste mense se prioriteitslys is, poog baie kerke om liturgiese vernuwing te bewerkstellig deur van hulpmiddels en tegnieke gebruik te maak wat in die sekulêre wêreld gebruik word om mense ontvlugting te bied. Müller (1988:4-5) toon tereg aan dat ook `n kerklike fees inspirasie nodig het om op dreef te kom. Hierdie inspirasie moet egter van die Heilige Gees afkomstig wees. Om jou aan drank te buite te gaan is ten diepste `n ontvlugtingsaksie, en indien die kerk inspirasie soek in wêreldse tegnieke om in die fees van die erediens op dreef te kry, verskil dit waarskynlik nie veel van `n wêreldse fees nie. Ongelukkig veroorsaak hierdie neiging dat die liturgie en die belangrike rol van God se Woord daarin, totaal verskraal word. Ten spyte van ernstige en goed bedoelde pogings, slaag gemeentes selde daarin om mense weer na eredienste te trek deur liturgiese vernuwing wat geskoei is op `n sekulêre lees. In tye van snelle verandering op alle ander terreine, soek sommige lidmate juis vastigheid in hulle gemeente, veral in Sondag se erediens. Dit bring mee dat die liturg met feitlik elke erediens tussen twee vure sit en gevaar loop om, tydens die voorbereiding van die liturgie, hom deur die behoeftes van die erediensgangers te laat lei eerder as deur die Heilige Gees en die teks.

Die probleem bestaan nie noodwendig daarin dat die moderne mens nie meer ’n behoefte het aan gemeenskap met God nie. Die erediens, en by name die liturgie, moet egter die ontmoeting van die erediensganger met God fasiliteer. Indien’n vaste liturgie verbeeldingloos en slaafs gevolg word sodat die verskillende aspekte nie doelmatig benut word nie, kan die erediensganger dit inderdaad as beperkend in sy ontmoeting met God beleef. Aan die ander kant kan dit ook gebeur dat , in ’n poging om sommige mense se behoefte aan vermaak te stimuleer, die liturgie afgewater word en uitmekaar getorring word sodat slegs sekere aspekte van die liturgie aandag ontvang. In die soeke na vernuwing en populariteit kan die bestaansreg van ’n liturgie selfs bevraagteken word sodat eredienste los van enige orde verloop en daar in die liturgie van sommige NG Gemeentes bittermin reformatoriese tradisie te bespeur is.

Daarbenewens kom gemeentes al meer te staan voor die vraagstuk hoe om kerklos-en kerklose mense (“soekers”) te hanteer wanneer sodanige mense reageer op uitnodigings om eredienste by te woon. Die inrigting van die liturgie en Skrifgebruik in die liturgie kan of die deurslag gee of `n remskoen wees om die soeker se belangstelling te behou en verder aan te wakker. Dit is nie in die mate waarin die liturgie en die gebeure in die erediens ooreenstem en gunstig vergelyk met dit wat erediensgangers in opvoerings en vertonings buite die kerk ervaar, wat hulle belangstelling gaan behou en hulle standhoudend gaan laat deelneem nie, maar die mate waarin dit hulle ontmoeting met God fasiliteer en hulle religieuse behoeftes en menslike nood aanspreek. Long (2001:6) skryf : “As a response to this crisis, a few visionary church leaders began to theorize that people were leaving churches not because they were tired of spirituality, but because they were tired of the typical churchy kind of spirituality, tired of the boring, remote, and highly institutionalized forms in which the established churches always seemed to package the search for God.” Hulle het gewonder watter indruk die erediens sou skep by

"soekers" wat toevallig in `n erediens beland – uit nuuskierigheid of omdat vriende hulle saamgenooi het – mense wat geen lojaliteit teenoor enige kerk of kerklike tradisie het nie en wat nie eens daarop aanspraak maak om gelowig te wees nie. Kerke in Suid-Afrika behoort toenemend hierdie vraag te vra. Lojaliteit aan `n gemeente of selfs aan `n denominasie kwyn drasties en is byna iets van die verlede, veral onder jongmense. Kinders behoort nie meer noodwendig aan dieselfde denominasie as hulle ouers nie. Wat ervaar mense wanneer hulle `n erediens in die NG Kerk bywoon – hoe word hulle ontmoeting met God spesifiek deur die liturgie beïnvloed en gefasiliteer?

In die VSA het die '*seeker-services'* van Willow Creek `n groot invloed gehad op die ander kerke se siening van die liturgie en het lidmate dieselfde ervarings in hulle eie kerke begin soek (Long 2001:1-2). Ook in Suid-Afrika word gelowiges, insluitende die Afrikaanssprekende lidmate van die NG Kerk, byvoorbeeld deur middel van die internet en sateliet-televisie blootgestel aan die aanbiddingstyle van ander kulture oral in Suid-Afrika en in ander wêrelddele, wat by sommige die behoefte skep om dit eerstehands te ervaar. Dit lei tot die verwagting dat die kerk sogenaamd moet tred hou met veranderinge wat elders in die wêreld plaasvind.

Wat is die oorsprong en betekenis van die reformatoriese liturgie? Is daar aan die een kant sekere liturgiese elemente waarsonder `n byeenkoms van gelowiges nie `n erediens genoem kan word nie, en is daar aan die ander kant sekere liturgiese elemente wat oorbodig en betekenisloos geraak het? Het die reformatoriese liturgie steeds `n rol om die ontmoeting tussen God en erediensgangers te fasiliteer, veral in eredienste wat spesifiek op "soekers" gerig is? Wat is onverhandelbaar aan die reformatoriese erediens en aanbidding, so

karakteristiek gereformeerd, so wesenlik, so eiendomlik en sentraal, dat as dit verwaarloos sou word of sou verdwyn, die erediens se gereformeerde karakter ook daarmee verlore sou wees (Wepener en van der Merwe, 2009:87-106)? Hoe moet liturgiese elemente aangewend word in `n erediens sodat “soekers”, wat `n erediens by geleentheid bywoon, `n ontmoeting met God sal ervaar en die gemeente as `n geestelike tuiste aanvaar?

## 3. Die doel van die verhandeling

Die probleem van wisselvalligheid of 'n dalende tendens in erediensbywoning mag nooit sonder meer aanvaar word as deel van die gebroke werklikheid waarin ons ons bevind nie. Die kerk moet steeds reformeer, en dit beteken dat daar altyd na nuwe weë gesoek moet word om die groot opdrag in Matteus 28:19 en 20 (NAV 1983) uit te voer: “Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels ... en leer hulle om alles te onderhou wat ek julle beveel het.” Die vraag is of die reformatoriese liturgie, soos dit reeds vir baie jare in eredienste van die NG Kerk gebruik word, nog bruikbaar is om 'n ontmoeting tussen God en “soekers” te fasiliteer?

Die eerste mense aan wie die evangelie verkondig is, was inderdaad ook maar “soekers” – mense wat soekend gedwaal het soos skape sonder `n herder (NAV 1983: Matteus 9:36). Wat was die inhoud van die eerste liturgie en eeue later - in die tyd van die donker middeleeue en die tyd van die Reformasie, wat vir verwarde, soekende mense vaste en doelgerigte leiding gebied het? Die vraag waarop hierdie verhandeling fokus is: Wat is die belang van `n reformatoriese, Bybels-gefundeerde liturgie in `n erediens in die NG Kerk om “soekers” te lei tot dissipels van Jesus, wat graag onderhou wat Hy beveel het?

Die doel van hierdie verhandeling is om aan te toon dat die orde, inhoud en taal van die reformatoriese liturgie van wesenlike belang in soeker-sensitiewe eredienste is, ten einde die "soekers" te lei tot dissipels van Jesus wat graag doen wat Hy beveel het. Die oordeelkundige gebruik van God se Woord in die liturgie lewer 'n onmisbare bydrae om erediensgangers te laat ervaar dat hulle inderdaad vir God gedurende die totale erediens ontmoet en nie slegs in die preekgebeure nie.

## 4. Metode van ondersoek

Die probleem en die oplossing van dié probleem word deur middel van `n literatuurstudie ondersoek.

## 5. Sentrale argument

In hierdie verhandeling word die sentrale argument gehandhaaf dat die reformatoriese liturgie en die verskillende elemente daarvan, steeds relevant is om `n ontmoeting tussen God en sy gemeente te fasiliteer, en onontbeerlik is ook in eredienste wat gerig is op "soekers".

# HOOFSTUK 2

## LITURGIE VANUIT `N HERMENEUTIES-KOMMUNIKATIEWE HANDELINGSTEORETIESE PERSPEKTIEF

Die wyse waarop sommige erediensgangers oor die preekgebeure in die erediens praat, toon nie alleen dat die preek vir hulle die sentrale en belangrikste gebeurtenis in die erediens is nie, maar ook dat hulle verwag om slegs deur middel van en gedurende die preek `n ontmoeting met God te hê. Hoewel dit aan die een kant verstaanbaar is dat die blote gebruik van `n liturgiese orde in die erediens nie `n ontmoeting met God waarborg nie, is dit die navorser se oortuiging dat die liturgie behoort te funksioneer as `n raamwerk waarbinne die verhaal van elke erediens as ontmoeting tussen God en mens kan afspeel. God is immers in die erediens teenwoordig omdat Hy ons daarheen uitnooi en roep, nie omdat ons saamkom en Hom uitnooi en die omstandighede gunstig moet maak sodat Hy teenwoordig kan wees nie.

Wat gee die deurslag sodat die hoorder deur die liturgie as geheel tot `n ontmoeting met God gelei word, en nie slegs deur die lees en preek van die Woord nie? Die antwoord kom na vore uit `n ondersoek na die liturgie as `n hermeneuties-kommunikatiewe handelingsteorie.

### 1. Die belang van die hermeneutiek vir die sinvolle funksionering van die liturgie in die erediens

Hermeneutiek het te doen met die teks in al sy verbande, die prediker as vertolker van die teks asook die hoorder en sy konteks (Vos 1996:6). Ricoeur (1984:43) se definisie van hermeneutiek plaas die fokus op die verhouding tussen die verstaansproses en die interpretasie

van die teks: "Hermeneutics is the theory of the operations of understanding in their relation to the understanding of texts." Die liturg moet in ag neem dat die erediensganger homself in die erediens bevind vanuit `n konteks van persoonlike probleme, vraagstukke en verwagtings wat nie slegs deur die preekgebeure aangespreek kan word nie. Die totale liturgie is `n kommunikatiewe handelingsgebeure wat die geleentheid bied om deurlopend die genade en heil van God met die erediensganger te kommunikeer. "The liturgy is more than the sermon – it also has a communicative function and impact. All the liturgical acts have a significant religious function, while there is an art to celebrating salvation truthfully" (Vos 2005:297). Die Woord van God moet hoorbaar en verstaanbaar gemaak word. As hermeneutiese term dui verstaan op die ervaring en toe-eiening van sin. Sin is die manier waarop gegewens hulle belang, hulle waarde of relevansie toon vir die mens in sy konkrete situasie. Sin word aan die menslike lewe toegeken wanneer die Woord van God nie net die vraag na die regte glo nie, maar ook na die regte lewe in die wêreld voor God en die naaste beantwoord. Dit is in die Christelike teologie `n geloofsapriori dat God aanwesig is in sy Woord, in Jesus Christus, in sy Gees, in die sakramente, in die handel en wandel van sy getuies in die verlede en in die hede (Vos 1996: 9). Deurdat die Woord van God ook gedurende en deur middel van elke element van die liturgie gehoor word, kan die erediensganger in sy konteks aangespreek word en sin vind in sy konteks.

Die basis van die praktiese teologie is `n hermeneuties-kommunikatiewe praxis (Van der Ven 1990:47). Dit beteken dat die homiletiek ook vanuit hermeneuties-kommunikatiewe perspektief verstaan kan word (Vos 1996:11-12). Hermeneutiek is die refleksie op die proses van die koms van God in sy Woord na die mens in sy situasie, waarin drie momente onderskei kan word: *die verstaan* (begrip), *die verstaanbaar maak* (verklaar) en *die tot verstaan* kom

(toe-eien). Die hermeneutiese komponent van die praktiese teologie (Van der Ven 1990:54-55) word hier vir die homiletiek diensbaar gemaak. Hermeneutiek handel oor die verstaan van die Woord, die verstaanbaar maak daarvan binne die eie kultuur en die tot verstaan kom van die mens vir wie die heil bedoel is (Vos 1996:12). In die vertaling van die boodskap uit die tyd van die Skrifgeworde teks na die hede deur middel van die verstaan, is die vraag na die kontinuum beslissend. In die moderne hermeneutiek is hierdie kontinuum basies gesoek in die rigting van die selfverstaan van die mens. Die groot problematiek van die verkondiging is dus die vraag van die verstaan. In hierdie proses van die regte verstaan van die Skrifboodskap wil die hermeneutiek as teorie van verstaan verstaanshulp wees (Pieterse 1979: 21).

Op die eerste vlak (die verstaan) word daar deur die hermeneutiek erns gemaak met die ontsyfering van die historiese betekenis van die tekste in hulle konteks. Die Bybelse teks kom uit `n bepaalde omgewing en het bepaalde lesers/hoorders in gedagte. Dit wil `n boodskap aan konkrete mense in `n bepaalde tyd kommunikeer. Op die eerste vlak beteken die hermeneutiese proses  nog nie dat die teks met mense hier en nou kommunikeer nie. Daarvoor skep tyd- en kultuurafstand tussen die hier en die nou en die verlede `n te groot hermeneutiese spanning. Die oorbrugging van die tydsafstand en spanning word bewerk deur die hermeneutiese proses op die tweede vlak. Hiermee word die teks verstaanbaar gemaak binne die eie kultuur (Vos 1996:12). Wanneer dié proses voltrek is, kan daar na die derde hermeneutiese vlak  beweeg word. Dit is die gebeure waar vrae deur die mens, vir wie die heil bedoel is, ten opsigte van die betekenis van die teks in die verlede, maar ook en veral na die betekenis daarvan vir die hede gevra word. Op hierdie wyse word die eie bestaan in die spieël van die Skrif voltrek. Die hermeneutiek betrek teks en eksistensie op mekaar. Die ontdekking van die sin van die teks vir die persoonlike en gemeenskapslewe hier en nou kom nie deur die

aanwending van `n reeds bestaande betekenis tot stand nie. Dit gaan om die versmelting van die twee horisonne: enersyds die religieuse teks as normatiewe komponent en andersyds die huidige situasie waarin die geloofsverstaan van mense in die hede sy neerslag in verbale en nie-verbale gestaltes vind. Hierdie versmelting moet in die preek plaasvind. As dit gebeur, ontdek die hoorder `n boodskap wat sin aan sy bestaan in sy situasie gee. Dit is belangrik om daarop te let dat daar nie so iets as "die" huidige situasie bestaan nie, maar eerder `n veelvoud van situasies wat deur demogafiese, ekonomiese, politieke, kulturele en psigiese faktore gevorm word (Vos 1996:12-13).

Die moderne hermeneutiese filosofie lei tot die besef dat kommunikasie nie net verbaal tussen gespreksgenote plaasvind nie, maar dat enige vorm van menslike uitdrukking kommunikeer, en dit moet deur die ontvanger vertolk word. Daar kan dus `n dialoog ontstaan tussen `n ontvanger en `n skildery, `n geskrif, musiek – en die lewe self. Die vertolking van boodskappe is `n intersubjektiewe gebeure tussen mededeler en ontvanger, en die begrip wat gesoek word, gaan nie net om betekenis nie, maar om die bestaan self. Die aktiewe rol van die ontvanger in die vertolking van boodskappe is van groot belang in die hermeneutiek. Taal, in die breedste sin, is die artikulering van die bestaan. Ons druk ons bestaan uit in kommunikasie en ons vind outentieke, sinvolle bestaan deur kommunikasie (Vos 1996:13-16).

Wanneer ons `n teks (geskrif, skildery, ens) interpreteer, kom die interpretasie voort uit `n dialoog tussen verlede en hede. Sodanige dialoog is `n konfrontasie waarin die interpreteerder in `n aktiewe interaksie met die teks verkeer. Die aktiewe ontvanger moet daartoe bereid wees om sigself oop te stel vir die teks, vrae aan die teks te stel en verwag om deur die teks bevraagteken, gekritiseer, ontken of gewysig te kan word. Wanneer sodanige kommunikasie

met die teks op gang kom, vind daar `n verstaansgebeure plaas, wat `n nuwe skepping is. Die boodskap van die teks bring die ontvanger tot `n nuwe verstaan, tot begrip en tot `n sinservaring.

Hierdie verstaansgebeure word moontlik gemaak deurdat daar `n versmelting van horisonne plaasvind. Die verstaanshorison van die ontvanger (uitgangspunte, siening van allerlei sake, sosiale omstandighede, ensovoorts) en dié van die teks versmelt, sodat daar `n intersubjektiewe verhouding ontstaan waarin twee leefwêrelde ontmoet, wedersydse begrip en `n nuwe vertolking volg.

Uit `n dialogiese ontmoeting met `n lewenservaring volg daar begrip wat moontlik is omdat elke menslike uitdrukking `n verbale artikulering van die bestaan is. Kommunikasie het dus te doen met bestaan – dit is bestaanskommunikasie. `n Waarheid word deel van `n mens se bestaan as jy dit deur kommunikasie ontdek. Die evangelie moet eksistensieel deur jou kan gaan, geïnternaliseer word – dit moet die outentieke en sinvolle bestaan veroorsaak en stempel. Wanneer dit vanuit so `n bestaan gekommunikeer word, kan ontvangers uitgelok word om dieselfde bestaanswyse in hulle lewens te realiseer (Pieterse 1991:17-18).

## 2. Die funksie van gesprek in die verstaansproses by die erediensganger

Hans-Georg Gadamer werp verdere lig op die verstaansproses wat by die erediensganger moet plaasvind. Verstaan is die bemiddeling tussen hede en verlede in die vorm van `n "horisonsversmelting" (Gadamer 1975:286-290).

Die verkondiging van die evangelie is die verkondiging van `n geldige waarheid, en of dit slaag word nie deur die gedagtes van die prediker bepaal nie, maar deur die krag van die Woord self, wat byvoorbeeld ook deur `n swak preek tot bekering kan roep. Die wetenskaplike uitleg van teoloë moet steeds daaraan vashou dat verkondiging van die Heilige Skrif die Goddelike heilsverkondiging is. Die gesprek is `n sentrale moment in die proses van interpretasie (Gadamer 1975:313-314).

Binne die lewende gesprek het taal `n sleutelrol. Die gesprek is `n sentrale moment in die erediens. Die erediens word deur gesprek begelei. In die erediens is die prediker met die hoorder in gesprek oor die saak van die koninkryk van God. Die gesprek is gegrond op `n bepaalde ooreenstemming tussen die prediker en die hoorder. Daar bestaan tussen die gespreksgenote in `n geloofsgemeenskap sekere ooreenstemminge oor die saak en die boodskap van die evangelie. Die hoorder het oor jare `n erfenis en ervaring van die evangelie. Dit is die homiletiese toespitsing van die positiewe vooroordeel waarvan Gadamer praat. Die gesprek in die erediens is nie net maar `n bevestiging van `n bepaalde ooreenstemming nie, maar die hoorder word deur die gesprek tot nuwe insigte en ervaringe gelei. Dit vind plaas deurdat die hoorder ook as gespreksgenoot aanvaar en behandel word. Die teks bied die gespreksraam, maar dan moet die teks nie net tot sy historiese en psigologiese betekenis gereduseer word nie. Die los vesels moet in die hermeneutiese weefsel geheg word. Dit kan gebeur as daar nie so op die saakhermeneutiek van die teks gekonsentreer word dat daar `n tekort aan die verstaanshermeneutiek van die teks plaasvind nie. Die hoorder moet die saak van die evangelie met sy hele hart en verstand aanvaar en dit sy saak maak.

In die gesprek het die taal `n kommunikatiewe funksie. Hiermee word bedoel dat die evangelie in die preek deur taal aan die hoorder geskenk word. Die kommunikasie van die heil deur taal vra dat die prediker aan die hoorder redes vir die teks se taalhandelinge moet gee. Dit werk mee om die hoorder te ooreed om die heil wat die teks skenk te aanvaar. Daar moet in die homiletiek gewaak word teen die verabsolutering van taal en tradisie; anders kom daar `n blindheid vir die ideologiese momente in die oorlewering voor. En dit doen die homiletiek groot skade aan (Vos 1996:21-22).

Die handelinge in die erediens funksioneer hermeneuties-kommunikatief in die dialogiese omgang tussen God en mens. Gesprek is deur verskeie denkers uitgesonder as die wesenlike element van alle menslike kommunikasie. Dit word duidelik wanneer Habermas (1982; vgl Vos en Pieterse 1997:18-27) se aantoon van voorwaardes vir gesprek of dialoog in aanmerking geneem word. Intermenslike kommunikasie as ware dialoog geskied in vryheid en op gelyke voet; deur die deel, die meedeel en vertolking van idees en standpunte op `n heen-en-weer basis kan daar tot onderlinge begrip beweeg word; en dat alle deelnemers vry is om te onttrek en weer in te skakel in hierdie voortgaande dialoog met die oog op onderlinge begrip oor waardes en norme-formulering, die beslegting van onderlinge verskille en strydpunte, en die koers wat so `n gespreksgroep of gemeenskap moet inslaan. Firet (1980; vgl Vos en Pieterse 1997:18-27) kies die gespreksmodel as grondstuktuur van kommunikasie in diens van die evangelie, of mediale handelinge, of die bediening, wat in die kommunikatiewe handelinge van gelowiges en die geloofsgemeenskap in die praktiese teologie bestudeer word (Vos en Pieterse 1997:18-27).

In hierdie lig pas `n dialogiese kommunikasieteorie as `n verklarende en as `n rigtinggewende (regulatiewe) teorie vir die kommunikasie wat in die erediens plaasvind. Gesprek of dialoog in teologiese perspektief vind plaas binne die kaders van die verbond. Gesprek is vir Verbondsmense `n houding en `n verhouding met medebroers en susters. `n Dialogiese houding pas binne die aard van die verbond waarin daar `n sekere kwalitatiewe verhouding met God en medemens bestaan (Vos en Pieterse 1997:21). Die atmosfeer wat in die diens en die gemeente geskep word moet een van verhoudings- en persoonsgerigte bediening wees. Diegene met wie daar gekommunikeer word, word nie slegs as ontvangers gesien nie, maar as gelykwaardige vennote wat self aan die boodskap wat hulle ontvang, betekenis gee. In die erediens is daar geen plek vir outoritêre kommunikasie nie. Die kommunikasiegenoot in geloofskommunikasie (soos in die liturgie) word as `n aktiewe deelnemer gesien. Die menswaardigheid en vryheid van die kommunikasiegenote word verdedig en gewaarborg deur almal in die kommunikasiegemeenskap. Elkeen is `n gelykwaardige, bevryde en vrye aktiewe deelnemer aan hierdie gemeenskap en geloofskommunikasie in die erediens (Vos en Pieterse 1997:23).

## 3. Die hermeneuties-kommunikatiewe funksie van religieuse rituele en simbole

### 3.1. Rituele en simbole speel al meer `n belangrike rol in die samelewing.

Beelde speel `n  belangrike rol in die samelewing. `n Mens word letterlik vandat jy jou oë soggens oopmaak totdat jy saans gaan slaap gekonfronteer met hierdie “beeldegallery”. Dit kan gebeur dat beelde die werklikheid oorneem. Dit gaan die werklikheid vooraf wat dit veronderstel is om uit te beeld. Dan raak die werklikheid maar `n afskynsel van die beeld. Die advertensiewese het `n gespesialiseerde wetenskap geword wat `n mens teen wil en dank

probeer oorreed om `n produk te koop. Die ironie is dat mense afgestomp raak en dat beelde wat werklik moet saakmaak soms by mens verbygaan. Af en toe kom daar `n beeld op jou pad wat tog `n indruk maak. Advertensies op televisie maak van `n interessante tegniek gebruik wanneer die advertensie in die vorm van `n verhaal aangebied word: Aanvanklik word die hele verhaal gebruik, maar later word die advertensie verkort en slegs hoofmomente van die verhaal word gebruik. Ten spyte daarvan onthou die kyker nog die volle verhaal. Simbole, metafore en rituele kan in die liturgie gebruik word om die boodskap van God oor te dra. Godsdienstige rituele en beelde het dieselfde funksie as die alledaagse. Dit bring menslike emosies en ervaring tot uitdrukking (Vos1999:100).

Die maandelikse ritueel van `n tradisionele braaivleis, wat `n groepie Suid-Afrikaners iewers oorsee saam geniet, verplaas hulle simbolies terug na hulle geboorteland (Herman van den Berg se lied: “Pelle in exile”, *Proe die aarde*: 2003), en sodoende beleef hullle nog hulle identiteit as Suid-Afrikaners. Wepener en van der Merwe (2009:195-197) merk op dat, benewens `n oplewing in die gebruik van rituele en simbole op die kerklike terrein, die toenemende belangstelling in Kunstefeeste, soos byvoorbeeld Aardklop en die KKNK, betekenisvol is. Die mees algemene verduideliking wat daarvoor aangebied word, is dat die sogenaamde postmoderne mens `n hunkering beleef na `n meer misterieuse, die nie-rasionele en die simboliese  kant van die lewe.  Dit het ook betrekking op die toenemende belangstelling in rituele en simbole in die erediens. Mense toon die behoefte om ook in hulle godsdiensbelewing, meer as bloot net op `n  rasionele manier met God te kommunikeer. Dit kan gebeur dat mens soms met die nie-verbale sterker met en oor God kan kommunikeer as verbaal. “Ritualiteit” kan as koepelterm gebruik word vir rites en simbole. Net soos in die geval van advertensies, kan die blote aanwesigheid van `n simbool, bv `n tafel voor in die

liturgiese ruimte waarop `n brood en wynbeker staan, die erediensganger aan die nagmaal en die verhaal daarvan herinner. Die kruise en kerse het geleidelik weer hulle verskyning gemaak. Kerse het die wonderlike simboliek van die lig van die evangelie en die lewe in Christus. Die paaskers is vandag algemeen in ons gemeentes en behoort die hele jaar tydens die erediens te brand, behalwe met die Vrydagherdenking van die kruisiging van Jesus. Intussen het die doopkers wat in die Lutherse tradisie bewaar gebly het, ook by ons in gebruik gekom (Pieterse 2006:1). Gedurende aanbidding wil die mens aangespreek word deur al sy sintuie, en nie alleen deur verbale en kognitiewe insette nie. Daar is diegene wat beweer dat daar nuwe waardering moet wees vir sommige rituele en simbole wat weens liturgiese hervorming tydens die Reformasie afgewys is. Mense skuif vanaf Protestanse kerke wat té rasioneel met die liturgie omgaan, na charismatiese kerke wat meer maak van liggaamlikheid in aanbidding deur rituele en simbole in die erediens in te bring.

### 3.2. Die onderskeid tussen rituele en simbole

Wepener en van der Merwe (2009:195-203) maak gebruik van die insigte van liturgiste soos Paul Post en Gerard Lukken om vas te stel wat presies bedoel word wanneer daar van rituele en simbole gepraat word en wat die waarde daarvan in die liturgie is, ten einde `n kriterium saam te stel aan die hand waarvan rituele beoordeel kan word. Die basiselemente van rituele kan verstaan word aan die hand van die onderskeid wat gemaak word tussen die begrippe teken, simbool, simboolhandeling, simbooltaal en ritueel, en die karakteristiek van rituele onder andere aan die hand van herhaling, mite en ritueel en die dimensies van rituele.

Barnard en Schuman (2002: 15-16) wys daarop dat tekens, simbole en rituele asook metafore `n groot rol in kultuur en liturgie speel. Dit word ook aangetoon dat daar `n veelheid van

wetenskaplike teorieë is wat mekaar dikwels weerspreek, byvoorbeeld Rappaport (1999; vgl (Barnard en Schuman 2002: 15-16) wat aanvoer dat die simboliese `n dimensie van `n teken is, terwyl Lukken (1999; vgl Barnard en Schuman 2002: 15-16) simbool en teken streng onderskei. Vir Barnard en Schuman (2002) is dit belangrik om as vertrekpunt te neem dat simbolisering twee domeine saamvoeg: "Symboliseren is uitgaan naar een ander domein, het samennemen van twee verschillende domeinen: *sum-ballein*, samen-nemen. De etymologische oorsprong van het woord symbool is het Griekse *sum-balloo*: bij elkaar brengen." Binne die regligieuse konteks word die hemelse en die aardse domein bymekaargevoeg sodat dit vir die mens ewigheidswaarde het. In die liturgie neem prediking `n belangrike plek in binne die simboliese proses, want beloftes en toeseggings vanuit `n hemelse domein word `n werklikheid gemaak vir die mens in sy aardse domein.

### 3.2.1. Teken

`n Teken is ondubbelsinnig, effektief en bruikbaar. Deur middel van `n rasionele proses word die betekenis van `n teken aangeleer sodat daar `n een-tot-een-korrespondensie plaasvind tussen die teken en diegene vir wie die teken bedoel is, wat `n sekere reaksie verwag op grond van afspraak. `n Teken sal `n enkelvoudige en onmiddelike betekenis hê wat nie `n dieper betekenis het of enige verdere besinning vereis nie.`n Verkeersteken soos `n stopteken is `n goeie voorbeeld hiervan.

### 3.2.2. Simbool

In teenstelling met tekens, berus die betekenis van simbole nie op afspraak nie, maar is meersinnig. Simbole praat vir sigself en berus nie op verklaring of uitleg nie. Simbole het wortels in `n nie-linguistiese werklikheid wat metafore nie het nie. Die simbool is gewortel in

die psigiese, kosmiese en taalmatige dimensies. In taalgebruik waar sonde byvoorbeeld bely word, gebruik ons simbole soos sonde as vlek, las, afwyking, ensovoorts, wat uit bogenoemde dimensies kom. Waar sulke simbole voorkom, is dit duidelik dat dit nie ons is wat hier oor taal beskik nie, maar "die taal wat oor ons beskik." "Die simbole oefen `n greep uit op ons verstaan" (Vos 1996b:68). Dit bring verlede en toekoms saam in die hede en dit betrek die hele persoon. `n Simbool is `n teken met meer waarde en oop vir verskillende betekenisse. So is elke simbool `n teken, maar nie elke teken is `n simbool nie. Simbole het `n meervoudige betekenis en kan heenwys na `n dieper betekenis. Binne die Suider-Afrikaanse konteks konfronteer `n kennisgewingbord met `n rooi verkeerslig tesame met die woorde: "Stop AIDS" die kyker met die verlede (die oorsake van VIGS), met die toekoms (die gevolge van VIGS) en die hede (wat elke mens kan doen om die pandemie te keer). Simbole kan in `n proses van kreatiewe interpretasie die hoorders tot beter verstaan lei. Simbole het ook beperkings en kan nooit absolute kennis gee nie (Vos 1996b:68; Vos 1999:100). Die semantiese gelandenheid van simbole is so ryk dat dit nie maklik uitgeput kan word nie. Die krag van simbole bestaan onder meer in die onthulling van meervoudige betekenis waaruit verbeelding groei. Naas die onthullende funksies van simbole is daar ook `n "verhullende funksie." In die teologie, net soos in die literatuur, help simbole dat die werklikheid "ont-dek" kan word. Daar is egter altyd `n element van misterie rondom simbole. Hierdie struktuur van `n dubbele betekenis vereis `n interpretasie wat prinsipieel oop en onuitputlik is. Die simbool wek nie net denke nie, maar lei ook tot verstaan. Die rede hiervoor is dat simbole begrip daarstel; tegelykertyd voorkom dit verwarring en wanvoorstelling. Daar is geloofsimbole en in die preek is daar simbole soos brood en wyn wat `n wêreld van genade en vergifnis beteken. Die simbole verteenwoordig ook krag wat die hoorder se geloof versterk. Barnard en Schuman (2002:18) wys daarop dat simbole deelname vereis. Simbole laat die hoorder oor die

betekenis daarvan “be-sin” en “na-dink”. Dit lei hulle tot verstaan. Hierdie proses van verstaan wat in `n geloofsgemeenskap `n geloofsverstaan is, laat begrip tot stand kom (Vos 1996:69; Vos 1999:122-123).

**3.2.3. Daad en tekenhandeling**

`n Daad is nuttig en doelgerig met die oog op die verandering van die bestaande soos byvoorbeeld die aflê van `n eksamen wat ten doel het om `n kwalifikasie te behaal. Daarteenoor is `n tekenhandeling nie `n doel op sigself nie. Die tekenhandelinge van soldate in `n gevegsituasie soos byvoorbeeld `n sirkelbeweging met die hand, is `n daad wat sou kon beteken dat `n teiken omsingel moet word.

**3.2.4. Simboolhandeling**

`n Simboolhandeling is gelade met betekenis en die mens vervul self die funksie wat deur `n simbool verrig word. Die mens se liggaam en die handeling wat daarmee verrig word, word self die agent in die proses van simbolisering. Deur byvoorbeeld met `n geboë hoof op jou knieë te staan en jou handpalms teen mekaar te druk, simboliseer jy die daad van gebed met jou liggaam.

**3.2.5. Term en simbooltaal**

`n Term is ondubbelsinnig, helder, duidelik en funksioneel. Terme is by uitstek wetenskaplike taal waarmee feite so ekonomies as moontlik oorgedra word. So sal `n nuusleser byvoorbeeld sonder emosie die skade tydens `n ramp of die goeie nuus van `n oorwinning van `n sportspan bekendmaak deur die toepaslike terme te gebruik.

Simbooltaal is dubbelsinnig, dit roep hele wêrelde op, dit bedek en ontbloot dieper realiteite, dit maak nuwe horisonne oop, dit praat oor realiteite wat die menslike verstand te bowe gaan. Deur byvoorbeeld te kyk na die tipografie waarin Lied 271 in die Liedboek, wat in die vorm van `n beker gedruk is en derhalwe as `n kelkgedig bekendstaan, word meer betekenismoontlikhede oopgebreek as wanneer die woorde bloot in volgorde gelees word. Vers 2 in die lied sien tipografies as volg daaruit:

Heil’ge Jesus, hoor my bede:
Hervorm my hart, my krag, my rede;
maak my al meer u beeld gelyk.
Vorm my wil en ook my wandel,
dat in my denke, spreke, handel
in alles slegs u beeld sal blyk.
Herskep opnuut, o Heer,
my lewe tot u eer.
Heil’ge Jesus,
o heilig my,
wil U my lei
om my geheel aan U te wy.

## 3.3. Ritueel

“De verwijzende en oriënterende functie van het ritueel die eigenlijk bestaat uit de creatie van het alledaagse en gewone, verschijnt het rituele in elke fase op eigen wijze. Daarbij is het rituele steeds gericht op het overbruggen van de afstand tussen enkeling en collectief. Die

ritualisering van het alledaagse draagt ertoe bij de continuïteit van het geheel te bestendigen en de enkeling oriëntasie te bieden en perspectief" (Barnard en Post 2001:94). Hieruit blyk die belang van rituele om die individuele gelowige met die gemeenskap van gelowiges in die erediens te verbind. Rituele het `n besondere vermoë om iets uit die alledaagse bestaan van die mens te benut ten einde perspektief op God se ingrype in die mens se lewe. Twee sake is veral van belang ten opsigte van rituele: herhaling en mite. Mense herhaal graag rituele omdat dit hulle help om daardie dinge wat betekenis aan hulle lewe gee, te koester en die waarde daarvan, vir hulle lewe, te kommunikeer. `n Ritueel beskik oor al die eienskappe van `n simbool, simboolhandeling en simbooltaal, omdat die drie in enige ritueel saamkom. Die herhaling van rituele bring natuurlik ook die vraag na die mite of die verhaal agter die ritueel na vore. Die verhaal wat deur die ritueel gekommunikeer word, word herbevestig deur die herhaling daarvan. Daarom sal `n ritueel mense help om iets van die dieper dimensies van menswees te kommunikeer, veral in tye waar woorde tekortskiet om uitdrukking te gee aan wat hulle ervaar. Mense kan ook nuwe rituele skep om ongekaarte lewensterreine te karteer, dit wil sê `n wyse van optrede soek om `n andersins chaotiese wêreld te orden. Die vrou wat wreed aangerand is tydens `n plaasaanval, waarin haar man vermoor is, kan by wyse van `n ritueel, waarin sy jaarliks, op die datum van die aanval, `n houtkruis dra vanaf die plek van die aanval tot by sy graf, woordloos uitdrukking gee aan haar oortuiging dat sy slegs deur die offer van Jesus aan die kruis, haar kruis kan opneem en vir die misdadigers kan bid soos Jesus vir sy moordenaars gebid het.

Wepener en van der Merwe (2009:203) kies vir Gerhard van Lukken se definisie van rituele: "Rituele is dikwels herhaalde, vanselfsprekende, simboliese handelinge, wat altyd interaktief en liggaamlik is, soms vergesel van tekste of formules, gerig op die oordrag van waardes in

die individu of die groep, en waarvan die vorm en inhoud altyd kultuur-, konteks- en tydgebonde is, sodat die betrokkenheid op die werklikheid wat in die ritueel teenwoordig gestel word, altyd `n dinamiese gegewe bly."

### 3.3.1. Rituele in konteks

`n Ritueel moet nooit in isolasie uitgevoer word nie, bedoelende dat dit nie losgemaak moet word van die heilswerk in Christus nie. `n "Kruisbrand" is `n ritueel wat die afgelope dekade gereeld op kampe en uitreike plaasgevind het. `n Staalstruktuur of houtkruis word met lappe toegedraai en met brandstof deurweek, en aan die brand gesteek terwyl daar stilte heers of uit die Skrif gelees word. Daarna volg daar soms `n uitnodiging om `n oorgawe te maak aan Jesus as Verlosser, wat soveel pyn verduur het om sondes te vergewe. Daar bestaan `n groot gevaar dat rituele soos die kruisbrand ontwerp en gebruik kan word om vir mense `n mistieke ervaring te gee of `n emosionele katarsis te bied, sonder om dit te bind aan die heilswerk van Christus en die verhaal van God se handelinge met sy kinders. Rituele moet ons help om in ons geloofskonteks daartoe te kom om Christus se heilswerk toe te eien en ons aan Hom te verbind. Die doop en die nagmaal is uitstekende voorbeelde hiervan.

### 3.3.2. Rituele is oudio-visueel

Rituele is oudio-visueel en betrek nie slegs die rasionele sy van die mens nie, maar die héle mens in sy of haar volle sintuiglikheid.

### 3.3.3. Rituele stel ons in staat om simbole sinvol te hanteer

Rituele stel ons in staat om simbole sinvol te hanteer. Mense kan verskillende betekenisse of ervarings aan dieselfde simbool koppel, maar `n ritueel gee rigting aan die betekenis van `n simbool.

### 3.3.4. Rituele wil bewaar

In hierdie geval word bedoel dat `n ritueel die versekering bring dat dit wat bekend en betekenisvol is, wil herbevestig. Rituele help ons om orde te skep in dreigende chaos deur ons te anker in ons kernwaardes. Dit help om identiteit te definieer of te artikuleer. So sal die ontvangs van `n stokou horlosie op sy een-en-twintigste verjaardag, vir `n jongman daaraan herinner dat, soos wat sy voorouers die horlosie bewaar het vir die nageslag as simbool van verantwoordelikheid en integriteit, hy nou `n lewensfase betree wat hy die familie se waardes moet voortsit en beskerm.

### 3.3.5. Rituele wil hervorm

In hierdie geval wil `n ritueel dinamies wees en transformasie fasiliteer. Onderhandeling en die toeëiening van nuwe waardes is dan deel van die verwysingsraamwerk van diegene wat daaraan deelneem. Rituele het funksionele sosiale aspekte, maar ons moet daarteen waak om in ons wêreld, waar nut en funksie oorbeklemtoon word, rituele nie ook hoofsaaklik daaraan te meet nie. In die erediens bied rituele `n ruimte waarbinne gelowiges vir God kom ontmoet, en hoef nie noodwendig deur middel van aankondiging of verduideliking as funksioneel of fasiliterend verklaar te word nie (Wepener en van der Merwe 2009:203-208).

## 3.4. `n Opsomming van Gerhard van Lukken se tien dimensies van rituele

Van Lukken se tien dimensies, soos kortliks deur Wepener en van der Merwe (2009:206-209) opsom, word vervolgens slegs genoem ter ondersteuning van toepassings wat later gemaak word:

i. *Lasverligtende en kanaliserende dimensie*: Die rituele herhaling skryf die handeling voor en neem die las van ons skouers om van voor af te besluit hoe om op te tree.

ii. *Bemiddelende dimensie tot die verlede*: Dit waarborg kontinuïteit met die verlede.

iii. *Etiese dimensie*: Dit beïnvloed die dade van `n persoon deur die karakter van die deelnemer te vorm in ooreenstemming met die verwysingsraamwerk waarna die ritueel verwys.

iv. *Beswerende dimensie*: Die ritueel ontfinaliseer negatiewe kragte deur op rituele wyse uit te druk dat die kwaad nie die laaste woord het nie.

v. *Ekspressiewe dimensie*: Die potensiaal tot nuwe rituele bestaan altyd aangesien dit ons help om gestalte te gee aan wat ons beleef.

vi. *Verdigtingsdimensie*: Die alledaagse voorwerp, handeling of woord word uit die profane konteks gelig en deur die ritueel gesakraliseer.

vii. *Sosiale dimensie*: Die handeling roep ander op om met my te kommunikeer.

viii. *Terapeutiese dimensie*: Rituele herstel kontak met die dieper wortels van die mens se bestaan.

ix. *Formaliserende dimensie*: Ingewikkelde boodskappe kan op bondige en treffende wyse oorgedra word.

x. *Politieke dimensie*: Rituele speel `n uiters belangrike rol in die vestiging, beëindiging en bevordering van die mag van politieke institusies in die staat, die onderwys en die kerk.

## 3.5. Die toetsing van rituele deur middel van sanering (dissektering)

`n Proses van ses stappe soos deur Paul Post toegepas (Wepener en van der Merwe 2009:210-211), is daarop gemik om vas te stel wat die kern van die betrokke viering is en hoe die ritueel funksioneer:

*Stap een*: Soek die argetipiese of oersimbole onderliggend aan die ritueel.

*Stap twee*: Verkry insig in die historiese bedding waaruit die betrokke ritueel afkomstig is.

*Stap drie*: Bepaal wat is die mite (verhaal) agter die ritueel of viering. Dit moet altyd dieselfde bly.

*Stap vier*: Plaas die werklike viering van die ritueel onder die vergrootglas deur vrae te vra soos byvoorbeeld (enkele voorbeelde van vrae word uitgesonder): Word dit gemeenskaplik of individueel gevier; hoeveel aktiewe deelname is daar; wat is die prominensie van die rol van die liturg; wat is die presiese wyse waarop absolusie of retensie gebruik word; wat is die rol van sintuiglikheid; wat is die aan- of afwesigheid van lidmate se leefwêreld; wat behels die gebruik van ruimte, tyd en voorwerpe en so meer.

*Stap vyf*: Bepaal hoe die deelnemers aan die viering dit wat hulle doen, vir hulleself kan toe-eien.

*Stap ses*: Wees sensitief vir die verskeie dimensies wat die proses stuur.

## 3.6. Die liturgie as ruimte en kanaal vir hermeneuties-kommunikatiewe handelinge in die erediens

Dit is duidelik dat dit in die erediens gaan om die ontmoeting tussen God en mens: aan die een kant `n ontmoeting waar die mens God se liefde op verskeie maniere ervaar – gelowiges tot bemoediging en versterking van die reeds bestaande verhouding, en ongelowiges tot bekering en vernuwing; aan die anderkant `n ontmoeting waar gelowiges as volk van God saamkom om God se teenwoordigheid te geniet en hulle te verlustig in sy liefde en genade, en waar ongelowiges blootgestel word aan die mees uitsonderlike liefdesverhouding op aarde. Hierdie verhouding moet gekommunikeer word – verbaal of nie-verbaal, visueel en oudio-visueel, deur rituele en simbole of selfs deur middel van stilte en meditasie. Die liturgie is die ruimte waarbinne dit plaasvind, maar ook die kanaal waardeur dit plaasvind.  Rituele en simbole

fasiliteer onder meer ook onuitgesproke waarhede en emosies, veral in die geval van "soekers" wat nie bekend is met die Skrifgedeeltes en liedere wat gebruik word nie. Rituele en simbole het die potensiaal om die diepste wese van die erediensganger aan te raak en vooroordele en skanse af te breek sodat `n verhouding met God gestalte kan kry. Selfs al word die soeker nie deur die preek, gebede of die sang en musiek aangespreek of aangeraak nie, kan die rituele en simbole `n hunkering veroorsaak om weer te hoor en weer te ervaar totdat die evangelie inslag vind en die soeker kan toetree tot die familie van God.

**4. Samevatting**

Die liturgie is meer as net die preek – dit omvat die totale kommunikasie van God se heil aan die mens aan die een kant, en die mens se totale respons op die genadige toeseggings van God aan die ander kant. Simbole en rituele in die erediens spreek sowel die affektiewe as die kognitiewe van die mens aan, en maak sodoende God se spreke en handelinge meer toeganklik vir menslike verstaan, sowel as vir menslike deelname aan dit wat God vir hom sê en doen.

Vervolgens word die herkoms van die huidige reformatoriese liturgie ondersoek ten einde aan te toon dat dit liturgie as sodanig nie in `n vakuum ontstaan het nie en dat geen liturgiese element na willekeur weggelaat of bygevoeg kan word sonder verantwoorde besinning en doelmatige aanwending nie. Op grond daarvan kan simbole en rituele sinvol in die liturgie geposissioneer en aangewend word.

# HOOFSTUK 3

## DIE HERKOMS VAN DIE HUIDIGE REFORMATORIESE LITURGIE

In hierdie hoofstuk word aangetoon hoe sterk die liturgie in die vroeë kerk gefunksioneer het en hoe dit deur die eeue gegroei het tot dit wat ons huidiglik in die Gereformeerde tradisie ken.

Die struktuur van die liturgie berus op `n verbintenis tot die ekumeniese konsensus dat die liturgie `n viervoudige beweging is, naamlik die toetrede, die diens van die Woord, die diens van die tafel en die wegsending (Clasen et al 2007:13; Wepener en van der Merwe 2009:153). Die ontstaan en ontwikkeling van die Gereformeerde erediens mag nooit as `n geïsoleerde gebeure gesien word nie. Met die reformatoriese beweging het verskillende persone in verskillende stede met verskillende gedagtegange `n invloed op die erediens gehad. Die invloed was nie slegs van een kant af nie, maar wederkerig. Daar was groei en verdieping. Vanuit die insigte van ander kon geput word om meer perspektief oor sekere opsigte te kry (Barnard 1981:291; Vos 1996d:232; Vos en Pieterse 1997:9-10). Die geskiedenis van die ontstaan en ontwikkeling van die Gereformeerde erediens toon duidelik die verskillende omstandighede en geloofstradisies wat `n invloed op die erediens gehad het. Vervolgens word aangetoon dat die liturgie die grondstruktuur van die erediens is en dat die inhoud en aard daarvan van essensiële belang is om "soekers" te lei tot dissipels wat Jesus volg en dien.

## 1. Die liturgiese elemente van die erediens in die NG Kerk

In die NG Kerk sou die volgende as raamwerk vir die erediens gebruik kon word sodat die meeste rituele en sakramente daarin sou kon plaasvind (Barnard 1981:527-528; Clasen et al 2007:18-49):

1. Aanvangswoord
2. Seëngroet
3. Lof en aanbidding
4. Stilte
5. Die wet
6. Skuldbelydenis
7. Genadeverkondiging
8. Verbintenis of toewyding
9. Geloofsbelydenis
10. Skriflesing
11. Prediking
12. Gebede
13. Vredesgroet
14. Sakramente
    14.1 Doop
    14.2 Nagmaal
15. Bevestiging van gemeenteleiers
16. Openbare belydenis van geloof
17. Getuienisse

18. Offergawes

19. Aankondigings

20. Seën

Hoe het die NG Kerk daartoe gekom om hierdie liturgiese elemente as die standaard-riglyn vir eredienste te beskou? Sou dit nadelig wees vir die ontmoeting tussen God en mens indien sommige elemente van die liturgie nooit funksioneer nie of indien daar altyd `n vaste liturgiese orde gevolg word? Is die bestaan van so `n lys van liturgiese elemente die bewys dat dit as belangrik, indien nie onmisbaar, in die Gereformeerde erediens beskou word?

Indien ons aanvaar dat die kerk `n korporatiewe persoonlikheid het as liggaam van Christus, het sy ook – na analogie van individue – `n korporatiewe geheue, `n instrument wat alles versamel wat nodig is om te onthou wie sy is en wat dit is wat haar besonders as individu maak. Die hoofsaak van die analogie is nie dat geheue `n versameling van kennis is wat van haar `n besondere individu maak nie. Dis meer van belang dat geheue `n versameling van kennis is wat haar in staat stel om dinge te onthou en te verstaan wie sy is, waar kom sy vandaan en waarheen is sy op pad. Liturgieë is daardie versameling van gemeenskaplike geheue van die kerk, en die sentrum van daardie geheue is die nagmaal. Die opdrag van Jesus "Gebruik dit tot my gedagtenis" (NAV 1983:1Korintiërs 11:24-25) was die aansteek van die vonk van die kerk se geheue, en ook die inhoud daarvan. Dit stem ooreen met die stimulering van die krag van konsentrasie: mense reageer op `n uitnodiging en vorm `n fisiese konsentrasie van mense – kom saam as individue in een plek om `n vergadering van gelowiges te vorm. Aan die ander kant is hierdie samekoms ook `n intellektuele konsentrasie – mense konsentreer saam op `n gemeenskaplike inhoud, naamlik die nalatenskap van Jesus Christus. Terwyl hulle die Here se

laaste wens gehoorsaam, besef hulle wie hulle is, waar hulle vandaan kom en waarheen hulle op pad is. Die kerk is mense wat hulle nuwe lewe aan God te danke het deur die offer van Jesus, wat Hy gebring het op grond van die verbond met Abraham, hulle is die verbondsvolk van God aan wie Hy al sy beloftes en seën toesê, en hulle is gestuurdes wat die weg moet berei vir Sy wederkoms. Die nagmaal-liturgie het ontstaan op grond van die woorde van Christus toe Hy die opdrag gegee het dat dit tot sy nagedagtenis gevier moet word. Wie ookal te wete wil kom wat die kerk is, glo en oor haarself getuig, hoef slegs na die liturgie te kyk. Gelowiges wat die kerk aan mense wil bekendstel, moet hulle doodgewoon uitnooi om te kom kyk na wat in die liturgie gebeur, om die korporatiewe aanbidding eerstehands te ervaar en aan te hoor hoe dit aan hulle verduidelik word.

## 2. Die betekenis van liturgie vir die kerk

Om te begryp hoe belangrik die liturgie in die erediens funksioneer om `n egte ontmoeting tussen God en die erediensganger te fasiliteer, is dit noodsaaklik om te verstaan langs watter weg die kerk tot die ontwikkeling van `n liturgie gekom het en wat die begronding vir `n spesifieke liturgiese orde of ordes is.

Liturgie verwys nie slegs na die orde van `n erediens nie. Dit sluit die orde waarin die erediens verloop in, maar is baie meer as net dit. Liturgie is die diens aan God wat telkens weer vorm aanneem in `n bepaalde erediens. Dit is ook een van die hoogste vorme van diens aan die medegelowige, want waar gelowiges hande vat en saamstem in aanbidding voor die lewende God, word werklik `n diens aan die medemens bewys (Müller 1988:34; Vos1996c:192).

Liturgie staan in `n organiese verband met die geloof van die gemeente van Jesus Christus. Liturgie poog dus nie om die prediking te vervang nie, maar plaas dit eerder in verband. Liturgie is nie die wyse waarop liturge in die erediens eksperimenteer met die oog op die ordelike verloop van verskillende items op die program nie, maar is `n saak van die gemeente van Christus en moet die ideale omstandighede en moment skep vir die verkondiging van die Woord en die ontmoeting tussen God en mens. Liturgie veronderstel `n wisselwerking tussen God en die erediensgangers asook tussen die erediensgangers met mekaar. Elkeen is nie daar vir hom/haarself nie - die liturgie bind die gemeente saam tot die gesamentlike aanbidding en aksie (Vos 1996d:229). Wat in die liturgie gebeur is dus die diepste uitdrukking van geloofsvisie en geloofservaring (Barnard 1981:486). Hoewel "liturgie" die handelinge in die erediens omskryf, word daar in die algemene spreektaal in die NG kerk meer gepraat van "erediens" en "samekoms". Die erediens kan dan omskryf word as die "Christelike gemeente wat saamkom in die Naam en teenwoordigheid van die Drie-Enige God".

Liturgie ontstaan altyd in die wisselwerking tussen konteks en die mense binne daardie konteks. Aangesien die konteks gedurig wissel, spreek dit vanself dat die liturgie ook gedurig sal verander. Liturgie is die geheel van christelike rituele en simbole. Aan die manier waarop rituele en simbole in die erediens aangewend word kan afgelei word watter teologie aan die orde is. Die taak van die kerk is om troos te bemiddel aan mense wat in hierdie gebroke werklikheid, binne of buite die gemeenskap van gelowiges, worstel met die sin van die lewe in `n verskeidenheid van kulturele en sosiale omstandighede. Ook in die erediens moet hierdie troos bemiddel word, en hier vervul die liturgie `n belangrike rol. Die liturgiese model wat gedurende `n erediens gebruik word, moet instrumententeel wees in die bemiddeling van die troos en oordrag van kennis oor God en groei in ons verhouding met

Hom. Die gemeente wat soekende mense tot `n egte verhouding met God wil lei, moet `n liturgiese model gebruik wat dit fasiliteer en daarteen waak om die spreekwoordelike baba met die badwater uit te gooi deur aan te neem dat die soekende post-moderne mens nie deur beproefde liturgiese elemente aangespreek sal word nie.

## 3. Die herkoms van die liturgie en afsonderlike elemente daarvan

### 3.1. Liturgie: ’n Definisie

In die Septuagint en in die Nuwe Testament word die woord *leitourgia* gebruik om die Ou Testamentiese offerdiens aan te dui en die begrippe “diens van die volk” of “werk in belang van die volk” staan sentraal omdat die woord l*eitourgia* saamgestel is uit *leitos* “volk”, en *ergon* “werk” (Vos en Pieterse 1997:4; Barnard 1981:53). Dit het eerstens as ’n sosiaal-politieke begrip in die wêreld van die Grieke gefunksioneer waar die gegoede Griekse burger verplig was om volgens sy inkomste, ’n eie diens (leitourgia) in die gemeenskap te lewer. Hy moes op eie koste ’n publieke bydrae lewer tot voordeel van sy medeburgers. Later het dit ’n meer kultiese betekenis begin kry omdat die politieke lewe so nou met die diens aan die gode van die volk verbind was. Die begrip leitourgia is tweedens in ’n priesterlik-kultiese sin gebruik. In die Septuaginta het dit ’n vakterm geword vir die diens wat deur die priesters en die Leviete verrig is. Dit het slegs verband gehou met kultiese verrigtinge voor en aan God, nie op diens aan die medemens nie. Derdens is die begrip Leitourgia in ’n gemeentelik-diakonale sin gebruik. In die gemeente van die Nuwe Testamentiese tyd is dit vir alle dienswerk van die gemeente of van die apostels en ander ampsdraers gebruik, sowel in as buite die eintlike samekoms van die gemeente.

Volgens Vos en Pieterse (1997:5) omvat die woord *leitourgia* in die Nuwe Testament die volgende begrippe:

a. Diens aan Christus (Rom 15:16; Fil 2:17);

b. Persoonlike liefdesdiens aan mense (Fil 2:25, 30; Rom 15:27);

c. Samekoms van die dissipels om te bid (Hand 13:2)

d. Die Ou Testamentiese tempeldiens (Luk 1:23; Heb 8:2, 9:1, 10:11).

Die woord liturgie word gebruik om die Christelike erediens mee aan te dui. Die liturgie omvat al die woorde en handelinge van die volle erediens, met insluiting van die preek, en die nagmaal, sowel as ander handelinge soos die doop, die openbare belydenis van geloof en die bevestiging van ampsdraers. Ook van die ander dienste soos gebedsdienste, Bybelstudie deur die gemeente, huweliks- en begrafnisdienste word hierby ingereken (Barnard 1981:51-52; Van der Ven 1990:48; Vos 1996c: 150-151).

Die begrip het mettertyd ontwikkel om in ’n wyer sin gebruik te word vir die samekoms van die gemeente en die viering van die erediens. In meer tegniese sin dui dit op die orde en vorm daarvan. Volgens Vos en Pieterse (1997:6) kan liturgie verstaan word as die samekoms van God se volk en in besonder as hoor-, leer-, terapeutiese- en feesgemeenskap. Die gemeente besef tydens die viering voortdurend die teenwoordigheid van God wat as die Heilige, die Almagtige en die Genadige kom om hulle te ontmoet en ontvang en vier by hierdie samekomste die heil wat Hy aan hulle skenk. Dit vind plaas deur die diens aan God by wyse van aanbidding, verering, lofprysing, boetedoening, belydenis, dankseggingswoorde en natuurlik ook dankseggingshandelinge. Tydens elke liturgiese handeling word die volk herinner aan God se heilsdiens aan hulle. `n Rykdom liturgiese patrone maak die viering van

God se diens aan die mens en die mens se diens aan God moontlik. Dit inspireer mense om mekaar te begenadig en te dien in die erediens van die lewe (Vos en Pieterse 1997:6-7).

### 3.2. Die geskiedenis van die liturgie

Verskillende omstandighede en geloofstradisies het deur die loop van die geskiedenis `n invloed gehad op hoe die liturgie in die erediens vandag funksioneer, en daarom kan die ontstaan en ontwikkeling van die Gereformeerde erediens nie as `n geïsoleerde gebeure gesien word nie. Vervolgens word die belangrikste invloede op die liturgie aangedui.

#### 3.2.1. Die Ou-Testamentiese Tempeldiens

Wagner-Ferreira (2008:115) gee die volgende insigte oor die Ou-Testamentiese invloede op die erediens:

i. Daar is direkte gebruike oorgeneem, byvoorbeeld die weeklikse dagindeling asook die indeling van die jaar en datums van belangrike feeste (Paas- en Pinksterfees);

ii. Die invloed van die Psalms in die Christelike erediens;

iii. Die lees van die Ou Testament in die erediens;

iv. Die wyse van gebedsformulering;

v. Die teosentriese fokus van die kultus;

vi. Die teenwoordigheid van God in die kultus;

vii. Die realiteit en effektiwiteit van die versoening.

### 3.2.2. Die Sinagogediens

Die Sinagogediens is verbind aan die Ou-Testamentiese tempeldiens en kan waarskynlik teruggevoer word na die ballingskap in Babelonië. Die volgende patroon van die Sinagogediens oefen `n invloed uit op die Christelike erediens (Vos en Pieterse 1997:10-12; Barnard 1981:86-102; Oskamp en Schuman 1998:28):

i. Die lees en uitleg van die Tora het `n belangrike plek ingeneem. Die Tora-teks wat Sabbat vir Sabbat gelees is, is in perikope (*parasjot*) verdeel. Die hele Tora is in die silklus van drie jaar deurgelees. Verder is die profetiese boeke (*neberim*) en die geskrifte (*ketubim*) ook gelees. Met fees- en roudae was daar Ester, Rut, Hooglied, Klaagliedre en soms Job, gelees. Die gebruik om die Skrifte voor te lees is ook in die Christelike kerk nagevolg.

ii. Die homilie (preek, verklaring, onderwysing) is nou met die lesing van die "Skrifte" in die sinagogale erediens verbind. Die preek was deel van die erediens.

iii. Die reëlmatige sing van die Psalms was gebruiklik in die sinagoge sowel as in die vroeë kerk.

iv. Response soos "amen" en "halleluja" het as beaming en bekragtiging van woorde, gebede of voordragte van die voorganger gedien. Daar was ook ander response bekend, soos *Kuri eleison, maranata sanctus abba* en *hosanna.*

Die ontwikkeling van die eie aard van die Christelike godsdiens bestaan nie in die sinagogale Woorddiens nie, maar in die maaltyd wat Jesus ingestel het. Die nagmaal het die sinagogediens aangevul en die gebeure is so ingerig dat dit alles rondom die Persoon en werk van Christus gegaan het. Dit wat die eerste dissipels geleer het, het hulle beoefen, uitgebou en

verder deurgegee (Barnard 1981:153). Byna onmiddelik na die Paastyd het Jesus se volgelinge vir die gemeenskaplike maaltyd byeengekom. Volgens Hand 2:46 (NAV 1983) het die samekoms in die huise van gemeentelede in Jerusalem plaasgevind (Vos en Pieterse 1997:11).

### 3.3. Die Vroeë Kerk

Barnard (1981:159-160) en Vos (1996:223-228) skets die volgende beeld van die erediens in die vroeë kerk:

Sondag is die dag waarop die gelowiges bymekaar kom, want dit is die dag waarop Christus uit die dood opgestaan het.`n Voorganger of prediker neem die leiding by die diens. Die bediening van die Woord en die nagmaalsdiens vorm `n eenheid en is onlosmaaklik verbind. Daar word gelees uit die Evangelies of die Profete. Uit die Skriflesing volg `n preek. Voorbidding word gedoen vir die behoeftes van mense. Die gemeente bevestig die gebed met `n “amen”. By die doopdiens vorm die “vredeskus” die oorgang na die nagmaal. Die brood en die beker met wyn word na die voorganger gebring. Die voorganger doen die eucharistiegebed: lofprysing, gebed en danksegging. Dit is `n vrye gebed en word gerig aan die Vader in die Naam van die Seun deur die Heilige Gees. Die diaken bedien die brood en wyn aan almal teenwoordig en vat dit ook na die huise van diegene wat afwesig is. Die invloed van die Joodse diens kan in die vormgewing en gebede gesien word. Geld word ingesamel om die nood van ander te verlig.  Eucharistie word losgemaak van die agape. Deur die eucharistiegebed word die brood en wyn verander in die liggaam en bloed van Christus en dit gebeur deur Christus

### 13.4. Die Noord-Afrikaanse kerk

Prediking het ’n besondere plek gehad met die kateder, waar die prediker gestaan het, eenkant op ’n verhoog, terwyl die nagmaalstafel aangebring is daar waar die gemeente saamkom. Die sakramente van die doop en die nagmaal, en ook die belydenis van geloof deur katkisante het die inkleding van die erediens afgerond.

Uit die eerste brief van Clemens asook die Didaché, beide geskryf ongeveer 100 nC, blyk dit dat in die eerste periode direk na die Nuwe Testament ’n behoefte ontstaan het om tekste vir die byeenkomste vas te lê en ’n bepaalde vorm voor te skryf. Ongeveer ’n halfeeu later skryf Justinus die Martelaar dat die bediening van die nagmaal gepaard moet gaan met Woordverkondiging. Aan die begin van die derde eeu skryf Hippoletus ’n kerkorde waarin ons die eerste min of meer volledig uitgewerkte liturgie aantref (Van der Velden 2000:163).

Nadat Konstantyn die Grote hom tot die christelike geloof bekeer het in 323 nC, het die nuwe amptelike status van die christelike kerk die behoefte meegebring om meer sake aangaande haar samekomste skriftelik vas te lê. Veral Romeinse gelowiges, wat as heidene die gereelde feesdae belangrik geag het, wou die heilsfeite van die christelike geloof op vaste dae herdenk, en so het die kerklike jaar ontstaan. Die sonfees is byvoorbeeld met kersfees vervang, en die gelowiges het op die sterfdae van die apostels byeengekom. By sulke geleenthede is nagmaal gevier en elke feesdag het ’n unieke samestelling van skriflesing, gebede, liedere en danksegging gehad (Van der Velden, 2000:164). In die tweede periode van die geskiedenis van die vroeë kerk (vanaf 312nC) het daar dus allerlei gebruike ontstaan wat kenmerkend sou word van die middeleeuse liturgie in die Weste.

Die liturgie is grootliks beïnvloed deur die Oosterse en Westerse Kerke. Volgens Barnard (1981:266-167) vergelyk dit soos volg met mekaar:

Die Oosterse Kerk was byna tydloos en het feitlik geen wisselende dele gehad nie.
In die Westerse Kerk was daar `n vasstaande deel, naamlik die sogenaamde "*ordinarium*" en `n wisselende deel, die sogenaamde "*tempore*". Hier was daar wisseling wat die skriflesings, gebede en liedere betref.

Die Oosterse liturgieë is gekenmerk deur oorvloedige seremonies en woordrykheid in die gebede. Die Roomse liturgie word gekenmerk deur kortheid, soberheid en ordelikheid wat so eie is aan die gees van Rome en van die Latynse taal. In die Oosterse liturgieë is gemeen dat die verandering van die elemente van brood en wyn in die liggaam en die bloed van Christus geskied deur die konsekrasie en die epiklese en word die verandering van die elemente gesien as die werking wat uitgaan van die konsekrasie. So verkry die konsekrasie `n strakke wetmatigheid.

In die tyd voor die Reformasie het die mis die verval van die kerk die duidelikste getoon. Daarom kan verwag word dat die Reformasie hier sou begin. Die kritiek van Luther en andere teen die aflaatstelsel en teen die offergedagte van die mis, asook die herontdekking van die regverdiging deur die geloof sonder die Roomse leer van verdienstelikheid, was die begin van die hervorming. Die erediens en alles wat daarmee saamhang was vir die reformatore van die grootste belang. Die sieninge van die reformatore van die erediens hang ten nouste saam met hulle teologiese beskouinge (Barnard 1981:248-249).

Al die kritiek van die reformatore het baie sterk klem geplaas op die betekenis van die prediking en daaraan `n vaste plek in die erediens gegee. Voorheen was die prediking verwaarloos en is dit soms vervang met verhale van heiliges en legendes. Die herontdekking van die prediking het hand aan hand gegaan met die herontdekking van die Bybel. Daar het groot onkunde geheers oor die Bybelse waarhede en die ware wese en inrigting van die erediens. Daarom het die reformatore groot klem gelê op die lerende en die didaktiese in die erediens. Hierdie klem het na vore gekom in die gebede, in `n aantal vaste stukke naamlik die Apostolicum, die Tien Gebooie, die Onse Vader en in die hele opset van die erediens self (Barnard 1981:251-253; Vos en Pieterse 1997:247-249).

Die reformatore het in verset gekom teen die vorm van die erediens in die Roomse kerk, by name die mis. Hulle het teruggegaan na die bronne van die erediens en het by die Bybel begin. Verder het hulle aangesluit by die erediens van die vroeë kerk (Barnard 1981:255; Vos 1996d:292).

Hoewel die reformatore onderling verskil het oor die wyse waarop Christus in die erediens en veral by die nagmaal teenwoordig is, het hulle nie getwyfel of verskil oor die feit dat Hy teenwoordig is nie. Verder het hulle ook saamgestem dat die kerk nie beskik oor die teenwoordigheid van Christus nie. Christus skenk dit aan die gemeente deur sy beloftewoord (Barnard 1981:256; Vos 1996d:292).

Met die Roomse mis was die vorm van die erediens baie belangrik. Alles is spesifiek gereël: Die Skrifgedeeltes wat gelees is, die gebede, die keuse van liedere, elke liturgiese stuk en die gebare wat die handelinge begelei. Vir die reformatore was die vorm nie so belangrik soos die

inhoud nie. Die vryheid wat Christus gee het groot klem gekry en dit moes in die erediens tot uitdrukking kom. Hoewel die vryheid beklemtoon is, was daar nêrens `n willekeurigheid of ongebondenheid by hulle ten opsigte van die inrigting van die erediens nie. Die liturgie is nie as bysake beskou nie. Vormgewing by die erediens was vir hulle inderdaad `n gewigtige saak. Gedurende die tyd van die reformasie is elke aspek van die erediens deeglik geëvalueer en veranderinge ten opsigte van die erediens het plaasgevind (Barnard 1981:256; Vos en Pieterse 1997:3).

### 3.5. Die Westerse kerk

Tot in die 3de eeu is die eredienste in Rome in die Griekse taal waargeneem. Justinus die Martelaar en die kerkorde van Hippolytus gee belangrike gegewens oor wat tydens die erediens plaasgevind het. Skriflesing en prediking, die voorlees uit die herinneringe van die apostels en die geskrifte van die profete, waaruit die lering en bemoediging van die gemeente plaasgevind het, het ’n ereplek in die diens gehad. Vroeg in die 4de eeu het Latyn die taal vir die liturgiese handelinge geword wat beperkend op die deelname en die verstaan van die gemeente ingewerk het. In die ontwikkeling van die Roomse liturgie is die Skriflesing en prediking algaande verdring deur die altaar. Die tafel is verander tot die offeraltaar. Die leerstuk van die transsubstansiasie het die misdiens op die voorgrond geplaas. Die “breking van die brood” soos die eerste gemeente dit geken het, het verander tot die “sanctifisium” – die offer. Sedert die 5de eeu word dit die “mis” genoem, afkomstig van die wegsendingsroep: “ite, missa est”. Met die opkoms van die misdiens was die volgende hooftrekke die belangrikste:

i. Die sakrament met die offergedagte daaraan verbonde het die altaar na vore gebring en die tafel en die kansel verplaas sodat prediking op die agtergrond geskuif is

ii. Die priester, wat die sakrament ex opere operato moes uitdeel, het die heilsmiddelaar geword en die skeiding tussen die geestelikes en die leke het al hoe skerper geword.

iii. Die viering van die teenwoordigheid van Christus in die erediens is gesoek in die misoffer op die altaar, waarin onder die gedaante van brood en wyn Christus sy liggaam en bloed deur die bediening van die priester aan die Vader opoffer.

iv. Die gemeente het al meer passief geword in die diens, waar die wyding ’n skouspel geword het van die priesterlike handelinge.

**3.6. Westerse liturgie in die Middeleeue**

Die dienste tussen die vierde en agste eeu in Rome, waar die pous leiding neem, word gekenmerk deur ’n plegtige karakter en uitgebreide seremonies. Dienste wat deur die “presbiters”, die sogenaamde “laer geestelikes”, gelei word, het ’n veel eenvoudiger karakter. Pelgrims wat die grafte van Petrus en Paulus besoek, het die seremoniële karakter van die pous se dienste teruggeneem na verskillende plekke in Wes-Europa. Pous Gregorius die Grote het gesorg dat teksmateriaal vasgelê word wat van groot belang was vir die ontstaan van die middeleeuse liturgie. Hierdie teksmateriaal het veral die voorgangers ondersteun deur eenvormige inhoude aan die verskillende dele van die liturgie te gee (Van der Velden 2000:165).

Benedictus van Nursia (480-545 nC) het ’n groot spirituele invloed uitgeoefen en het baie gedoen vir die organisasie van die kloosterlewe, wat hy vasgelê het in die “Reël van Benedictus”. Daarvolgens moes die kloosterlinge, naas die daaglikse viering van die eucharistie, agt keer per dag byeenkom vir gebede. Groepe welgestelde geestelikes, die sogenaamde “kapittels”, het die gebruik om agt keer per dag te bid na hulle katedrale of kerke

oorgedra en sodoende die kloosterliturgie na die openbare stadslewe oorgedra. Een van die vernaamste elemente van die gebruik was om die psalms te sing. Daarnaas is lofliedere van die Nuwe Testament, bv die lofsange van Maria, Sagarias en Simeon, ook gesing. Die gebede is in ’n week-skedule ingedeel sodat die hele psalmboek weekliks (dikwels singend) deurgebid is. Die biddende deursing van die psalms is ’n element wat later deur Calvyn baie belangrik geag word (Van der Velden 2000:166).

In ’n baie gedetaileerde beskrywing van die viering van ’n eucharistie in die katedraal van Salisbury (Engeland) in ongeveer 1500 is dit opvallend dat, naas die uitgebreide aantal gebede, baie aandag gewy is aan die visuele aspek en wyse van koorsang. Die preek neem in die oorweldigende geheel maar ’n beskeie plek in. Voorskrifte vir gebare wat die priester tydens die viering van die eucharistie uitvoer word ook in detail beskryf. (Van der Velden 2000:168; Wagner-Ferreira 2008:118).

Die ewewig tussen Woord en sakrament het verdwyn en die aksent het volkome op die sakrament geval. Die middeleeuse liturgie is tydens die Konsilie van Trente (1545-1563) hersien. Alle tekste vir die liturgie is in een handboek, die “Massale Romanum”, saamgevoeg en absolute eenvormigheid word gevra. Die “Massale Romanum” het vier eeue lank, tot en met die Tweede Vatikaanse Konsilie (1960 – 1965), in gebruik gebly (Van der Velden 2000:169).

In die Ou Testament is verhoudingsbreuk herstel deur `n offer te gebruik. In die Nuwe Testament word dit tot `n hoogtepunt gebring deurdat Jesus as die finale offer vir die sonde van die mensdom gebring word. Vanuit hierdie gebeure, die heilswerk van Christus, het die

hele rituele sisteem van die vroeë kerk voortgevloei, te wete die liturgie as ontmoeting tussen God en mens. Vanaf die vroegste tye was rituele rakende skuld en versoening deel van die liturgie van die kerk en het dit onder andere bestaan uit die doop, die boete, die eucharistie, verkondiging van die Woord, voorbeelde van solidêre broers en susters en die bid van die Onse Vader (Vos 1996d:217-219; Vos en Pieterse 1997:30-33).

### 3.7. Samekomste in die Nuwe Testament

Die kenmerk van die eerste gemeente is dat hulle bymekaar gekom het (Van der Velden 2000:14). Die samehorigheidsgevoel het ontstaan vanweë ’n diepe besef van begenadiging volgens God se raadsplan en dat hulle lewens voortaan ook volgens God se raadsplan moet verloop. Daarvoor was dit nodig om saam na sy wil te soek en mekaar ’n helpende hand te reik in die uitvoering daarvan sodat hulle die heil van ’n gehoorsame en dankbare lewe kon ervaar. Vanuit die Nuwe Testament, die Evangelies en Handelinge word mense uitgenooi om hulle te bekeer en te laat doop (NAV 1983: Mark 1:15; Luk 4:18; Hand 2:38).

Gegewens in die Nuwe Testament oor die inkleding van byeenkomste van die eerste gemeente is baie min. Die diversiteit van die verskillende groepe christene het meegebring dat elke groep volgens hulle herkoms aanbid het. Christene uit ’n Joodse- en heidense agtergrond het elk ’n eie inkleding gehad. In die Ou Testament vind ons egter noukeurige voorskrifte vir die inkleding van samekomste. Die liturgie is ’n heilige gebeure omdat God daar aanwesig is (Van der Velden 2000:162). Aangesien Christus die wet vervul het en die offerdiens weggeval het, word in die Nuwe Testament nie rigiede reëls voorgeskryf nie, maar gaan dit om ’n grondhouding van mense wat in Christus geheilig is en Hom in vryheid aanbid. Tog was dit grotendeels geskoei op die voorskrifte vir die sinagogediens waar gebed, sang, skriflesing en

skrifuitleg die vernaamste onderdele was. Eredienste in die Ou Testament en die Nuwe Testament het egter in gemeen dat die verkondiging sentraal gestaan het. Die eerste gemeente het gereeld saam gesing, saam gebid en die nagmaal gevier. Woordverkondiging, tafelgemeenskap, die teenwoordigheid van Christus en die apostolaat kan gereken word as die vier grondmotiewe wat gegeld het vir die samekomste van die eerste Christene.

### 3.8. Na die Nuwe Testament

Die prediking het van die vroegste tye `n sentrale plek ingeneem. Die geskiedenis van die prediking kan afgelei word van die posisie van die preekstoel binne die liturgiese ruimte. Dit is veral duidelik sigbaar by die ouer kerkgeboue. In baie gemeentes is die preekstoel vandag uitgehaal of dit word nie meer in die nuwe geboue ingesit nie (Vos 1996d:217).

Tot en met die derde eeu was daar geen algemeen aanvaarde sisteem ten opsigte van die boete in gebruik nie. Tog het die kerk baie geworstel met sonde en boete. Die boete het aan sondaars met onvergeeflike sondes, soos moordenaars, egbrekers en afvalliges, nog een kans gegee na `n baie lang weg van vernedering. Hierdie onvergeeflike sondes was sondes teen die gemeenskap waarmee die sondaar weer versoen moes word en is ook publieke sondes genoem.

In die vroeë kerk en gedurende die vroeë Middeleeue is die Wet of Dekaloog nie in die erediens aangetref nie (Barnard:1981:544). Dit het waarskynlik eers na die reformasie `n plek in die liturgie gekry. Dit wil voorkom of Israel dit as `n spesiale weergawe van God se verbondsregulasies gesien het in `n spesifieke, konkrete situasie (Vos en Pieterse 1997:234-238).

Heel verstaanbaar het daar met die verspreiding van die Christendom na ander wêrelddele verskeie liturgiese ordes na vore getree. Ten spyte van klein verskille het daar tog groot eenvormigheid en ooreenstemming geheers. Die groot veranderinge het eers na die 4de eeu gekom en kan geklassifiseer word volgens die lyne wat gevolg is by die Oosterse kerk die Noord-Afrikaanse kerk en die Westerse kerk (Wagner-Ferreira 2008:120).

Die kenmerkende van die liturgie van die van die Oosterse kerk is die volgende:

i. Die hoogs gedramatiseerde karakter van die erediens waarin die viering van die gemeenskap met Christus as lewende en opgestane Here gesoek word.
ii. Die afwyking van die dialogiese en sobere geloofsontmoeting in die misterieuse drama sodat die prediking as Woorddiens totaal ontbreek.
iii. Die wyse van dramatisering geskied deur die gebruikmaking van die liturgiese skerm met die beelde waarmee die teenwoordigheid van die hemelse gestaltes voorgestel word en deur die verskillende intredes en prosessies waar die evangelie en ook die gawes van brood en wyn, ensovoorts ingedra word.
iv. Die passiwiteit waarin die gemeente as toeskouers die hele drama van die heilsgeskiedenis, soos opgevoer deur die priesters en die koor met die uiteindelike toebereiding van die offer, aanskou.

### 3.9. Die Reformasie

a. Martin Luther

Met die Reformasie kom die oortuiging van redding deur geloof, nie goeie werke nie. Martin Luther (1483-1546) se verwydering van die offergedagte uit die viering van die nagmaal het 'n skerp skeiding tussen die middeleeue en die reformasie meegebring. Hy

het ook die gemeente geaktiveer deur hulle in hulle volkstaal te laat sing (Van der Velden 2000:172). Daarmee saam gee Luther groot waarde aan die prediking van die Woord in die liturgie. Die geloof kom immers deur die hoor van die Woord. So het Luther die twee-eenheid tussen Woord en sakrament herstel. In sy "Formulae Missae" (1523) handhaaf Luther die struktuur van die diens en die rituele daaraan verbonde, insluitend die kleredrag, mits dit die suiwere verkondiging van die evangelie nie belemmer nie. Hy handhaaf ook Latyn as taal, maar drie jaar later publiseer hy die "Deutsche Messe" waarin 'n duidelike versobering, byna uitsluitlike gebruik van die volkstaal vir gebede en kerkliedere, wat deur almal saamgesing kon word. Die orde van die "Deutsche Messe" sien as volg daar uit:

Geestelike lied of Duitse Psalm

Kyrie eleison (3 maal)

Collecta (priester se gesig na die altaar)

Epistel (priester se gesig na die volk)

Duitse koraal

Evangelie

Credo (geloofsbelydenis)

Prediking

Parafrase van die Ons Vader

Vermaning

Instellingswoorde en Kommunie waar tydens die uitreiking van die brood die Sanctus in Duits gesing is en die Agnus Dei gevolg het op die seën van die beker

Postkommunie (danksegging)

Seën (Num. 6)

Dit was Luther se bedoeling dat die gemeente weer aktief by die diens betrek moes word en nie slegs in die kerk sit en sien en hoor wat gebeur nie. Luther hou ook die kerklike jaar in stand, hoewel hy gedenkdae ter ere van heiliges skrap. Hy het doelbewus ruimte vir musiek in die erediens geskep. Naas liedere vir gemeentesang, het  vokale en instrumentale musiek ’n plek in die erediens gevind. Die liturgie het egter van streek tot streek en van stad tot stad van mekaar verskil, sommige meer op die “Formulae Missae” geskoei, ander weer meer op die “Deutsche Messe”. Een stad het ’n diens volledig in Duits gehou en `n ander stad weer in Latyn. (Van der Velden 2000:173).

b. Huldrych Zwingli (1484-1531) bring ’n radikale ommekeer in die deelname van die gemeente aan die liturgie met sy “Aktion oder Brauch des Nachtmals” in 1525.  Die verkondiging van die Woord word by Zwingli so allerbelangrik dat tot die sakramente slegs aanhangsels daartoe word. Hy wys selfs gemeentesang af en beperk die gemeente se deelname hoogstens tot die gesamentlike opsê van tekste, gebede, en die woordjie “amen”. Omdat hy die woorde “dit is My liggaam” interpreteer as “dit beteken My liggaam,” beperk hy die viering van die nagmaal tot slegs vier maal per jaar en hou `n aparte diens daarvoor, los van die preekdiens. Hy doen ook weg met die kerkjaar en kerklike feesdae en stel die lectio continua in die plek daarvan (Van der Velden 2000:174).

c. Calvyn

Wagner-Ferreira  (2008:120) dui aan dat Straatsburg’n baie belangrike rol gespeel het in die geskiedenis van die erediens in die algemeen en by name dié van die Gereformeerde kerke. Dit was hier dat Diebold Scharz op 16 Feb. 1524 die gesuiwerde Duitse Mis in die Johannes die Doper-kapel van die katedraal van Straatsburg bedien het. In die Mis het hy,

alhoewel die orde hoofsaaklik dieselfde gebly het, die Roomse offerleer afgewys en het hy die gemeente by die skuldbelydenis betrek.

Teen dié agtergrond moet die invloed op die liturgie van Martin Bucer sedert 1552 gesien word. Hy het veral klem gelê op die vereenvoudiging van die diens, die betekenis van die preek, die uitbreiding van die gemeentesang, die afskaffing van allerlei seremonies, en die vervanging van die verskillende terme wat te veel aan die Roomse offergedagte herinner het. Calvyn het die liturgiese orde van Bucer gebruik as voorbeeld vir die Franssprekende gemeente in Straatsburg. Met sy terugkeer na Genève moes hy die liturgiese orde aanpas om met dié van Farel ooreen te stem. Dit was ’n verarming, want die nagmaal word nie meer elke Sondag gevier nie, die absolusie is weggelaat asook die gebruik dat die Tien Gebooie gesing word. Calvyn het onder protes dié wysiginge aangeneem. Hy het steeds gehandhaaf dat die Skrif vier dinge verorden het vir die samekoms van die gemeente (Brienen 1987:176-219):

a. die prediking van die Woord;
b. die openbare en plegtige gebede;
c. die bediening van die sakramente met name die Nagmaal;
d. die insameling van gawes

Soos Calvyn dit wou hê, lyk die liturgiese orde van die diens as volg:

i. Die skuldbelydenis, Skrifwoord van vergewing en absolusie het ’n vaste plek in die erediens.
ii. Calvyn laat die gemeente die Dekaloog en die Apostoliese Geloofsbelydenis sing. Aan die gemeentesang, ook as antwoord in die liturgiese gang van die diens, heg hy groot waarde.

iii. Die voorgebed is kort en enkel ’n bede om verligting deur die Gees met die oog op Skriflesing en prediking.
iv. Skriflesing en prediking word as ’n eenheid gehandhaaf. Op die voorlees van die Woord volg onmiddelik die verklaring en toepassing.
v. Daarop volg die groot gebed met voorbidding vir allerlei sake en met insluiting van die Ons Vader.
vi. Die Apostoliese Geloofsbelydenis volg telkens as antwoord van die gemeente op die preek.
vii. Die voorganger verrig die diens van agter die nagmaalstafel, maar gaan op die kansel vir die voorgebed, Skriflesing en prediking.
viii. Die seën is steeds uit Num. 6

Hierdie liturgiese orde is deur John Knox na Engeland oorgebring en deur Marten Mikron in medewerking met Johannes ‘a Lasco na die Protestantse vlugteling-gemeente in Londen. Dit het ook wortel geskiet in Nederland, Frankryk en elders waar Protestantse gemeentes saamgekom het.

d. Petrus Dathenus

Dathenus kan in baie opsigte as die grondlegger van die Nederlandse liturgie van die Calvinistiese kerke beskou word. In 1563 gee hy ’n Nederlandse vertaling van die Heidelbergse Kategismus uit en voeg daaraan enige formuliergebede toe. In 1566 gee hy ’n Nederlandse Psalmberyming uit waarin ook die kategismus, die formuliere en formuliergebede opgeneem is. Die kenmerke van Dathenus se liturgiese geskrifte is die volgende:

i. Die Woordverkondiging het die misoffer vervang.
ii. Die tug oor die gemeente word sterk verbind met die liturgiese lewe van die gemeente.
iii. Die formuliere is opvallend onderrigtend van aard.
iv. Die beklemtoning van die leerrede laat die erediens 'n sterk intellektualistiese aspek verkry.
v. Die liturgiese handelinge is in vergelyking met Rome baie sober.
vi. Die presbiteriale kerkregering word baie sterk vooropgestel.

Die betekenis van die liturgiese orde in die Gereformeerde Kerke soos dit ontwikkel het vanuit Genève oor die arbeid van Dathenus heen, het ook vir die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika groot betekenis gehad. Die gerigtheid van die liturgie op God (teosentries van aard), die normatiewe karakter van die Skrif, die aksentuering van die Woordverkondiging, die handhawing van die nagmaal as maaltyd, die aandeel van die gemeente deur sang en belydenis in die eie taal, die ordelike verloop van die erediens en nog veel meer, kan direk teruggelei word tot hierdie verlede.

### 3.10. Liturgiese bewegings sedert 1900 n.C.

Na die Hervorming en veral gedurende die 18de eeu, het die liturgiese besef 'n insinking beleef. Die besef dat die erediens voor alles 'n ontmoeting van die Here met sy volk is, het verlore gegaan. Hiertoe was beide die "verligting" met die aksent op die rede en die wil, en die "piëtisme" met die aksent op die eie sielsbelewing, verantwoordelik dat die binding aan die gemeente as liturgiese vergadering van Gods volk verdwyn het. Al hierdie dinge het meegewerk tot 'n slordigheid, onnoukeurigheid en onverantwoordelikheid rondom die vorm van die erediens. In die Protestantse Kerke het die liturgiese herlewing aan die begin van die

19e eeu sterk na vore gekom terwyl dit in die Rooms-Katolieke kerk veral by Vaticanum II (1963) deurgewerk het.

Wat die Protestantse Kerk betref, was daar die volgende bewegings:

i. Die sakramentalisme of ook die herwaardering van die nagmaal as sentrum van die erediens wat by teoloë soos Van der Leeuw in sy werk "Liturgiek" na vore gekom het. Hy wou kragtens sy fenomenologiese uitgangspunt alles bind aan die vleeswording, en het die volbragte werk van Christus, wat nie weer herhaal kon word nie, asook die betekenis van die werk van die Heilige Gees, in gedrang gebring.

ii. Die Spiritualisme van die pentekostalisme en die aanverwante groepe wat die vernuwing soek in die ongebondenheid sonder liturgiese orde. Die geestesgawes van tale, profesie, genesing ensovoorts bepaal nou die aard en inhoud van die erediens. Die aksent val op die ekstatiese en emosionele belewing.

iii. Die funksionalisme wat opkom uit die struktuur-funksionele benadering van die Sosiologie. Die verkeerde toepassing van die benadering wyt die swak kerklike meelewing en erediens-besoek aan die struktuur en vorm wat dan nie sou deug nie. Die norm vir die struktuur en derhalwe ook vir die liturgiese vorm word gesoek in die gebrek aan suksesvolle funksionering. Die vraag na die geloof en na die inhoude word nie allereers gevra nie en die struktuur word sonder meer afgemaak.

iv. Die konserwatief-progressiewe benadering waarin na die eis van Gods Woord en in die lig van die liturgiese ontwikkeling gepoog is om die liturgiese vorme en handelinge te suiwer om te wees wat God dit gewil het om te wees. Vanaf Kuyper tot op hede het die besinning oor die liturgie binne Gereformeerde kringe steeds in omvang en diepte toegeneem. Die kerk en teoloë was bekommerd oor die slordige, ondeurleefde en

dikwels onverantwoorde wyse waarop met die hart van die kerklike lewe omgegaan is. Die eerlike besinning het beslis bygedra tot die verantwoording oor en die verdieping van die liturgie. Tog word daar in hierdie benadering nog gans te min vanuit die teologiese perspektiewe oor die troonheerlikheid, die troonverbond en die troonwil geredeneer. Daarmee saam word die dialogiese wederkerigheid te min gebind aan die Heilige Gees wat deur die Woord werk.

In die Roomse Kerk het die volgende vernuwingsaksente geblyk toe Pous Paulus VI na die sitting van die 2de Vatikaanse konsilie die besluit wat op 4 Desember 1963 oor die heilige liturgie geneem is, afgekondig het:

i. Die herwaardering van die Bybel as bron vir die liturgiese lewe – sonder oplossing van die probleem tussen Skrifgesag en tradisie;
ii. Die prediking as onderdeel van die liturgie het nuwe betekenis gekry;
iii. Die bevordering van die aktiewe deelname van die gemeente;
iv. Die vereenvoudiging van die liturgie self;
v. Die herstel van die gebed as smeking in nood;
vi. Die meerdere deelname van die lidmate in gemeentesang.

## 3.11. Die ontwikkeling van die liturgie in die erediens en die betekenis van die verskillende elemente van die liturgie

i. Die Groet

Die groet tussen die liturg en die gemeente het sy oorsprong in die alledaagse lewe waar mense mekaar groet. Die spesifieke inhoud van die groet onderskei dit egter van die alledaagse en maak daarvan iets besonders. Die liturg betuig met die groet “Die

Here is met julle" dat hy in diens van God staan en die gemeente vertrou aan die liturg die voorgangersrol toe deur op die seën te reageer met "En ook met u" (Oskamp en Schuman 1998:157).

ii. Die Votum

Voor die votum is dit gepas dat die erediensgangers 'n oomblik van stilte benut om hulle in te stel vir die ontmoeting met God soos deur byvoorbeeld Psalm 62 en 65 te lees (Van der Velden 2000:15). In die middeleeuse kerk was dit gebruiklik om die woorde "Ons hulp is in die naam van die Here wat Hemel en aarde gemaak het" as bemoediging uit te spreek voor die votum, maar in die Protestantse kerk word die woorde eerder as votum self gebruik (Schuman en Osman 1998:159). Na sy Latynse oorsprong het die woord "votum" die betekenis van 'n gelofte aan 'n god maak, of daarmee saam die betekenis van 'n wens of verlange. Dit het die emosionele betekenis om die gemeente te laat ervaar dat die erediens aan God gewy word (Van der Velden 2000:16). Deur die geskiedenis het die votum in die kerk die saamgestelde betekenis verkry van:

a. die konstituering plus die inroep van God plus die toewyding aan God se diens, en
b. die begin van die erediens as die verbondsverkeer tussen God en sy gemeente.

Omdat dit 'n gebedskarakter het kan dit afgesluit word met die Amen. Die votum moet so gekies word dat dit die geestelike karakter van die erediens verwoord en die gemeente laat uitsien nie 'n diepe ontmoeting met God. Die gemeente moet ervaar dat die Here naby hulle is, inteendeel, by hulle en deur sy Gees in hulle werksaam is.

Soos Israel van ouds die sekuriteit beleef het dat God in hulle tyd van nood daar is, moet die erediensganger ervaar dat hierdie ontmoeting met God in die erediens die geleentheid gaan wees waar nuwe perspektief en hoop ontvang gaan word.. Die votum word vandag in baie verskillende vorme aangetref en dikwels volgens die eie bewoording van die liturg. Die woorde van die votum behoort egter uit die Skrif te kom en die gemeente as Woorde van God aan te spreek.

iii. Die Seëngroet

Die seëngroet bevat ’n verkondigingselement en is nie bloot ’n vriendelike groet van die liturg tot die gemeente nie. Dit is:

a. ’n groet wat in lyn met die groet van die opgestane Here lê;
b. `n amptelike toesegging waar die liturg die mondstuk van die Here is wat die gemeente begroet met aankondiging en toesegging van sy genade en vrede.

Dit is ’n tipiese Nederlandse gebruik om die votum en die seëngroet te kombineer (Van der Velden 2000:17). Hoewel die bewoording vandag in heelwat verskillende vorme voorkom, moet die karakter steeds weerspieël dat dit God se groet aan die gemeente is wat die liturg namens God uitspreek. Die groet is in die Bybel ’n gelade gebeure omdat mense deur die groet hulle aan mekaar verbind, ’n teken van gemeenskap. God se groet aan sy gemeente hou ’n belofte in van sy hulp, sy trou en sy standvastigheid om nie te laat vaar wat Hy begin het nie (Van der Velden 2000:18). Die liturg steek dan ook een hand in die lug om die gesproke woord met liggaamstaal te onderstreep. Dit verleen gesagvolheid, verbintenis en oortuiging aan

die votum, wat met oop oë uitgespreek word en wat die gemeente met oop oë moet aanhoor.

i. Amen

"Amen" beteken: Dit is vas en seker. Uit skrifgedeeltes soos Deut.27:15-26 en Neh.8:7 (NAV 1983) is dit duidelik dat dit die woord was waarmee die volk instemming betuig het met wat God aan hulle gesê het – dis waar, dit geld vir ons lewens, dit is die fondament vir ons sekerheid, ons laat ons daardeur lei. Die "Amen" word normaalweg beskou as 'n teken dat 'n sekere handeling verby is, maar dit kan op veral drie geleenthede in die erediens funksioneel aangewend word: Na die seëngroet, na die preek, en na die slotgebed. Na die seëngroet sê die gemeente: Hierdie God wat ons gegroet het, is ons God, Hy groet en seën ons. Na die preek sê die gemeente: Dit was God se woorde aan ons, ons laat ons daardeur lei. Na die gebed sê die gemeente: Dit was ons gebed.

ii. Lofliedere

"In een opzicht bleven de protestantse gemeenten in hun liederen bewust staan in de traditie van de kerk der eeuwen: zij poogden de woorden van de Schrift te zingen, vooral de psalmen" (Van der Velden 2000:20). By Calvyn en by latere Gereformeerdes, is ná die seëngroet onmiddelik oorgegaan tot die verootmoediging met die skuldbelydenis in die gebed of in die lied. Hierop het dan die genadeverkondiging met die daarop volgende aankondiging van die oordeel oor die onberoulikes gevolg. So het die gesamentlike belydenis van skuld en die genadeverkondiging die bieg by Rome vervang. Hierdie aanvanklike uitgangspunt in

die liturgiese orde is later deur baie kerke vervang met die lofsang terwyl die element van verootmoediging in 'n later stadium in die erediens voorkom.

Gemeentesang is een van die kenmerke van die Protestantse vernuwing van die liturgie in die tyd van die Hervorming. In die Middeleeuse kerke het kore die sang behartig, asook die priester. Deur liedere kom die gemeente bid, bely, loof, verootmoedig en vier. Die gemeente praat met God, maar ook met mekaar. Maar deur die lied praat die gemeente ook met die wêreld en roep die hoorder op tot erkenning van God as Skepper en verlosser en die belydenis dat Hy die enigste ware, drie-enige God is. Deur die lied neem die gemeente eintlik deel aan die bediening van die Woord. Daarom is dit so belangrik dat die kerklied op die Woord gebasseer is en die Woord verwoord. Dit moet woorde wees wat God op hulle lippe geplaas het en die liggaam is die musiekinstrument wat daaraan uiting gee.

Die beryming van psalms word in die Calvynse tradisie daardeur gekenmerk dat hulle in hulle Ou Testamentiese vorm geskryf en gesing word – daar word nie lyne deurgetrek na die Nuwe Testamentiese openbaring nie. In die Lutherse tradisie word dit wel gedoen (Van der Velden 2000:21).

Die liedere in die erediens moet so gekies word dat daar 'n samehang is tussen die liedere, die Skriflesing en die preek, sodat dit as 'n groot geheel ervaar word. Die gemeentes van die Hervorming was gewoond om al die verse van 'n psalm te sing, en as dit te lank was om dit in een slag te sing, is dit opgedeel in gepaste dele. Die voordeel daarvan was dat die hele psalmboek gereeld deur die gemeente deurgesing is

en dat die gemeente bekend geword het met al die psalms. Daar was nie so iets soos onbekende psalms nie. Vandag word vrylik daarvan afgewyk en is dit meer belangrik dat die inhoud by die bepaalde moment pas. Indien alle verse van ’n spesifieke lied nie by ’n bepaalde liturgiese gebeure pas nie, kan verse van verskillende liedere gesing word soos dit daarby pas. Die voordeel van ons huidige gebruik is dat die liedere wat gesing word duidelik deel uitmaak van die diens as geheel. In die praktyk beteken dit wel dat die keuse van die liedere geheel en al in die hande van die voorganger lê en dat die prediker eintlik die inhoud van die liturgie bepaal.

iii. Die Wet, Skuldbelydenis en genadeverkondiging

“De Tien Geboden hebben van meet af aan een belangrijke plaats gehad in de geloofsbeleving binnen de gereformeerde traditie. Ook hier is het weer de vraag of de beleving van dit gebruik bij ons helemaal hetzelfde is als in de eerste tijd van de Reformatie. In de hedendaagse liturgie heeft het voorlezen van de wet des Heren twee betekenissen. We vinden deze terug in de Heidelbergse Catechismus: de geboden van God laten ons onze ellende kennen en ze zijn regel voor de dankbaarheid” (Van der Velden 2000:22).

Die betekenis van die wet is meervoudig. Die wet het hoofsaaklik drie funksies:

a. Die wet dwing die mens na Christus en sy oordeel; Die wet bedwing goddelose mense
b. Die wet is aan gelowiges gegee om hul `n dieper verstaan van die wil van God te gee

c. en hulle aan te moedig om daarvolgens te lewe

Barnard (1981:544-545) en Vos en Pieterse (1997:234) meen dat die wet in die erediens hoofsaaklik die volgende twee funksies het:

i. Die wet is die spieël vir die kennis van die sonde. Die wet maak mense bewus van die heiligheid van God en van die eise wat Hy stel aan sy dissipels. Verder is die bedoeling dat die besef van sonde die gemeente moet bring om na Christus se verlossing te gryp. Dit is dan `n tugmeester na Christus (NAV 1983:Gal 3:24).

ii. Die wet is ook `n reël van dankbaarheid. Die wet druk God se wil vir sy volk en sy kerk uit. Die gemeente luister na die wet met die bedoeling om dit in nougesetheid na te volg in die konkrete lewe. God se aanspraak op sy verbondskinders kom tot uitdrukking waar hulle sy wet aanhoor en gehoorsaam.

JT Bakker het ten opsigte van die genadeverkondiging die vraag aan die orde gestel wat die betekenis van die verkondigingsaspek van “genadeverkondiging” is – of dit iets meer doen as wat die prediking kan. Calvyn het ’n sakramentele status van die genadeverkondiging afgewys, maar dit was teen sy sin dat die liturgiese orde van Geneve genadeverkondiging heeltemal uitlaat. Genadeverkondiging as liturgiese handeling kom in gesprek met dogmatiek, eksegese en pastoraat (Oskamp en Schuman 1998:189).

In kerke met Calvinistiese agtergrond kan die skuldbelydenis op een van twee plekke in die liturgie aangetref word. Eerstens na die votum en die groet en voor die gebed om die opening van die Skrif. In die Nederlandse Hervormde Kerk se diensboek van 1955 word vyf verskillende ordes van die erediens aangetref en in elke orde is daar sprake van skuldbelydenis en genadeverkondiging en/of die lees van die tien gebooie. Die tien gebooie kan aan die begin van die diens, na die votum en groet, gelees word in aansluiting by die verootmoediging en skuldbelydenis. Dit pas ook om na die votum en groet eers ’n gebed om verootmoediging uit te spreek, daarna God se genade te verkondig en daarna die wet te lees. So het die lees van die wet die funksie om te dien as reël van dankbaarheid en riglyn vir die nuwe lewe.

Tweedens het die skuldbelydenis ook ’n vaste plek in die nagmaalviering in die formulier wat gelees word voor die tekens uitgedeel word. Nadat die instellingswoorde gelees is, word die gemeente opgeroep tot selfondersoek met die skuldbelydenis wat daaruit voortvloei. Vanselfsprekend moet genadeverkondiging aan die beroulike en teregwysing van die onberoulike daarop volg.

Wanneer ons in die erediens ons skuld bely, kom staan ons as gemeente voor God. Dit gaan om die openbare belydenis van skuld deur die hele gemeente. Die gemeente moet self aan die woord kom om die ervaring van eie nood en sonde voor God te verwoord. Teenoor die majesteit van God bely die gemeente haar sonde en skuld. Die skuldbelydenis is ’n oproep om ontferming, met ’n beroep op God se volkome barmhartigheid in Christus, ten einde weer in die vryheid van Sy genade en liefde te lewe.

iv. Die Geloofsbelydenis

Die volk kom "ja" sê vir die reëls van die koninkryk en vir die genadige vergifnis. In die vroeë kerk was die Apostoliese Geloofbelydenis verbind met die doop. Daarom word dit in die Middeleeue en in die Reformasie in die kategese gebruik. Die kategese is saamgestel rondom die Twaalf Artikels, die Tien Gebooie en die Onse Vader (Van der Velden 2000:34).

v. Epiklese

Die gebed gaan om die inroeping van die Heilige Gees om die harte vir die Woord te open en die lippe van die leraar te salf. "Voor gereformeerd besef is in de liturgie het gebed om de Heilige Geest wezenlijk. Het mag in geen enkele samenkomst ontbreken" (Van der Velden 2000:28).

vi. Skriflesing en prediking

Die Skriflesing is `n sentrale gebeure in die samekoms van die gemeente van Christus, want daar hoor die gemeente die woord van God. Prediking word in die Skriflesing gehoor, en Skriflesing word in die prediking gehoor. Die teks vir die preek kom uit die Skriflesing, en die doel is om die tekste uit die Bybel hoorbaar te maak as die Woord van God vir mense van die betrokke tyd – hulle moet hoor dat God met hulle uit die Skrif praat. Daarom word die prediking Woord-bediening genoem. Wie geroep is om te preek, stel hom/haarself in diens van die Woord van God en van die gemeente om haar te help om die betekenis van die teks te verstaan, maar ook om mense te help om self met die Skrif om te gaan. Die Bybel is immers aan die gemeente gegee (Van der Velden 2000:29-32).

Die preek word dikwels gesien as die enigste wesenlike deel van die liturgie. Die res van die erediens word soms deur beide erediensgangers en liturge beskou as `n blote aanhangsel. Dit is egter nie die geval nie. Prediking moenie oorskat of onderskat word nie. Die gemeente is meer as die erediens en die erediens is meer as die preek.

`n Preek is `n religieuse diskoers wat in `n bepaalde tyd plaasvind. Dit word deur `n prediker gekommunikeer en is bestem vir hoorders. Die preek as taalgebeure het `n verwysende funksie in die sin dat dit na God verwys. Dit maak toegang tot en kommunikasie met God moontlik sonder dat God sy plek prys gee. God neem sy eintlike plek in deurdat Hy die hoorder se bestaan uitlê en verlig. Die funksie van die preek as religieuse rede is ook om die hoorder se ervaringe in die lig van God se Woord te beoordeel, sy woorde te relativeer en sy beperkings uit te wys. Op die wyse word `n nuwe wêreld ontsluit en `n geloofsbeslissing van die hoorder gevra (Vos1996a:63).

Die prediking is `n wesenlike deel van die erediens, maar is nie die enigste deel nie. Die liturgie van die erediens vorm `n eenheid. Elke element van die liturgie vervul `n funksie en het `n doel. Om die erediens werklik sinvol te maak, moet die voorganger aan elke deel van die liturgie in die erediens die nodige sorg bestee. Die liturg se voorbereiding en aanbieding moet van so `n aard wees dat die gemeente onder die indruk verkeer dat die ander elemente ook `n wesenlike deel van die erediens is.

Die gereformeerde kerke het vir baie jare die preek as hoogtepunt van die erediens beskou, in `n poging om op die sentrum te konsentreer. In teenstelling daarmee kan die erediens as `n gemeenskaplike of gemeentelike ruimte beskou word – `n kragveld van die beloftes van God. Hierdie kragveld kan gesien of nie gesien word nie. Dit kan beleef of nie beleef word nie. Oor die teenwoordigheid van God kan in verwondering gestaan word of Hy kan skouer-optrekkend geïgnoreer word. Maar hierdie teenwoordigheid van God en die kragveld van die beloftes van God kan nie deur ampsdraers of wie ook al aangebring, aangehelp of vernietig word nie. Dit kan bloot ontdek word. Ongelukkig kan swak liturgie dit ook bedek. Goeie liturgie aan die anderkant kan ruimte skep vir hierdie selfopenbaring van God in die erediens.

vii. Gebed na die preek, offergawe en slotsang

In die eerste gedeelte van die gebed na die prediking moet die liturg die gemeente se antwoord op die Woord van God verwoord. Die tweede deel van die gebed word gewy aan voorbidding. Die Protestantse kerke het groot waarde geheg aan die diens van die gebede as konkretisering van danksegging. Die gemeente van Christus besef dat die heil nie alleen vir haar bestem is nie, maar vir die hele wêreld (Van der Velden 2000:35).

Die offergawe kan direk na die preek ingesamel word as dankbare antwoord van die gemeente. Tydens die gebed kan die dankoffers aan die Here opgedra word. Die slotsang is bedoel as antwoord op al die gebeure tydens die hele diens en voorneme op die gehoorsame uitlewing daarvan in die wêreld.

viii. Die seën

Die seën is ’n toesegging en gebed. Die liturg se uitgestrekte hande/arms simboliseer dat dit die Here se seën is wat oorgedra word en nie bloot ’n vriendelike vaarwel van die liturg is nie.

## 3.12. Skrif alleen, geloof alleen en genade alleen in die liturgie

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die erediens in die NG Kerk funksioneer as ’n Reformatoriese erediens. Dit is deel van ons identiteit vanuit die Reformasie waar verlossing in Christus slegs verkry kan word wanneer die beginsels van Skrif alleen, Geloof alleen en Genade alleen gehandhaaf word.

### a. Skrif alleen

Wanneer die Reformatore handhaaf dat ons die heil ontvang deur die Skrif alleen, gaan dit daarom dat die prediking volgens Romeine 10: 14-15 (NAV 1983) die wyse is waarop God met die mens praat, en dat die wyse waarop God die mens deur die Skrifboodskap ’n waarheidsdimensie, ’n beloftedimensie en ’n vervullingsdimensie bevat. Redding is geleë buite onsself en bestaan in die Persoon en werk van Jesus Christus – dit is die waarheidsdimensie in die prediking. Die verlossing geskied nie slegs buite ons in Christus nie, maar ook vir ons en word deur die Skrif as belofte aan ons verkondig – dit is die beloftedimensie van die prediking. Die vervullingsdimensie bestaan daarin dat die evangelieboodskap deur die Heilige Gees in ons lewe toegepas word sodat geloof in ons tot stand kom en ons in gehoorsaamheid daaraan kan lewe.

**b. Geloof alleen**

Wanneer die Reformatore handhaaf dat ons die heil ontvang deur geloof alleen, gaan dit daarom dat geloof uit kennis, vertroue en gehoorsaamheid bestaan. Die kenniselement van geloof is gerig op die heilsgebeure in Christus soos die Skrif dit verwoord, dit word in vertroue aanvaar soos die Heilige Gees ons daaraan herinner en alles leer, en dit word gehoorsaam uitgeleef deur die krag van die Heilige Gees wat oor jou kom en jou ’n getuie maak van die verlossing wat jy deelagtig geword het.

**c. Genade alleen**

Wanneer die Reformatore handhaaf dat ons die heil ontvang deur genade alleen, word bedoel dat die geloof nie in menslike prestasie geleë is nie omdat ons in ons verlorenheid tot geen verdienste in staat is nie (NAV 1983:Ef 2:1-10). Daarom is verlossing ’n gawe van God wat ons maar net dankbaar uit die hand van God kan ontvang omdat die inisiatief vir ons redding totaal en al by God lê.

Wanneer mense dan die heil deelagtig geword het deur Skrif alleen, geloof alleen en genade alleen, is die imperatief dat ons sal streef na heiliging op alle lewensterreine op grond van die verbond met God waarin ons bestaan. Dit plaas ons vanselfsprekend in geloofsverband met ander gelowiges en het ons die verpligting om as deel van die onsigbare liggaam van Christus met ander gelowiges saam te verkeer en saam te werk om sy liggaam ook sigbaar te maak en die heil effektief aan ’n verlore wêreld te verkondig.

Die Reformatoriese identiteit het ingrypende implikasies vir die erediens. ’n Reformatoriese erediens berus op die elemente van Skrif alleen, geloof alleen en genade alleen binne die Verbondsverhouding met God. Dit bepaal die liturgiese lewe van die kerk en hoe ’n erediens daar uitsien. Die liturgiese gebeure moet werklik ’n ontmoeting met God wees, en daarom is die plek en die wyse waarop die Woord aan die woord kom, van uiterste belang. Alles moet volgens die norm van die Skrif ingerig word en nie na die voorkeur van die mens nie. Die liturgie moet dus altyd getoets word aan die vraag of God verheerlik word deur dit wat in die erediens geskied en ervaar word volgens wat die Woord beskryf as verheerliking van God. Waar Skrifgesag nie gehandhaaf word nie, kan die mens verward raak oor of die God wat hy in die erediens ontmoet, die God is wat Homself in die Woord openbaar.

Die belydenis van die kerk is ook bepalend vir die liturgiese gebeure aangesien dit wat jy van die openbaring van God glo, bepaal wat in die erediens gebeur. Die aard van die erediens word ook bepaal deur watter mate geloof alleen in die liturgie verwoord word. Die wyse waarop die wet, skuldbelydenis, genadeverkondiging en wegsending geskied, bepaal of die erediensganger die lewe binnegaan met die oortuiging van diens uit dankbaarheid van genade alleen of met die oortuiging van diens ter wille van verdienste van genade.

### 3.13. Gereformeerde spiritualiteit

Die Gereformeerde spiritualiteit het beslag gekry vanuit die resultate van die Kerkhervorming en kan beskryf word as die karakter en persoonlikheid van die erediens. Dit is wat mense in gedagte het wanneer hulle praat van ’n gereformeerde erediens soos die Reformatore daaraan

uitdrukking gegee het. ’n Nederige en dankbare, sobere erediens styl met min uiterste emosionele momente van vreugde of droefheid kenmerk die Reformatore se inkleding van die liturgie. In die Gereformeerde liturgie is daar ’n redelike vaste struktuur en voorspelbaarheid in die wisselwerking tussen die liturg en die gemeente. Liedere bevat ’n sterk verkondigingsaspek, met lirieke van  goeie gehalte en komposissies wat dikwels uit die tyd van die Reformasie kom. Daar is min geleenthede waar die liturg of die gemeente op spontane wyse optree, aangesien die liturgie nougeset vooraf uitgewerk en volgens plan uitgevoer word. Die spiritualiteit van die erediens in die NG Kerk is sterk gerig op intellektuele kennis, hoewel dit ’n sterk evangeliese element bevat.

Dit is egter te bevraagteken of Gereformeerdheid noodwendig eenvormigheid in spiritualiteit en orde beteken. Gereformeerde identiteit in die liturgie beteken veeleerder om te midde van behoud van Skrif alleen, geloof alleen en genade alleen, liturgies vernuwend die geestelike en emosionele behoeftes van die erediensganger te verdiskonteer en daarvolgens ’n ontmoeting met God te fasiliteer. Die hele erediens moet volgens Noordmans die Woord van God in die samekoms van die Gemeente as die lig van die waarheid laat skyn wat alle lewensaspekte kan aanspreek.

Die erediens is die sentrale gebeurtenis in die voortgaande lewe van `n Christelike gemeente. Die erediens gaan oor die ontmoeting tussen God en sy gemeente. God nader tot die gemeente en die gemeente nader tot God. Hy neem die inisiatief in hierdie ontmoeting om die gemeente se geloof te versterk en op te bou. Hierop antwoord die  gemeente (Clasen et al 2007:11).

Alle diens in en van die gemeente is veranker in die dienswerk van Christus. Diens of bediening is `n handeling wat in die Naam van Christus plaasvind. Sy offerhande, sy "voortreflike priester-diens" (*leitourgia*) open die weg na God vir die Nuwe-Testamentiese gemeente en sy erediens. Die gemeente wandel op "hierdie weg wat Hy vir ons gebaan het deur die voorhangsel heen." Jesus Christus se *leitourgia* gee betekenis aan die liturgie, die *leitourgia* in die erediens. Tot hierdie diens waarbinne en waardeur God geëer word, moet die gemeente begelei word. Alle diens van en in die gemeente vind sy hoogtepunt in die gesamentlike erediens van die gemeente (Nel 1994:37; Vos en Pieterse 1997:4).

Die erediens voed tegelyk weer die totale *diakonia* van die gemeente. Diens aan God en diens aan mense kan Bybels nooit geskei word nie. God word juis gedien deur die diens aan mense. Godsdiens en naastediens hoort bymekaar. `n Erediens sonder hierdie ingeboude perspektief op die *diakonia* mag vroom klink, maar is `n miskenning van die karakter van die erediens en sy liturgie (Nel 1994:37; Vos en Pieterse 1997:7-8). Daarsonder bly dit vir die erediensganger slegs `n vermaaklike of interessante byeenkoms wat die onbewustelike innerlike hunkering na `n ontmoeting met God aanspreek.

Vanuit die erediens word die gemeente gebou. Dit is egter ook waar die gemeente wat erns maak met gemeentebou, vernuwing sal ervaar. Daar is `n baie nou verweefdheid tussen die verskillende bedieninge as handelinge in diens van die kommunikasie van die evangelie, sodat die Vader, Seun en Gees verheerlik kan word (Nel 1994:38). Uit verskillende oorde word die begeerte uitgespreek om by alles verby te gaan en die grondvorm of die grondstruktuur van die erediens bloot te lê (Barnard 1981:521).

Barnard (1981:522-528) en Vos (1996d:223-228) het die volgende strukture aangetoon:

`n Viervoudige struktuur word aangetref in die “Orden voor de Eredienst van de Gereformeerde Kerken” in Nederland. Daar word gemeen dat as daar `n klassieke grondstruktuur vir die erediens bestaan, dit die volgende sou bevat:
Intog, verootmoediging, diens van die Woord, diens van die offerhande en nagmaalsviering.

Hierdie struktuur word nie net so in die Skrif of in die geskiedenis aangetref nie, maar kan slegs gedeeltelik so saamgevat word. Dit kan egter as baie kunsmatig beleef word en `n mens sukkel om al die elemente daaronder tuis te bring. Een van die besware is dat daar van die intog te veel gemaak word terwyl die gemeente reeds in die kerk op hulle plekke sit.

Johannes Calvyn gaan uit van Handelinge 2:42 waar hy hierdie vier grondelemente onderskei: prediking van die Woord, gebede, nagmaal en dankoffers. Calvyn word hierin gevolg deur die Heidelbergse Kategismus, Sondag 38 (Handboek vir die erediens 1991:217), wat by die uitleg van die vierde gebod dit stel dat die gelowiges op die rusdag saam met die gemeente ywerig moet opkom “ om die Woord van God te hoor, die sakramente te gebruik, God die Here aan te roep en aan die armes Christelike liefdegawes te bring”.

Die erediens is `n lewende gesprek tussen God en mens. Barnard (1981:526) stel dit duidelik dat daar nie vanuit die Skrif `n duidelike grondstruktuur aangewys kan word nie. Daar is duidelike elemente van die erediens en onder die elemente kan `n paar van

die belangrikstes uitgelig word, naamlik die prediking, die sakramente, die gebede en die diens van barmhartigheid.

Uit die Skrif is die wese van die erediens vasgestel as `n lewende gesprek tussen God en sy volk. In hierdie gesprek vind daar `n wonderlike ontmoeting met die Here plaas, sodat die gemeente dit kan beleef en met ware aanbidding kan antwoord (Vos en Pieterse 1997:7).

As gesprek begin die erediens by `n bepaalde punt en op `n bepaalde wyse, dit verloop in die vorm van woord en antwoord, wat elkeen sy plek in die gesprek het. Daar is verskeie belangrike momente, waarvan die belangrikste seker is wanneer God deur sy Woord mense aanspreek en die mens daarop antwoord.

Daarom word hier nie uitgegaan van `n struktuur nie, maar van die wesentlike van die erediens wat volgens bepaalde grondbeginsels `n vorm moet verkry. Daar word dus nie een of ander struktuur uit die geskiedenis of van elders in die erediens ingedra nie of van buite opgelê nie, maar daar word gepoog om vanuit die wese van die erediens die grondelemente in so `n orde te plaas dat dit die beste bedoeling van die Skrif vertolk.

Lewende liturgie ontstaan telkens in die spanningsveld tussen ’n herkenbare orde van diens en die inhoud van die kerkjaar en eie tekskeuse of tema (Oskamp en Schuman 1998:153).

**3.14. Liturgiese ontwikkeling in die twintigste eeu: Die Liturgiese Beweging en daarna**

Barnard (2006:22-23) fokus op Oskamp se insigte met betrekking tot die ontwikkeling in die liturgie gedurende die laaste dekades. Gedurende 1973, 1998 en 2004 reis Oskamp en doen met `n vraelys aan by gemeentes op die rand van die kerklike lewe, plekke wat hy die werkswinkel van die Liturgiese Beweging noem. Hy vind entoesiasme, nuuskierigheid en ontdekkersvreugde – gemeentes wat liturgiese skatte ontdek. In daardie kader ontstaan nuwe liedere en gebede, word nuwe liturgiese vorme beproef en oues herontdek.

Dat die kerk se liturgie beslis baat vind by die bestudering van die ontstaan en ontwikkeling van liturgieë word duidelik uit die volgende: Na baanbrekerswerk deur J H Gerritsen, soos voortgesit deur G van der Leeuwen, word die lectorium van die Romeinse Missaal uit 1570 herontdek en `n skat aan nuwe liedere word gebore. Die Liturgiese Beweging baat geweldig daarby en beleef `n voorlopige samevattende afsluiting in die publikasie van "Dienstboek – een proeve. Schrift, Maaltijd, Gebed" van die Protestantse Kerk in Nederland (Barnard 2006: 24).

**4. Samevatting**

Dit is duidelik dat "soekers" deur die eeue tot `n ontmoeting met God in die erediens gelei is deur `n Skrif-gegronde liturgie, `n liturgie wat nie slegs die Woord van God aan die woord gestel het nie, maar die verhaal van God se genade en liefde verwoord het. Die verskillende elemente van die reformatoriese liturgie, soos ons dit in die NG Kerk ken, vul mekaar aan, maar is nie inter-afhanklik nie, met ander woorde, om die ontmoeting tussen God en die gemeente te fasiliteer hoef alle liturgiese elemente nie aanwesig te wees nie, hoewel daar

seker gemaak moet word dat die regte kombinasie van liturgiese elemente sinvol aangewend word om die doel van die erediens te bereik.

Vervolgens is dit belangrik om vas te stel hoe die liturgie God se spreke fasiliteer deur die loop van die erediens, en hoe dit op vernuwende maniere gebeur binne die veranderende konteks waarin mense hulle bevind.

# HOOFSTUK 4

# DIE TAAL VAN DIE LITURGIE

## 1. Die tuiskoms van die preek by erediensgangers

Die taal van `n preek is mondelings, nie skriftelik nie. Die prediker moet die boodskap sodanig aanbied dat die luisteraar ervaar dat hy in sy huidige situasie aangespreek word ten opsigte van sy verhouding met God, sy naaste en sy leefwêreld. Die preek kry hande, voete, oë en ore wat raaksien en hoor wat die luisteraar se behoeftes is en wat die luisteraar aanraak en aanspreek. Die gesproke woord berus op interaktiewe kommunikasie. Dit beteken dat die luisteraar in sy gedagtes `n gesprek met die prediker kan voer. Die gesproke woord vereis kort, duidelike sinne. `n Enkele woord is soms genoeg om die boodskap tuis te bring (Vos 2005:330-331).

Kreatiwiteit is `n homiletiese vereiste. Die konsep van `n preek as `n oop kunswerk bied ruimte vir kreatiwiteit. `n Kenmerk van homiletiese kreatiwiteit is om sensitief te wees vir menslike probleme, wat die prediker in staat stel om die situasie en lewe van die luisteraar te verstaan. Die liturgie laat ruimte vir verbeelding waarin ons verhoudings met God, ons naaste en die wêreld ondersoek en verdiep kan word. Dit is die doel van die preek. Die gelowige kan sien dat God teenwoordig is en aan die werk is in die gegewe realiteit. `n Teopoetiese verbeelding kan die onsigbare sien, aangesien God se voetspore nie altyd sigbaar is in die stofpaaie van die lewe nie (Vos 2005:333). Aangesien die liturgie kommunikatief van aard is, soos aangetoon in hoofstuk 2, geld dieselfde idee die hele liturgie.

## 2. Die wyse waarop die gemeente ingerig word met die oog op die tuiskoms van die boodskap van die liturgie: Perspektiewe van TG Long, Wepener en van der Merwe en HJC Pieterse.

### 2.1. Thomas G Long

In sy navorsing het Thomas G Long gevind dat hoofstroomgemeentes in die VSA wat dit regkry om te groei (hy noem hulle "vital and faithful congregations"), die volgende gemeenskaplike beginsels handhaaf en eienskappe vertoon (2001:13):

i. Hulle maak gedurende die erediens ruimte vir die ervaring van misterie
ii. Hulle het beplande en toegespitsde pogings om gasvryheid teenoor vreemdelinge te toon
iii. Hulle maak ruimte om die drama inherent aan die christelike erediens sigbaar te maak
iv. Hulle gemeentesang en musiek is uitstekend en eklekties in styl en genre
v. Die ruimte en atmosfeer van die erediens word op kreatiewe wyse aangepas
vi. Die konneksie tussen die aanbidding van God en die plaaslike doel van die gemeente word in elke aspek van die erediens aangeraak
vii. Hulle handhaaf `n stabiele liturgie en `n betekenisvolle repertiore aanbiddingselemente en response wat die gemeente ken
viii. Hulle beweeg na `n vreugdevolle en feestelike ervaring teen die einde van die erediens
ix. Hulle het sterk, charismatiese leraars as liturge

## 2.2. Wepener en van der Merwe

Wepener en van der Merwe (2009:148-164) se interpretasie van Long se bevindings is betekenisvol. Dit word “Nege lense op die erediens” genoem, en beskryf wat “lewende en getroue gemeentes” kan doen om lidmate en “soekers” te laat ervaar dat dit die moeite werd is om tyd in die erediens deur te bring:

2.2.1. Lewende eredienste maak iewers in die erediens ruimte vir die ervaring van God se teenwoordigheid en misterie. God is teenwoordig omdat Hy die een is wat mense roep en nooi om byeen te kom as geloofsgemeenskap (Clasen et al 2007:11). Ons kan Sy teenwoordigheid nie tot stand bring deur die liturgie nie. Ons kan hoogstens struikelblokke uit die weg ruim wat mense sal verhoed om Hom te ontmoet. In die eerste plek moet die liturg - maar natuurlik ook die gelowiges – glo dat God daar teenwoordig is. Die volgende skep ruimte om van God se teenwoordigheid bewus te word:

i. Stilte – stilgebed aan die begin of einde van die erediens;
ii. Alternatiewe gebedshoudings – deur byvoorbeeld die handpalms na bo te draai om op God te fokus as die Gewer van alle dinge;
iii. Die sinvolle gebruik van simbole en rituele as ervaring van God se teenwoordigheid wat nie onder woorde gebring kan word nie.

2.2.2. Lewende eredienste het beplande pogings om gasvry teenoor die vreemdeling te wees. Mense verlaat die hoofstroomkerke nie noodwendig as gevolg van leerstellige verskille nie, maar eerder as gevolg van die afwesigheid van warmte en `n “sense of belonging” wat juis van `n geloofsgemeenskap verwag word. Dit wat mense in die

geloofsgemeenskap ervaar vergestalt dikwels hulle ervaring van God self. Daarom moet moeite gedoen word om:

i. met die wyse waarop mense op die kerkterrein en by die deure verwelkom word en geleentheid kry om in te skakel;
ii. eredienste kindervriendelik te maak;
iii. niemand uitgesluit te laat voel met die terminologie, inligting en liedere wat gebruik word nie.

2.2.3. Lewende eredienste het die dramatiese inhoud van die evangelie ontdek en maak dit sigbaar in die liturgie.

In plaas daarvan om eredienste dramaties te “maak”, word die inherente dramatiese struktuur van die erediens tot uiting gebring binne die viervoudige beweging van die liturgie naamlik die toetrede, die diens van die Woord, die diens van die tafel en die wegsending. In God se teenwoordigheid word ons geroep om `n alternatiewe gemeenskap in hierdie wêreld te wees. Ons ontvang vergifnis, genesing, wysheid, bemoediging en hoop wat ons die wêreld moet indra om `n impak te maak in mense se lewens, sodat hulle God kan leer ken. Die mees dramatiese oomblikke van die erediens vind plaas rondom die sakramente waar mense sonder verdienste die toesegging van God se genade ontvang en hoor: “Jy is Myne!”

2.2.4. Lewende eredienste het musiek en gemeentelike sang wat van uitnemende kwaliteit is en wat eklekties is in styl en genre.

Drie kenmerke van musiek is te bespeur in die eredienste van "lewende en getroue gemeentes":

i. Die musiek is *gemeentelik* – die musiek kom veel meer vanuit die gemeente en dien die gesamentlike aanbidding in die erediens, as om van uitvoerende aard te wees. Dit kan enige element van die erediens verryk;

ii. Die musiek is van uitnemende *kwaliteit* – dit het `n bepaalde *funksionaliteit* deurdat mense beleef dat dit gedagtes en gevoelens toepaslik tot uitdrukking bring. Hoewel goeie erediensmusiek die mens wil uitnooi tot `n voller ervaring van geloof, moet `n balans gehandhaaf word met dit waarvan mense hou om te sing.

iii. Die musiek is *eklekties* – daar word nie vooraf besluit dat `n sekere musiekstyl (byvoorbeeld "Rock" of "Country") onaanvaarbaar is om in die kerk gespeel te word nie, maar musiek uit enige styl, wat aan die kriterium van uitnemendheid voldoen, word benut. Musiek kan verskillende funksies in die erediens vervul: verkondigend, gemeenskapstigtend of aanbiddend. Die funksie bepaal die keuse van die lied.

2.2.5. Lewende eredienste is eredienste waarin die ruimte en omgewing van die erediens kreatief ingerig word om die erediensgebeure te komplementeer.

Die argitektuur en kondisie van die gebou en die toerusting wat as hulpmiddels gebruik word gaan gepaard met `n verskillend genuanseerde geloofsverstaan en Godsbeeld. Dit gaan meer oor die binnekant van die gebou as die buitekant. Wat ervaar mense by die ingange waar hulle die gebou betree en daar waar hulle sit? Wat is hulle ervaring van die liturgiese ruimte en dit wat daar gebeur? Die erediensgangers moenie begroet word met dit wat hulle gedurende die week in die wêreld ken en ervaar nie. Hulle moet welkom en tuis voel in die geloofsgemeenskap, ervaar dat hulle "behoort", reeds daar in die parkeerterrein en die ingange, en veral daar waar hulle sit en deelneem aan dit wat in die liturgiese ruimte afspeel.

2.2.6. Lewende eredienste trek duidelike lyne tussen die erediensgebeure en die gemeente se missionêre roeping na buite – hierdie verbande is duidelik in elke aspek van die erediens.

Dit moet vir die erediensganger baie duidelik wees wat die doel van die gemeente is, en dit moet in elke element van die erediens sigbaar wees. Dit moet in die erediens gaan om mense wat hulleself vir God wil gee en `n verskil in die wêreld gaan maak.

2.2.7. Lewende eredienste is eredienste waarin daar `n redelik vaste diensorde bestaan, maar waarbinne daar ook ruimte is vir afwisseling en alternatiewe wat die ritme en vloei van die diens dien.

`n Vloeiende beweging is `n baie belangrike dimensie van die erediens - daar moet `n stabiele, herhalende *corpus* van gebede, votums, belydenisse, liedere en response wees

sodat mense rustig kan wees en op die teenworrdigheid van God kan fokus. Afwisselings en veranderings moet die dramatiese vloei van die liturgie dien.

2.2.8. Lewende eredienste is eredienste waarin vreugdevolle lof en viering `n vaste plek vind – veral in die latere gedeelte van die diens.

Nuwe liturgiese voorstelle en formuliere in "Vir die Erediens – `n handleiding" (Clasen et al 2007) vertoon begrip vir die oormatige klem op die kognitiewe wat vantevore in die liturgie in die NG Kerk sigbaar was. Müller (1988:11) betreur die feesloosheid van talle eredienste. Dit gaan immers in die erediens om `n liturgiese fees en mag nie die karakter dra van `n vermaaklikheidsprogram nie, maar die liturgie betrek die gemeente ook feestelik. Gelowiges gee hulleself oor aan die heerskappy van die Gees en dan volg die fees van die Gees.

Dikwels vind daar in die liturgie blitssnelle beweging plaas vanaf `n feestelike ontmoeting met God in die votum, seëngroet en lofsang, na `n oproep tot skuld en berou in verootmoediging voor God. Kognitief kan daar dalk sulke spronge gemaak word, maar dit hou nie rekening met die affektiewe van die mens nie. Daar moet `n natuurlike vloei in die erediens wees wat mense kognitief en affektief saamneem om rustig in God se teenwoordigheid te verkeer, bewus van gebrokenheid, maar ook van heling, sodat die erediens vreugdevol en hoopvol verlaat kan word.

2.2.9. Lewende eredienste is eredienste wat gelei word deur sterk, liefdevolle, wyse en entoesiastiese leiers.

Ten opsigte van die belang van die persoon van die liturg, gaan dit om integriteit, leerbaarheid, die behoefte om van die erediens `n plek van gasvryheid te maak en die oortuiging dat God in die samekoms van die geloofsgemeenskap teenwoordig is. Die liturg moet met sterk oortuiging voorgaan, en liefde, wysheid en entoesiasme vertoon. Buite die erediens om moet daar sover moontlik sterk verbintenisse tussen die liturg en die gemeente bestaan. In die erediens moet die liturg sterk leierskap vertoon, maar ook die deelname van die gemeente aanmoedig. Dit gaan alles daaroor dat die liturg die gesindheid van Christus moet vertoon – Christus kyk vriendelik na sy kinders, is entoesiasties oor sy verhouding met hulle en wil graag wysheid met hulle deel sodat hulle Hom in die wêreld kan verteenwoordig.

**2.3. HJC Pieterse**

`n Empiriese ondersoek deur Pieterse (1991:23) oor die verband tussen die wyse waarop die gemeente ingerig word en die tuiskoms van die boodskap van die preek by gemeentelede het gefokus op twee modelle van gemeente-inrigting, nl die herder-kudde-model en die liggaam van Christus-model.

Die herder-kudde-model kan as volg beskryf word:

i. Die predikant is die leier van die gemeente. Die gemeentelede volg hom gehoorsaam en vertrou hom volledig. Hulle is vir hulle kerklike lewe afhanklik van hom.

ii. Die predikant bepaal self hoe hy die gemeente geestelik sal lei. Hy kies die onderwerpe van die prediking en praat alleen. Die gemeente luister en ontvang sonder bespreking of `n inset van hulle kant af.

iii. Die prediking van die herder geskied onder die aanspraak van “So sê die Here”. Dit skep afstand, verleen aan die predikant besondere gesag en hy word selde weerspreek of bevraagteken.

iv. Die predikant is as leier en voorganger `n belangrike samebindende faktor.

v. Sosiologiese faktore dra by tot die samebinding van die gemeente aangesien die gemeentes territoriaal bepaald is.

vi. Die prediker as herder neem verantwoordelikheid vir die kudde, versorg en beskerm hulle, soms ten koste van homself.

Hierdie model lei tot passiwiteit by die lidmate. Gehoorsame navolging word `n deug.

Die liggaam van Christus-model kan as volg beskryf word:

i. Die gemeentelede neem deel aan die gesprek en praat saam oor die boodskap van die preek (Vos 2005:331).

ii. Die gemeente is op `n unieke wyse met Christus en met mekaar verbonde. Hierdie verbondenheid is baie belangrik vir die bestaan van die gemeente.

iii. Die gemeente as liggaam van Christus is daar om diens te lewer – elk volgens sy/haar gawe aan mekaar en aan die samelewing.

iv. Jesus Christus is sentraal in hierdie model. Die gemeente is afhanklik van Hom. Die afhanklikheid sit ook in die herder-kudde-model, mits Christus as herder verstaan word. In die liggaam van Christus-model is daar geen moontlikheid van verwarring nie.

v. Die gemeente word as `n korporatiewe eenheid gesien waarin die boodskap van die preek korporatief verstaan word

vi. Die liggaam van Christus-model laat verskeidenheid binne die eenheid toe. Dit is verskeidenheid ten opsigte van persoonlikhede, leefwêreld, lewensuitkyk, standpunte en ten opsigte van bedieninge en gawes.

vii. Die gemeentelede is interafhanklik van mekaar en daar is `n sterk groepskohesie. Dit skep ruimte vir koinonia.

Die liggaam van Christus-model kom reeds in die ekklesiologie van Calvyn voor. Die vorming van gemeentes in klein hegte groepe is vandag `n wêreldwye verskynsel.

Basisgemeentes, huiskerke en kleiner groepe binne die struktuur van die gemeente dui op die liggaam van Christus-model.

Die resultate van die ondersoek dui aan dat:

i. Die ervaring van `n ontmoeting met Christus tydens die preek lei tot `n individuele verstaan van die boodskap van die preek by lidmate tydens die hoor van die preek.

ii. Ervaringe van `n ontmoeting met Christus tydens die preek verskil nie in die verskillende tipes van gemeente-inrigting nie.

iii. Hoe hoër die peil van groepsinteraksie en – verhouding tussen lidmate, hoe hoër is die korporatiewe verstaan van die boodskap van die preek.

iv. Gemeente-inrigting wat die liggaam van Christus-tipe benader, is meer geneig om groepinteraksie en –verhoudinge asook korporatiewe verstaan te vertoon as `n gemeente-inrigting wat die herder-kudde-tipe benader.

Die sentrale aanname van die ondersoek is dat die prediking in die gemeente geskied as `n prediking van Jesus Christus, die Verlosser en Heer, waarin Hyself deur die Skrifteks heen aan die woord kom en Hy as Persoon ontmoet word. Hierdie ontmoeting bewerk geloof in Hom wat bevrydend en veranderend werk in die lewens van mense (Pieterse 1988:4). Hierin word die voetspoor gevolg van Calvyn wie se teologie  deurdrenk is van één belang, naamlik

Jesus Christus, van wie ons `n eksistensiële kennis moet verkry. Die ontmoeting met die lewende Heer deur die prediking heen wek die geloof op en bou dit voortdurend daarna op, en sodoende word die gemeente deur die prediking van die Woord in aansyn geroep en gekontinueer (Pieterse 1988:86).

As geloofsgemeenskap is die gemeente `n belydende gemeenskap. Die middelpunt van die gemeente se gemeenskap met die Heer en met mekaar  is die samekoms op Sondag in die erediens. Hier word Christus bely, geloof, geprys en verkondig en word die heil gevier in Woord, sakramente en gebed. Die solus Christus waarvan die Reformasie praat, word gekwalifiseer deur die sola Scriptura en die sola Scriptura bind die geloof aan `n vaste waarheidsinhoud.  Op sy beurt kwalifiseer die solus Christus hierdie waarheid as `n heilshistoriese, evangeliese waarheid waarin daar van `n aktuele persoonlike ontmoeting en verhouding ter sprake is.

Daar is `n noue verband tussen die prediking, die gemeente en Jesus Christus (Pieterse 1988:17-19). In die prediking van die kerk is Christus self teenwoordig in sy Woord. Dit beteken dat die heil in Christus aan ons geskenk word deur die hoor van sy Woord in die Skrif en deur die viering daarvan in die sakrament van die nagmaal. Christus woon in sy gemeente deur die Woord en die Gees. Die gemeente is `n gemeenskap van Christusgelowiges in gemeenskap met God en met mekaar. Christus is die geestelike hoof van die gemeente wat deur sy Woord en Gees regeer. Die unieke van die gemeente as gemeenskap is die geloofsverhouding tot Jesus Christus en die gevolglike diensvaardigheid aan Hom, mekaar en die samelewing. Dit hou ook die wonder van die kerk in. God skep deur sy Woord en Gees nuwe harte vir mense, bring hulle tot geloof in Christus, roep hulle uit die wêreld uit as sy

heilige volk, dring hulle tot getuienis in woord en daad van sy koninkryksnorme en –beginsels en onderhou hulle tot op die voleinding toe. Die kerk het dus `n ekklesiologiese doel.

Die gemeente as gemeenskap word ook gekenmerk deur diens aan mekaar, aan God en die wêreld. Die gemeente is ook, naas viering en diens `n delende en lerende gemeenskap. Om as gemeente sigself diensbaar te maak, word die gemeente toegerus met gawes van die Gees.

Die gemeente is egter ook `n sosiale sisteem en word as sodanig veral gekenmerk as `n kommunikatiewe gemeenskap (Pieterse 1988:92-94). Die kwaliteit van die tuiskoms van die boodskap van die preek hang ook af van die aard van die kommunikasie in die gemeente. Dit hou verband met die wyse van gemeente-inrigting.

## 3. Die gespreksmatigheid van die liturgie: `n keuse vir die dialogiese kommunikasieteorie

In die prediking is daar breedweg beskou drie kommunikasieprosesse wat as't ware in mekaar oorgaan, naamlik

i. God – Woord – prediker;
ii. prediker – preek – gemeente; en
iii. gemeente – getuienisdiens – wêreld.

In die oorgang van die eerste na die tweede staan die prediker met die gehoorde teks in die middelpunt; in die oorgang van die tweede na die derde staan die gemeente met die gehoorde preek in die middelpunt. Die preek word bevestig deur die amen van die gemeente, maar vind sy bestemming in die missio ad mundum: hiervan is die amen slegs die begin (Pieterse 1991:6).

By die verkondiging van die evangelie gaan dit om kommunikasie en handelinge wat dit bevorder. Firet het die gespreksmodel gekies as grondstruktuur van kommunikasie in diens van die evangelie (Vos en Pieterse 1997:20) en hy vestig die aandag daarop dat daar `n groeiende konsensus is dat dit in die praktiese teologie gaan om kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie. Hierdie kommunikasieteorie vra om predikante as liturge wat die houding inneem van fasiliteerder om `n atmosfeer te skep in die diens en die gemeente van `n verhoudings- en persoonsgerigte bediening (Vos en Pieterse1997:22). Die dienswerk van die kerk in al sy vertakkinge behoort dus vanuit die perspektief van die kommunikasie van die evangelie beskou te word (Pieterse 1991:7). Die Woordgebeure in die werklikheid van die lewe van die gemeente is wesenlik kommunikatief. Vos en Pieterse (1997:24) onderstreep dat die wesenstruktuur van die erediens `n gesprek is.

Hierdie kommunikatiewe handelinge is sinvol as gevolg van die gebeure waarin God in Sy Woord tot die mens in sy wêreld kom deur die spesifieke (pastorale) kommunikatiewe handelinge van mense as tussengangers. Om die evangelie sinvol aan die hoorder te kommunikeer is daar belangrike koninkrykswaardes ter sprake:

> Eerstens moet dit nie-outoritêre kommunikasie wees. Tussen spreker (prediker) en hoorder moet die dialoogrolle gewissel kan word en elke persoon moet `n gelyke kans hê om in elke fase van die proses handelend op te tree.
>
> Tweedens veronderstel kommunikasie binne die koninkryk van God `n onvoorwaardelike vryheid by die deelnemers. In die sfeer van die evangelie is geen dwang nie. Elkeen is vry om self oor `n saak te besluit en in eie verantwoordelikheid

besluite te kan neem. Elkeen moet die ander se vryheid erken en aan hom/haar toestaan om in solidariteit as vrye subjekte te kommunikeer (Vos en Pieterse 1997:24-25).

Derdens geld `n onvoorwaardelike aanvaarding van die gespreksgenoot as volwaardige mens en `n erkenning van die ander se reg op `n outentieke bestaan.

Die dialogiese kommunikasieteorie pas die beste by die aard en gees van die evangelie. Daarom kan dit die kommunikasie van die evangelie ook die beste dien. Die grondliggende tendens in die uitgangspunte van genoemde geleerdes, is dat kommunikasie intermenslik is; in vryheid en op gelyke voet geskied; dat onderlinge begrip ontstaan deur die deel, die meedeel en vertolking van die evangelie; en dat ons deur die vertolking en aanvaarding van die goeie boodskap ons bestemming as mense vind. Dit beteken ook dat ons dit oordra aan ander met ons hele bestaan as waarborg daarvan, wat beteken dat ons hierdie boodskap leef – en nie anders kan of wil nie.

In die oordrag van die verlossende waarhede van die Skrif geld die besef dat die mens deur God geskape is en dat die mens wesenlik by God betrokke is, hetsy bewustelik al dan nie. Elke mens is kragtens die skepping in `n verband met God geplaas. Die mens is `n swakke, beperkte wese, maar tog selfstandig – `n afhanklike selfstandigheid dus. Daarom is die mens ten volle verantwoordelik vir sy/haar keuses.

Die mens is as vrye, unieke en selfstandige persoon na die beeld van God geskep en dit bepaal die aard van die mens se bestaan: dat hy/sy God se verteenwoordiger op aarde is en

verantwoordelikheid dra vir die skepping; dat hy/sy aangelê is op God en bestemming vind in samesyn met God en met mekaar; dat hierdie aangelê wees op God beteken dat die mens onderweg is – die mens is `n wese wat word; dat hierdie op-weg-wees, hierdie wording in die rigting van sy bestemming, beteken dat die mens in verhoudinge staan en so sin vind – met God, met mekaar en met die natuur. In sy selfverwerkliking is die mens aangewese op `n lewe in sinvolle verhoudinge wat onderlinge begrip en gemeenskap bewerk, waarsonder geen mens kan bestaan en funksioneer nie. Omdat die mens in soveel verwikkelde verhoudinge staan, moet ons in die evangelieverkondiging `n holistiese blik op die mens hê. Die mens moet nie net as "siel", of as `n biologiese eenheid, of net as `n politieke wese gesien word nie, maar in sy totaliteit.  Daar moet ten opsigte van die horisontale bestaan van die mens in ag geneem word dat dit geworpe is in pyn, lyding, onvolmaaktheid, stryd, onderdrukking en geweld. In vertikale verband moet verstaan word dat sonde ons bederf het. Die mens leef egter in hoop – daar is altyd die soeke na oplossings vir sy nood. Die beste hoop vir die mens is die bevrydingsboodskap in die evangelie van Jesus Christus. Deur die geloof in Christus Jesus kan die mens en sy samelewing in beweging kom "om verkeerdhede reg te stel en `n regte lewenswyse te kweek" (NAV 1983: 2Tim 3:17) in die lig van die herskepping in Christus. Die herskepte mens vind `n nuwe humaniteit wat in hom/haar gevorm word na die beeld van ons Here Jesus Christus. Die kommunikasie van die evangelie aan die mens moet dus so geskied dat dit die moontlikheid bied vir die lewende gebeure van `n ervaring met God. Dit moet dus ruimte bied vir `n egte ontmoeting tussen mense en God (Pieterse 1991:7-10).

**4. Die belang van luister in die erediens**

Die mens, hetsy gelowig of ongelowig, het nie `n natuurlike geneigdheid om na God te luister nie. Meditasietegnieke of oudio-visuele hulpmiddels kan nie waarborg dat ons God sal hoor nie. Dit is alleen uit genade dat `n mens God kan hoor, omdat dit Hy is wat Homself hoorbaar maak. God openbaar Homself deur die skepping en deur Christus - die Woord wat mens geword het - maar veral deur die geskrewe Woord, waar Hy met ons praat in mensetaal. Selfs die wil om na God te luister kom in die mens deur die wedergeboorte wat deur God gegee word.

In die erediens is luister dikwels `n saak wat deur inspanning geskied, want om die stem van God te onderskei van en te integreer met al die stemme in en om jou is baie moeilik. Dit behels dikwels dat afstand gedoen word van alles wat jou kan verhinder om te luister en om jouself soos `n navorser fyn in te stel om uit te vind wat jy nog nie ken nie.

Die liggaam van Christus-model is bevorderlik vir die gemeentelede se luister na- en hulle verstaan van die preek op ’n wyse wat hulle sal aktiveer om oor te gaan tot diens aan mekaar en die wêreld en die liturgie in die erediens moet so saamgestel word dat dit die hermeneutiese proses fasiliteer.

**5. Die oudiovisuele taal van die liturgie: kognitief, emosioneel en spiritueel**

In talle gemeentes is daar `n neiging om te vernuwe, hetsy met die oog op populariteit, groter getalle of meer effektiewe bediening, en het die erediens al talle veranderings ondergaan. Byna alles het `n vernuwing ondergaan: die musiek, taal, styl, preek atmosfeer, die liturgiese ruimte,  leierskapstyle en selfs die kleredrag van die kerkgangers. Dis vir die gemeentes deel

van die “more comprehensive redefinition of what it means to be a church in relationship to the culture, a pattern of change so sweeping that people are beginning to speak of them as ‘new paradigm’ churches” (Long 2001:1-2). Vernuwing veroorsaak dikwels `n toutrekkery tussen “markeer die pas”, “vorentoe” en “agtertoe”. Sommige lidmate verwag van leraars om soos motiveringsprekers op te tree, van die orkes om mee te ding met die musiek van MTV, van die steunspanne om tegnologie soos filmregiseurs in te span, van die dekor om atmosfeer te skep. Ander lidmate soek sekuriteit in die gebruike van die verlede, terwyl ander voel dat daar genoeg ruimte is vir alle groepe om ten minste iewers in die erediens tuis te voel, en daarom moet niks verander nie – bly soos dit is. Die gevaar bestaan egter dat `n teruggryp na ou gewoontes in vreemde taal en styl oor God spreek waarmee min kan identifiseer; dat markeer die pas wat `n tonnelvisie op die verhouding met God en mekaar veroorsaak, en dat vernuwing en andersheid dalk `n alternatiewe spiritualiteit teweeg bring wat iets anders oor God verkondig as die Bybel. Mense wat “agtertoe” beur maak dikwels aanspraak op “gereformeerdheid” wat berus op “die manier waarop ons voorgeslagte dit gedoen het” – gewoontes wat waarskynlik nie eens verband hou met die gereformeerde tradisie nie (Wepener en van der Merwe 2009:89). Mense wat “vorentoe” beur, wil dikwels meer charismaties wees as die pinksterkerke – dikwels woon hulle eredienste in sodanige kerke by en wil dieselfde atmosfeer en gebruike net so toepas in hulle eie NG gemeente. Die begeerte na vernuwing by lidmate word dikwels gemeet aan die begeerte om herdoop te word, die beoefening van die besondere gawes soos profesie en spreek in tale en bid vir siekes, wat soms gepaard gaan met bevryding van bindinge – dus `n sterk klem op die individu se ervaring.

Dit gaan vir hulle meesal om die skep van `n lofprysings-atmosfeer met klem op staande sang en dikwels ook Engelse liedere met begeleiding deur `n orkes, asook `n klem op ervaring en ekspressiewe handelinge soos hande opsteek en uitroepe van bevestiging dat hulle iets beleef van wat die prediker sê. Diegene wat strewe na "iets vir almal" word ontneem van `n totale, omvattende ontmoeting met God in alle aspekte van die liturgie.

Die vraag wat beslis gevra moet word, is wat God wil hê? Daar is sekerlik inderdaad gemeentes wat moet "agtertoe" of "vorentoe" beweeg in die sin van terug na dit wat God werklik met die erediens in gedagte het. Daar is sekerlik inderdaad gemeentes wat baie naby kom aan wat God met die erediens in gedagte het. God se wil vir individuele gelowiges is inderdaad voortdurende groei in liefde om te vorder tot effektiewe doelvervulling (NAV 1983: Fil 1:9-10; 1Joh 4:10). Gemeentes moet altyd onthou dat die individuele gelowige sterk in terme van die geheel van die gemeente funksioneer. Enkelinge behoort aan die Here in die verband van die hele gemeente. Wie bely dat God individue tot vernuwing roep, moet aanvaar dat God gemeentes en binne die gemeente alle individuele gelowiges tot vernuwing oproep. God is besig om die volle betekenis van Christus se verlossingswerk in die mens se lewe waar te maak. Die gemeente leef dikwels nie onder die Bybelse waarheid dat God vernuwend, helend, herstellend en veranderend met sy skepping op weg is nie.

## 6. Vernuwing in die erediens.

### 6.1. Sang en musiek as "agent" van vernuwing.

Vernuwing soos dit in gemeentebou aan die orde kom, vra na die oopmaak van `n nuwe uitsig op God en wat besig is om in en deur sy gemeente te doen. So `n uitsig verlos die gemeente

van `n krampagtigheid waarmee die verlede, dikwels ten koste van vernuwing in die hede vasgehou word. Begeleiding van hierdie vernuwingsproses en spontane en georganiseerde verandering in lyn met die wese en doel van die gemeente is nie maar net om `n sosiologiese katalisator ("change agent") in die gemeente te wees nie. Begeleiding vloei voort uit die basis dat God aktief in die wêreld besig is en voortbeweeg. Om kerk te wees is om elke dag by God se vernuwende aktiwiteite betrokke te wees. Stagnasie is daarom vir die gemeente onaanvaarbaar. Kerkwees is om in pas te wees met Hom wat besig is om alles nuut te maak (Nel 1994:16).

Vernuwing in die erediens kan moontlik hanteer word deur die beste uit die nuwe beweging te integreer in die tradisionele, dog ekumenies-vernuwende dienste sonder om die ryke teologiese en liturgiese erfenis van die kerk te verwerp. Een ononderhandelbare teologiese uitgangspunt van die reformatoriese erediens is dat die gemeente kerk toe kom om God te ontmoet. Daarom moet die onderliggende narratief van die erediens, naamlik die verhaal van die evangelie, nie prysgegee word nie (Wagner-Ferreira 2008:143). God se aktuele Woord volg in die preek op so `n wyse dat die situasie van die gemeente en die vrae van die dag aangespreek word en nuwe moontlikhede oopgebreek word.

Sang en musiek is `n wesenlike deel van die erediens. Wanneer ons opmerk hoe prominent musiek deur die moderne media gebruik word tydens byvoorbeeld advertensies, hoeveel te meer is dit belangrik om sang en musiek gedurende die erediens effektief aan te wend ten einde die regte atmosfeer te skep en mense emosioneel in die regte stemming te bring met die oog op `n spesifieke aspek van ons ontmoeting met God nie. Musiek spreek tot die emosie en verstand van mense – dit kan byvoorbeeld waargeneem word dat mense wat na `n film kyk, op

grond van die aard van die musiek in `n spesifieke toneel kan voorspel dat daar iets spannends gaan gebeur (Müller 1988:33). Deur die loop van baie eeue het dit op verskillende maniere `n baie prominente rol in eredienste van verskillende kerke gespeel. Verder is sang en musiek veral vir die jonger generasies van groot belang. Daarom behoort die erediens deur sang en musiek gedra te word (Pieterse 2006b:1). Die prominente plek wat die orrel as uitvoering- en begeleiding instrument steeds in baie kerke (o.a. NG Kerk) inneem of ingeneem het, is `n duidelike bewys van die wesenlike aard van musiek in die diens (Calitz 2004:1-3). Müller (1988:33) waarsku dat musiek "misbruik" kan word, byvoorbeeld wanneer die orrelspel gedurende die insamel offergawes bloot ten doel het om die ongemaklike geklingel van die geldstukke te verdoesel. Daarby kan gevoeg word die sogenaamde "voorafsang" wat dikwels ten doel het om die mense wat buite die kerk staan aan te moedig om in te kom sodat die "regte erediens" kan begin.

Die verskillende generasies se voorkeure ten opsigte van aanbidding moet ook nie misgekyk word nie. Waar ouer generasies bekende liedere wil sing met orrelbegeleiding, kan die jonger generasies se keuse van liedere en begeleiding kortliks as volg omskryf word:

> Die "Millenials" wil "medleys" sing met herhaling van nuwe koortjies. Hulle wil ook graag begelei word deur elektriese kitare, elektroniese klaviere en tromme. Hulle verkies `n meer intieme aanbiddingstyl met liedere waarmee hulle in gesprek met God kan tree.
>
> Die "Boomer-generasie" verkies lewendige, harde musiek wat hulle beskryf as die "*celebration of God*".

Van die ouer generasies hou daarvan om meer formeel oor God te sing – elke strofe moet verkondiging bevat. Kerke wat verskeie generasies saam bedien, moet moeite doen om in almal se behoeftes te voldoen. Daar moet gefokus word op kwaliteit en sensitiwiteit, verskeie style behoort vermeng te word sodat die oue en die nuwe harmoniseer. Dis ook noodsaaklik om die verskillende generasies te leer om sensitief te wees vir mekaar se behoeftes en om mekaar se voorkeure te respekteer.

Verskillende eredienste word gehou en die verskil lê dikwels by die tradisionele liturgie, of die liedere wat gesing word van die amptelike bundels is aldan nie en of die begeleiding met `n orrel plaasvind of nie. Bogenoeme kan konstruktief wees asook `n verryking en verruiming in albei benaderings veroorsaak. Dit kan egter ook destruktief wees en lei tot onversoenbare praktyke en gebruike binne die kerk .

## 6.2. Vernuwing van kerkmusiek binne die konteks van die NG Kerk.

Die kerklied het `n eie liturgiese aard. Gevolglik behoort nie enige geestelike lied in die erediens gebruik te word nie. `n Himnologiese keuring behoort gereeld plaas te vind. In die NG Kerk het twee projekspanne die afgelope vyf jaar na vore getree wat forums skep vir die versameling en keuring van nuwe liedere. Hulle staan bekend as VONKK en FLAM.

### 6.2.1. VONKK

#### 6.2.1.1 . Agtergrond

VONKK (akroniem vir Voortgesette Ontwikkeling van Nuwe Klassieke Kerkmusiek) is deel van ADGO (Algemene Sinode se Diensgroep vir Gemeente Ontwikkeling) se Projekspan vir

Musiek wat voortdurend nuwe en ook inheemse kerkmusiek moet skep en versamel en stel liedere bekend op die webwerf http://www.vonkk.co.za. VONKK huldig die oortuiging dat klassieke kerkmusiek in die moderne eeu waarin ons leef nog steeds ontwikkel en dat die proses van voortdurende versameling en keuring van klassieke kerkliedere ook steeds moet voortgaan. VONKK wil graag wyd dink en wil musiek vir die hele erediens voorsien. Dit sluit dus nie net nuwe liedere in die klassiek styl in nie, maar ook liturgiese musiek vir orrel en ander klassieke instrumente vir gebruik tydens sekere momente van die erediens. VONKK gee ook aandag aan kantorymusiek (koormusiek) vir die erediens.

VONKK hou rekening met die verskillende spiritualiteits-groeperinge wat binne gemeentes bestaan en die behoeftes van hierdie verskillende spiritualiteits-groepe. In die lig hiervan wil VONKK veral ook die hoeveelheid van liedere in die meditatiewe styl vermeerder ten einde ook in die behoeftes van die mistieke spiritualiteitsgroep voorsiening te maak.

#### 6.2.1.2 . Werksaamhede en projekte

In die lig van die opdrag van die Algemene Sinode aan VONKK, naamlik om ’n meganisme te skep waarvolgens nuwe eietydse en ook inheemse klassieke kerkmusiek deurlopend in die kerk opgeneem kan word, het VONKK die volgende projekte, om vir gemeentes van hulp kan wees, geïdentifiseer:

1. **Die skep en versameling van nuwe klassieke kerkliedere vir gemeentesang**

   VONKK verstaan dit as beide die byeenbring van bestaande liedere wat wêreldwyd deur gemeentes gesing word, asook nuwe komposisies. Op hierdie terrein wil VONKK graag aandag gee aan kerkliedere wat die volle spektrum van God se Raad en van die erediens sou dek, sowel as al die aspekte van die kerklike jaar en die erediens van die

lewe. Daarmee saam wil VONKK ook aandag gee aan die behoeftes van die verskillende spiritualiteitsgroeperings in gemeentes en liedere skep en versamel wat die verskillende spiritualiteitstipes sal aanspreek.

Binne hierdie terrein van die skep en versameling van klassieke kerkliedere fokus VONKK veral op die volgende:

a. **Nuwe komposisies en bestaande liedere**

VONKK versamel nuwe komposisies en bestaande liedere vir die erediens, kerklike jaar en die erediens van die lewe in Afrikaans. VONKK ontvang totaal nuwe skeppings van melodie en teks, of ook slegs nuwe melodieskeppings of teksskeppings. Nadat hierdie laasgenoemde skeppings goedgekeur is, sal VONKK poog om ‘n teks of melodie vir die skepping te vind.

VONKK stel ook bestaande liedere wat in ander tale van die wêreld gesing word en wat liturgies vir ons funksioneel is, met ‘n eietydse Afrikaanse teks aan gemeentes beskikbaar. Vertalings in Afrikaans moet volgens die internasionale kopieregvereistes, so na as moontlik aan die oorspronklike teks wees - dit wil sê ‘n letterlike vertaling wees. Hierin bestaan die gevaar van oordrewe pogings tot rym of die kunsmatige skepping van woorde wat nie die oorspronklike gedagte of betekenis verteenwoordig nie.

b. **Nuwe psalms**

Onder die versameling van klassieke liedere, wil VONKK graag aan veral ook die psalms aandag gee. VONKK glo dat ’n kerk wat nie psalms sing nie, is

arm. Na goeie navorsing, besef VONKK dat die strofiese omdigtings van die psalms met die Geneefse melodieë soos wat dit in die Liedboek voorkom, nie regtig byval by gemeentes vind nie. Daarom word gewerk aan kortvorm psalms wat die inhoud/boodskap van die psalm in ’n korter vorm met ’n eenvoudiger en makliker singbare melodie weergee. Die sogenaamde “kortvorm psalms” word as volg gemotiveer:

Tydens 2007 is daar ‘n empiriese studie in die NG Kerk geloods oor die gebruiksfrekwensie en die funksionaliteit van die psalms. Uit die oorweldigende, positiewe respons wat verkry is, het dit geblyk dat die vorm en styl van kortvorm psalms tans die mees bruikbare, eietydse formaat vir liturgiese psalms is.

Uit die vraelyste is onder andere die volgende kritiek teen die formaat en benadering wat by die psalms in die Liedboek aangewend is, gelug:

Die lengte van die meeste psalms maak dit onmoontlik om dit volledig te sing. Daar bestaan ‘n behoefte aan kort en kragtige psalms. Hierdie probleem kan moontlik oorkom word deur sekere strofes eerder voor te lees of deur `n kantory te laat sing.

Klagtes is ge-opper dat die psalmomdigtings slegs die inhoud van die Skriftekste probeer weergee. Dit sou kon meebring dat mense nie kan identifiseer met dit wat hulle sing nie en dat sodanige verse feitlik nooit in eredienste gesing word nie.

Kultuur- en ideologies-vreemde uitdrukkings en idiomatiek is gekritiseer, byvoorbeeld temas wat handel oor "oorlog, wraaksug, en onverdraagsaamheid." Hierdie probleem kan moontlik oorkom word deur agtergrondinligting oor die kultuurhistoriese omstandighede te verskaf voordat sodanige strofes gesing word. Uitgewers moet ernstig daarteen waak om `n tekort aan begrip en insig by erediensgangers te verhef as norm op grond waarvan liedere as "onsingbaar" beskou en verwerp word. Aan die ander kant moet daar nie oormatige klem geplaas word op die kognitiewe (die verstaan van die inhoud) tydens die sing van sommige strofes nie, aangesien dit daartoe kan lei dat dit mense nie affektief aanspreek nie.

**2. Die skep en versameling van nuwe liedere met `n spesifieke liturgiese funksie**

**a. Meditatiewe liedere en musiek**

VONKK versamel nuutgekomponeerde en bestaande meditatiewe liedere en identifiseer liedere in die bestaande korpus van liedere, wat as meditatiewe liedere kan funksioneer.

Wat is meditatiewe liedere? Meditatiewe liedere is dié soort liedere wat gesing word in meditatiewe dienste/adoramusdienste. Sommige van hierdie liedere kan ook met vrug gebruik word in stiller oomblikke van klassiek dienste of as response. `n Meditatiewe lied help mense om tot stilstand te kom voor God.

VONKK stel ook liturgiese formate vir meditatiewe dienste beskikbaar met kantaantekeninge oor die dinamika van die spesifieke liturgie. Uitgewerkte

liturgiese elemente (bv. gebede, rituele, ens.) word ook versamel en sal ook mettertyd op die webblad geplaas word.

**b. Multikulturele liedere**

Multikulturele eredienste bied die besondere geleentheid vir verskillende kerkgenootskappe met `n verskeidenheid val taalgroepe, om saam te aanbid. By sodanige samekomste is dit veral die samesang wat die gelowiges saambind en inspireer. Daarom is dit nodig en sinvol om enkele liedere in ander tale beskikbaar te stel wat dan met groot vrug by sulke gesamenlike byeenkomste (eredienste) gebruik kan word. Hier word veral gedink aan inheemse Suider-Afrikaanse swart tale (met 'n doelmatige vertaling in Afrikaans en Engels), bekende Engelse, Duitse en Nederlandse tekste saam met die Afrikaanse weergawe, en selfs Latyn wanneer die lied wel ook ekumenies internasionaal gesing word. Die groot skat van inheemse liedere in swart tale in ons land bied die geleentheid tot sinvolle ontginning.

## 3. Die skep en versameling van kantorymusiek

VONKK maak deur middel van die bevordering van kantorymusiek `n bydrae tot die sinvolheid van die erediens.

Vir VONKK is die volgende uitgangpunte met betrekking tot die kantory belangrik:

**a. Benaming:**

i. Die woord kantory is afgelei van kantor. Die kantor se hooftaak is om die gemeentesang te dien.

ii. In sommige denominasies tree die kantor ook as liturg op. Die liturg se hooftaak is om die liturgie te lei en te laat vlot.

**iii.** ‘n Kantory is ‘n groep mense wat namens die kantor of die liturg kan optree om die gemeentesang te dien en die liturgie te laat vlot.

**b. Definisie:**

`n Kantory is ‘n liturgiese sanggroep wat as verlengstuk van die kantor, die gemeentesang lei. Dit kan ook saam of namens die liturg die liturgie laat vloei.

**c. Liturgiese funksionaliteit:**

i. Wanneer dit as verlengstuk van die kantor, saam met die gemeente of namens die gemeente funksioneer, is dit gewoonlik in die vorm van ‘n gebed.

ii. Wanneer dit saam met die liturg of namens die liturg optree, het dit gewoonlik ‘n verkondigende taak.

iii. Die kantory help om die liturgie te laat vlot deur:

die gemeentesang te dien en ondersteun en die gemeente te help lei tot die realisering van kommunikasie met God.

**d. Die liturgiese aanwending van die Kantory:**

i. **Ondersteuning van die gemeentesang deur:**

leidinggewend by die aanleer van nuwe liedere op te tree;

ondersteunend saam te sing wanneer liedere minder bekend is;

leiding te gee deur hartlik saam te sing met die gemeente;

die saamsing van ‘n deskant of harmonieë;

deur soms die gemeente vierstemmig te (bege)lei byvoorbeeld by Taizé-liedere.

ii. **Wisselsang met die gemeente deur:**

strofes afwisselend met die gemeentesang sing. Hier kan hulle help om die teksinhoud tuis te bring deur die skep van atmosfeer en te vertolk;

by herhalings – om stygende dinamiese vlakke of eggo-effekte te skep;

antifoniese sang by strofe-en-refrein liedere waar die kantory die strofes sing (een- of meerstemmig) terwyl die gemeente die keervers sing;

by die aanvang van ‘n lied een of twee reëls as inleiding te sing en daardeur die aandag op die teksinhoud te plaas deur die vertolking en die skep van atmosfeer byvoorbeeld by ‘n loflied of boetelied.

iii. **Die lewer van liturgiese bydraes as deel van die liturgiese dialoog: namens die gemeente of om die gemeente te lei deur:**

die sing van gebede bv. die votum of as epiklese gebed (gebed by die opening van die Woord);

by die liturgiese dialoog leiding te neem wanneer die liturg en die gemeente in gesproke of gesonge vorm in gesprek tree;

liturgiese response as deel van die hoofgebed te lewer, bv. in navolging van die litanie 'n aangepaste verwoording van die Kyrie eleison te sing of te spreek;

by liturgiese response tydens die Skriflesing of die preek byvoorbeeld deur 'n gesonge of gesproke Halleluja of Amen voor te gaan;

'n selfstandige liturgiese element byvoorbeeld die sing van die Kyrie eleison as boetedoening tydens of na die lees van die wet of 'n gesonge geloofsbelydenis tot die erediens by te dra;

aansluitend by sommige liturgiese elemente te sing byvoorbeeld as uitdrukking van vreugde na die vryspraak, of as aktualisering van die geloofsbelydenis na die geloofsbelydenis, tydens die offergawe – om die betekenis van die offer te beklemtoon of aansluitend by die preek as preeklied of aansluitend by die uitsending as 'amen'.

iv. **Namens of aansluitend by die liturg by sekere elemente op te tree deur:**

die sing van die seëngroet;

deur die wet te sing;

die vryspraak te sing;

'n lied te sing wat 'n verkondigende funksie het – gedurende of aansluitend tot die Skriflesing of die preek;

die sing van die seën as deel van die uitsending.

By spesiale momente in die kerkjaar, bv. by fees- of sangdienste, kan die kantory bydra tot die feestelike oordra van die boodskap deur die sing van 'n lied wat die erediens kan verryk.

**4. Die skep en versameling van liturgiese musiek vir die erediens**

VONKK wil graag nuwe liturgiese musiek vir klassieke instrumente soos bv. die orrel, klavier, fluite, viole vir die eredienste skep en versamel. Onder liturgiese musiek verstaan ons solo-komposisies vir orrel en/of ander klassieke instrumente wat as voor-, tussen- of naspel of as aanvullende musiek tot sekere liturgiese momente in die erediens gebruik kan word.

Ook verwerkings gebaseer op Liedboek-, FLAM- of VONKK-liedere wat as voor-, tussen- of naspele en 'n positiewe bydrae lewer tot die erediens kan lewer word as liturgiese musiek beskou. Makliker verwerkings word verkies, maar werke wat groter tegniese vaardigheid vereis, word nie uitgesluit nie.

### 6.2.2. FLAM

#### 6.2.2.1. Agtergrond

Die projekspan wat as FLAM bekend staan (akroniem vir Funky Liedere vir `n Aan-die-brand Musiekbediening), fokus op liedere in `n kontemporêre styl, terwyl VONKK fokus op liedere met `n klassieke inslag. Die taakspan FLAM bestaan uit ‘n groep aanbiddingsleiers (sommiges is predikante) wat op ‘n gereelde basis nuwe musiek aan bepaalde kriteria meet. Indien daar aan hierdie standaarde voldoen word, word die musiek opgeneem in die korpus van FLAM-liedere wat via die internet deur gemeentes afgelaai kan word (http://www.flam.co.za).

Al die groot verspreiders van geestelike musiek, soos Maranatha en Merchant, werk saam met FLAM en ook hierdie liedere word as FLAM-liedere versprei indien dit aan die kriteria voldoen.

#### 6.2.2.2. ’n Kort geskiedenis

i. **Die opdrag van die Algemene Sinode**

In 2002, nadat die Liedboek deur die kerk in gebruik geneem is, was die grootste klagte dat daar nie genoeg kontemporêre (“band”) musiek was nie en dat die jeug (wat die kinders en veral die hoërskool- en naskoolse jongmense insluit) weer eens aan die kortse end getrek het.

By die daaropvolgende Algemene Sinode (AS) van die Ned Geref Kerk het die AS toe ‘n taakspan in die lewe geroep wat ‘n meganisme moes skep waardeur die kerk nuwe, Afrikaanse kontemporêre kerkmusiek op ‘n voortdurende basis

kon invoer. Aanvanklik is die taakspan saamgestel uit lede van die (nou ontbinde) AJK se subkommissie vir musiekbediening, asook die (nou ontbinde) AKE (Eredienskommissie). Die idee was dus van die begin af dat dit ‘n kommissie moes wees wat nuwe musiek vir gebruik in die eredienste moes skep.

ii. **Eerste struikelblokke**

Die eerste struikelblokke waarteen FLAM te staan gekom het, was finansieël. FLAM wou musiek uitgee, maar die nodige finansies het ontbreek. Deur die bemiddeling van Dr Braam Hanekom, wat in daardie stadium die voorsitter van ADGO was, is Maranatha Gospel Music Publishers as vennoot betrek. Maranatha was vanaf 2004 tot 2008 nou betrokke by FLAM en het twee FLAM CD’s in die tyd vrygestel.

Alhoewel FLAM en MAR Gospel Music Publishers nog steeds saamwerk, het die amptelike vennootskap aan die einde van 2008 aan 'n einde gekom, omdat die kommissie besluit het om 'n eie musiekuitgewer, Flam Musiek Uitgewers, te stig.

iii. **Webtuiste**

Dit was van die begin af duidelik dat ‘n harde kopie met bladmusiek onbetaalbaar duur sou wees. Die besluit is dus geneem dat die musiek van die internet afgelaai moet kan word.

Hiervoor is die samewerking gekry van die vriendelike personeel van CCLI. Gemeentes wat oor die nodige lisensies beskik kon gratis die musiek aflaai – wat tot in Junie 2007 op die webtuiste van die AJK gehuisves is. Sedert Junie 2007 het FLAM hul eie webblad (http://www.flam.co.za).

## 6.3. Keuring van liedere vir die erediens

Die volgende is belangrik tydens die keuring van liedere (Vos 1996d:233-234):

i. Daar behoort rekening gehou te word met die geloofsgemeenskap se reg en opdrag om sy geloofsuitdrukking deur middel van musiek en teologie te artikuleer.
ii. Daar behoort na die voorbereidende waarde van die liedere gevra te word. Watter horisonne open die liedere? Wat dra die liedere by tot die verruiming van die bewussyn en identiteit van die gemeente?
iii. Die melodie behoort die draer van die teks te wees. Dit moet die teks dien. Die teks behoort verstaanbaar en toeganklik te wees.

## 6.4. Verdeeldheid rondom sang en musiek in die erediens

Die verdeeldheid rondom sang en musiek in die erediens sou afgewentel kon word na `n aantal sake wat deel vorm van `n gemeente se kerksang:

### 6.4.1. Die musikale aard van die liedere

Benewens die verskeidenheid musiekvorme wat deur die liedere in die Liedboek verteenwoordig word (onder andere Skotse, Geneefse, Sweedse, Afrikaanse en tradisionele Zulu, Xhosa en Sesotho), wissel musiekvorme wat tans in die erediens

aangetref word van die Gregoriaanse liedsoort, Angelikaanse “chant” Kantillering en Populêre musiek tot selfs Rock musiek by sekere geleenthede. Erediensgangers wil hulle ontmoeting met God vier in die musiekstyl wat vir hulle populêr is en waarmee hulle ook hulle spiritualiteit kan uitdruk. Hier moet musiekleiers groot omsigtigheid aan die dag lê om te verhoed dat die sinvolle benutting van liedere nie skade ly deur `n strewe om aan almal se behoeftes te voorsien nie. Die eer van God en die heil van die gemeente moet steeds voorop gestel word.

### 6.4.2. Die inhoud van die liedere

Die inhoud van die liedere wissel. Daar is liedere waarvan die teks woordeliks oorgeneem is vanuit die bepaalde Skrifgedeeltes, liedere wat gebasseer is op die boodskap van `n bepaalde teksgedeelte (parafrase) asook liedere met `n totaal vrye inhoud. Hier is dit belangrik dat die inhoud van liedere die boodskap van die Bybel suiwer weergee, sonder dat fokus die rasionele die moontlikheid van affektiewe identifisering met die lied verskraal.

### 6.4.3. Die spiritualiteit wat gedra word deur die liedere

Verskeie gestaltes van spiritualiteit is tans te bespeur in die NG Kerk. Die kerklike styl ondergaan ingrypende veranderings en `n populêre aanslag waarby op die individuele godsdienstige ervaring gekonsentreer word, tree op die voorgrond. Dit kan lei tot `n vervlakking in spiritualiteit en teologie, veral wanneer die boodskap van die lied gegrond word op menslike ervaring en nie op die Woord van God nie. Mense glo dit wat hulle sing, veral wanneer `n lied dikwels gesing word, en daarom moet die

teologie van die lied gegrond word op die Skrif, terwyl die inhoud van die Skrifteks korrek weergegee moet word.

### 6.4.4. Instrumente wat gebruik word om liedere te begelei

Aan die een kant is daar diegene wat meen dat slegs die kerkorrel geskik is vir die begeleiding van die kerklied, terwyl daar aan die ander kant `n verskeidenheid instrumente is wat tans in die gemeentes saam met of selfs in plaas van die orrel gebruik word. Daar is selfs talle gemeentes wat die orrel verwyder het uit die kerkgebou. Die musikale aard van elke lied moet in ag geneem word in die keuse van die instrument waarmee die begeleiding gedoen gaan word.

### 6.4.5. Liggaamsbewegings tydens sing van liedere

Liggaamsbewegings tydens sang en musiek is baie nou verwant aan die musieksoort, kultuur asook spiritualiteit. Liggaamsbewegings wissel tans van `n gewone staan- of sithouding tot oë wat gesluit is en hande wat geklap word of in die lug gesteek word. Daar moet gewaak word teen die eensydige, letterlike nabootsing van bepaalde handelinge wat in die lied beskryf word, aangesien dit kan lei tot ongeloofwaardige optrede. Iemand wat hande in die lug steek by die woorde "hef jou hande op na bo", maar geen blydskap vertoon tydens die sing van die woorde "wees bly voor die Here" nie, kan die indruk skep dat bloot meganies, sonder oorgawe en toewyding op die woorde van die teks gereageer word.

### 6.4.6. Die funksie van die lied in liturgie

In die verskillende kerke of gemeentes word die kerklied verskillend aangewend. In sommige gevalle het die lied `n simboliese funksie, in ander gevalle `n retoriese funksie en daar is ook plekke waar dit selfs `n ekstatiese funksie het.

Long (2001:11-12) is van oortuiging dat "blended worship" nie `n goeie opsie is nie en is `n voorstaander van totale integrasie. Op die wyse kan die beste uit die nuwe (charismatiese) beweging integreer word met die tradisionele wat ekumenies-vernuwend is sonder om die ryke teologiese en liturgiese erfenis te verwerp. Volledige organiese integrasie bied die voordeel dat `n verskeidenheid van instrumente en die orrel saam in harmonie `n groot verskeidenheid musiek kan beoefen. Sodoende kan verskillende generasies en spiritualiteite tydens die erdiens aangespreek word (Long 2001:61-64).

## 6.5. Waarom is vernuwing noodsaaklik?

Die vraag of die NG Kerk as gereformeerde kerk, vernuwing of hervorming nodig het, is oorbodig. Die *semper reformanda* (altyd reformeer) wat uit die dramatiese gebeure van die Reformasie stam, is vandag steeds geldig. Hierdie vernuwing is `n aanpassingsproses met duidelike verwysingspunte: "na die Skrifte reformeer". Vernuwing is altyd nodig, maar dit is besonder dringend noodsaaklik wanneer `n gemeente sy betrokkenheid op en by God en God se wêreld verloor. Dit gebeur soms dat gemeentes negatief teenoor vernuwing staan, weens die "goeie ou dae sindroom." Hierdie tendens word bevestig as dieselfde leiers vir 10 jaar of meer prominente rolle vervul. Hoe langer mense dieselfde ding doen, hoe meer is die verknogdheid aan die verlede. Saam hiermee gaan dikwels die rede van onvervulde drome. Teleurstelling maak plek vir frustrasie en kleingeloof. Dit wis byna die uitsig op God as

Skepper, Versorger en Voleinder uit. Dit kan tot konflik lei wanneer begaafde gelowiges wat glo dat hulle deel van God se werkspan en -plan is, bots met `n predikant wat sy/haar rol en "gesag" nie dienend handhaaf nie. Die meeste mense probeer konflik vermy en trek net terug. Wanneer die gevoel van verwerping sterk genoeg is, is die kans goed dat hulle óf net sal verdwyn óf na `n ander kerk sal soek waar hulle hul gawes kan gebruik (Nel 1994:17).

Wepener en van der Merwe (2009:162) beklemtoon dat vernuwing in die erediens nie daaroor gaan om slegs enkele klein veranderinge aan die liturgie, insluitend rituele en simbole, aan te bring en te dink dit gaan nuwe entoesiasme vir die erediens veroorsaak nie. Die nege aspekte wat Long as gemene deler in groeiende hoofstroomgemeentes in die VSA waargeneem het, moet almal tegelyk aan die werk wees, soos wat `n sirkusarties nege bordjies tegelyk op stokkies balanseer en aan die draai hou. Al die verskillende elemente van die liturgie hou verband met mekaar en beïnvloed mekaar, soos die draadjies van `n spinnerak almal beweeg as een gepluk word. Om op een skynbaaar onskuldige punt die erediens of liturgie te verander, bloot in die hoop op "vernuwing", kan verreikende gevolge hê (Wepener en van der Merwe 2009:162). Dit is nie maar om't ewe watter veranderinge ons in die erediens aanbring van Sondag tot Sondag nie. Noordmans waarsku dat `n mens met klein liturgiese veranderinge weliswaar onnadenkend en onbedoeld teologiese sieninge en beelde van God "insmokkel", wat ons sou laat skrik as dit vir ons eksplesiet duidelik sou wees. Die erediens is dus die gesig van ons teologie (Wagner-Ferreira 2008:146). Dit is die taak van die leiers om die fases en vlakke van die vernuwingsproses te koördineer en die verloop daarvan op `n gesinchroniseerde wyse te monitor. Dit is primêr mense wat opgebou word en nie aksies of programme nie. Die veranderingsproses by gelowige mense vra deeglike begeleiding, kontrole

en koördinering van die elemente, fases en vlakke van die proses. Gereelde kontrole word eintlik die begeleidingswagwoord (Nel 1994:80).

## 6.6. Onskriftuurlike gronde vir vernuwingspogings

### 6.6.1. Verbruikersvriendelike eredienste

Mense kan dink dat die besluite oor praktiese gestaltegewing van die erediens `n blote kwessie van eietydse styl is, dus teologies neutraal is en bloot daarop gerig is om meer "verbruikersvriendelik" en minder "lewensvreemd" te wees. Wat dan in die liturgie ingesluit of uitgesluit word, word na willekeur besluit na gelang van die individu se smaak.

### 6.6.2. Om mense te "beweeg".

Gemeet aan die reseptiewe modus van die gereformeerde *sola fide,* is dit teologies verdag om die erediens doelmatig in te rig sodat `n mens met mense `n bepaalde resultaat of uitkoms kan bereik. Die erediens is nooit primêr menslike handeling nie, maar bly die manier waarop God Homself aan ons prysgee. Ons reageer in ons telkens nuutgevonde Christelike vryheid met geloof, hoop en liefde.

### 6.6.3. Vernuwing as "regstellende aksie".

Die indruk kan gewek word dat die erediens as sodanig aan die een of ander gebrek of tekortkoming ly wat aangevul behoort te word en in ernstige gevalle selfs heeltemal oorontwerp behoort te word. `n Voorbeeld van vernuwing wat ontspoor het, is om te glo die orkes moet die mense in die regte stemming bring met musiek en sang. Hierdeur kan die indruk gewek word dat God nie deur sy Woord en Gees in `n erediens teenwoordig is nie,

maar deur lofprysing en aanbidding daarheen "gelok" moet word. Dit sou neerkom op `n fundamentele wantroue in die teenwoordigheid van God wat deur sy Gees in Woord en Sakrament `n egte ontmoeting met sy gemeente in die erediens bewerk. Wepener en van der Merwe (2009:148-149) gebruik Eugene Pietersen se beeld dat erediensgangers eintlik "laatkommers" is op die vergadering wat God reeds met mense gereël het. Ons kan God se teenwoordigheid in die erediens slegs suggereer, maar nie aanbring deur een of ander tegniek of liturgiese element nie.

### 6.6.4. Vernuwing as verandering

Miskien is die grootste probleem dat "vernuwing" maklik met "verandering" verwar word. Dalk behoort `n mens meer in die rigting van "verdieping" te dink. Ou waarhede en gewoontes word "nuut" gesien, gebruik en geïntegreer in die manier van kerkwees en erediens hou. Dit is nie `n invoer van `n ander spiritualiteit nie, maar `n ontginning of herontdekking of intenser waardering van die genadeskatte wat alreeds aan ons toevertrou is. Vernuwing behoort dalk meer daaroor te handel om dieper te dink as om anders te doen in die erediens. Egte vernuwing in die kerk is `n vernuwing van Gees (NAV 1983: Rom 12:1-2), `n verandering van lewe (NAV 1983: 2 Kor 5:11-21). Wat sigbaar word in die werke van liefde en genade in die lewenskonteks van die gemeente (NAV 1983: Rom 12:9 vv). Egte evangeliese verandering vind plaas wanneer tekens van hoop opgerig word in die lewens van stukkende, verwaarloosde, gebroke en sondebelaste mense (Wagner-Ferreira 2008:146-149).

## 6.7. Vernuwing binne gereformeerde spiritualiteit

Vernuwing is nie `n saak wat ligtelik opgeneem kan word nie. Dit is noodsaaklik om te verstaan wat dit beteken om vernuwing binne die sfeer van die gereformeerde spiritualiteit van die NG Kerk na te streef. Hier kan vyf grondmotiewe onderskei word, naamlik:

i. Coram Deo: Mense leef nie voor die oë van die kerk nie, maar voor die oë van God;
ii. Die God voor wie se oë ons leef, is die Lewende God wat Hom is sy Woord aan ons openbaar;
iii. Die Lewende God roep ons nie uit die lewe weg nie, maar lei ons om in die wêreld vir Hom te leef;
iv. Die massiewe realiteit van die sonde dreig om elke plan van God en elke poging van mense te verydel;
v. Die grootheid van God se genade, krag en heerlikheid, sien ons daarin dat dit telkens groter en meer is as die sonde.

Wagner-Ferreira (2008:150-154) verwys na `n artikel van Piet Naudé in "Die Kerkbode" van 10 Junie 2005:11 waarin hy poog om `n duidelike en verstaanbare profiel te teken van `n gereformeerde verstaan van die evangelie. Dit word in die volgende punte saamgevat:

i. Uit `n historiese perspektief is dit belangrik om te weet dat gereformeerdes stam uit die Protestantisme met sy oorsprong in die sestiende eeu in Europa. Dit ontstaan vanuit die "protesteerders" teen die destydse Rooms-Katolieke Kerk in `n poging om dit van binne te hervorm. Na bittere stryd loop dit later uit op die vorming van `n nuwe kerk, aanvanklik die Lutheraanse Gereformeerde kerke en later vele ander.

ii. Die Christelike geloof het uit `n hele paar tradisies ontwikkel, elk met sy eie kenmerke:

a. In die Katolieke en Ortodokse tradisies staan die sakramente sentraal. Die kerklike tradisie is normatief en die kerklike gesag word hiërargies vergestalt.

b. In die Pentekostalistiese tradisie staan die vrye werking van die Gees sentraal. Dit is profetiese insig wat normatief is in elke nuwe tyd. Die kerkverband word onderbeklemtoon ten gunste van vrye individuele gemeentes met sterk leiers.

c. In die Gereformeerde tradisie staan die Bybel sentraal en is die belydenisskrifte, omdat dit met die Bybel ooreenstem, normatief. Die kerklike gesag word Christologies en binne die kerkverband verstaan (Christus is die enigste hoof en kerkleierskap is posissies van diens en nie van heers nie).

Een van die bondigste maniere om die kern van gereformeerdheid uit te druk, is deur die vier "solas":

i. Teenoor die tradisie soos vasgelê in leeruitsprake en kerklike beheer oor die uitleg van die evangelie en teenoor die natuurlike kennis van God, staan die ***sola Scriptura*** ("net die Skrif").

ii. Teenoor die bemiddeling deur die priesteramp, staan die ***solo Christus*** ("net Christus").

iii. Teenoor enige natuurlike grond waarop God ons sou red, staan ***sola gratia*** ("genade alleen").

iv. Teenoor enige vorm van goeie werk om jou vir God aanvaarbaar te maak, staan ***sola fide*** ("geloof alleen") (Wagner-Ferreira 2008:151). Hierdie "solas" gee uitdrukking

aan die leuse van die Reformasie dat ons altyd weer volgens die Skrif moet reformeer (*semper reformanda*).

Die gereformeerde spiritualiteit is die sentrale teologiese konsep waaruit vernuwing binne die NG Kerk behoort plaas te vind. Dit is belangrik veral wanneer daar na lofprysing en aanbidding gekyk word, want oor hierdie aspek van die erediens is daar groot kontroversie.

Wepener en van der Merwe (2009:87-106) stel `n aantal vrae aan die orde wat bepalend is om duidelikheid te verkry oor die vraag wat as die eie aard van die gereformeerde erediens beskryf sou kon word. Mense vra deesdae: "Wat is onverhandelbaar aan die gereformeerde erediens en aanbidding, so karakteristiek gereformeerd, so wesenlik, so eiendomlik en sentraal, dat as dit verwaarloos sou word of sou verdwyn, die erediens se gereformeerde karakter ook daarmee verlore sou wees?" Sommige vra die vraag om hulle eie voorafopgestelde standpunt oor die behoud al dan nie van sekere rituele, gebruike en liedere meer gewig te gee. Is daar enigsins iets is wat as "die" gereformeerde tradisie beskou kan word?

`n Aantal voorveronderstellings wat by voorbaat tot misverstande kan lei moet eers toegelig word:

Eerstens, wanneer ons besin oor die vraag "Wat is gereformeerd?" moet ons begryp dat baie van dit waaraan ons dalk so diep gewoond geraak het oor baie jare heen dalk nié so deel van die gereformeerde tradisie is as wat ons dalk mag dink nie (Wepener en van der Merwe 2009:88). Dit mag dalk die resultaat wees van ander historiese, sosiale en kulturele invloede wat oor jare heen die kerk gestempel en help vorm het. Dit wat ons reeds jare lank doen

verkry nie daardeur die status van gereformeerdheid nie, en sekere gebruike, rituele en liedere het dalk juis vernuwing nodig om nader aan gereformeerdheid te kom.

Tweedens moet ons ook besin oor die vraag of daar iets soos `n gereformeerde tradisie in die enkelvoud bestaan (Wepener en van der Merwe 2009:90). Is daar nie eerder sprake van `n hele aantal gereformeerde tradisies nie? Die gereformeerde tradisie is, behalwe vir aanbidding en liturgie, veel ryker en meer kompleks as wat baie van ons dikwels mag vermoed. Waarvan praat ons as ons “die” gereformeerde tradisie beskryf? Aan die een kant moet ons daarteen waak om so breed oor gereformeerdheid te praat dat ons die eie aard daarvan misken, en aan die ander kant moet ons nie te vanselfsprekend en naïef van gereformeerdheid-in-die-enkelvoud praat en daarmee eintlik maar net meen dat ons eie manier van doen en aanbid die enigste tipies gereformeerde manier sou wees nie.

Derdens sou ons op `n dwaalspoor beland indien ons sou wou soek na `n eie gereformeerde tradisie, `n gereformeerde identiteit, `n eie gereformeerde aard en `n eiesoortige gereformeerde manier van aanbid en erediens beoefen wat tot elke prys anders sou wees as ander Christelike tradisies, duidelik eiesoortig in die sin van eksklusief, uitsluitend, iets wat `n mens nét by gereformeerdes aantref (Wepener en van der Merwe 2009:92). So het gereformeerdes hulleself van die begin af nooit verstaan nie. Histories gesproke is byna die teenoorgestelde eerder die geval. Gereformeerdes – waarvan Calvyn `n goeie voorbeeld is – het hulleself beskou as integraal deel van die één kerk, die universele, algemene, katolieke, Christelike kerk. Die Hervormers wou nie `n eie, aparte kerk vorm wat anders is as die Katolieke kerk nie – hulle wou eerder probeer om die katolieke kerk sélf te vernuwe en te heilig, en as integrale, wesenlike deel daarvan ook die aanbidding van die één kerk van hulle

tyd te vernuwe en te heilig, en om wat hulle beskou het as wanpraktyke wat geleidelik deur eeue heen ontwikkel het en misstande wat histories gegroei het, uit die erediens te verwyder. Hierdie perspektief is `n ernstige vermaning vir lidmate wat die kerk verlaat bloot omdat die styl en inhoud van aanbidding nie in hulle smaak val of volgens hulle as "gereformeerd" kan deurgaan nie. Verset téén enige moontlike verandering en vernuwing in die naam van wat sogenaamd  onverhandelbaar en onveranderlik sou wees, berus op `n fundamentele misverstand van die eie aard van gereformeerdheid wat verwoord word in die Latynse spreuk "*ecclesia reformata semper reformanda*".

Vierdens lê die vraag na die ewige en onveranderlike "essensie" van gereformeerde liturgie `n voorveronderstelling bloot waarmee mense vandag te werk gaan, wat eweneens tot allerlei ingrypende misverstande aanleiding mag gee (Wepener en van der Merwe 2009:94). Die wese van hierdie voorveronderstelling is dat gereformeerde aanbidding `n a-historiese en a-kontekstuele aangeleentheid sou wees. Dit sou immers die diepste aard van gereformeerd-wees fundamenteel misverstaan en selfs verloën. Die gereformeerde tradisie was juis nooit essensialisties nie. Nét die lewende Woord van die Sprekende God bly – niks anders nie. Nie menslike gesag nie, nie kerklike vergaderings en hulle besluite, uitsprake of dogmas nie, en sekerlik nie nié-kerklike vorms en praktyke en gewoontes nie, om van musiek, liedere, gebede, style, musiekinstrumente, kleding, simboliek en kuns nie eens te praat nie. Smit stel dit as volg: "Die gereformeerde tradisie is deur en deur histories en kontekstueel bepaal. *Ecclesia reformata semper reformanda secundum verbum Dei* bely juis dat die aspekte wat onverhandelbaar is telkens weer histories en kontekstueel, byna profeties, onderskei moet word, deur die gesamentlike tekens van die tye, deur die gelowiges tesame, in hulle eie tye en omstandighede en situasies" (Wepener en van der Merwe 2009:95).

Die vyfde, en waarskynlik die belangrikste, mistasting wat bestaan is die voorveronderstelling dat die gereformeerde erediens bestaan uit `n aantal formele aspekte, elemente, oomblikke, praktyke of liturgiese handelinge (Wepener en van der Merwe 2009:96). Dit weerspieël egter `n soort meganiese, kwantitatiewe siening van die gereformeerde erediens – solank hierdie onverhandelbare handelinge wel nog uitgevoer word, en dalk nog op spesifieke maniere, is dit getroue gereformeerde aanbidding. Aan die anderkant impliseer dit die siening dat, waar dit nie meer aanwesig is nie, of nie meer op spesifieke maniere uitgevoer word nie, die gereformeerde aard van die erediens outomaties prysgegee is. Dit lei tot die misstand dat sekere praktyke die norm word waaraan gereformeerdheid gemeet word. Ongelukkig is dit dikwels bo-aan die agenda van vergaderings waar gemeentes oor vernuwing besin.

Dit is al sedert die tyd van Aristoteles bekend dat die verhouding tussen ons gewoonte-handelinge en gebruike aan die een kant en ons habitus, ons houding of ons karakter wat deur dié gebruike gevorm en bevorder word aan die ander kant, uiters kompleks is (Wepener en van der Merwe 2009:97). Hoe ons geword het wat ons is en waar ons eie oortuigings, geaardheid en karakter vandaan kom het uiters komplekse antwoorde. Dieselfde geld vir die vorming van lidmate se oortuigings ten opsigte van die gereformeerdheid al dan nie van die liturgiese elemente in die erediens.

Drie breë opmerkings dui die rigting aan waarop die eie aard van gereformeerde aanbidding gesoek sou kon word:

Eerstens: Die aard van God se teenwoordigheid (Wepener en van der Merwe 2009:99).

In die erediens gaan dit om die teenwoordigheid van God by ons, om die belewenis van God se lewende aanwesigheid. Die kritiese vraag rondom die erediens is hoe ons dink en glo dat dit gebeur. God is nie direk, meganies, gewaarborg, instrumentalisties, outomaties, fisies aanwesig in enigiets nie, nog in die kerk, die ampsdraers en hulle handelinge, insluitende hulle liturgiese handelinge, nog in die Bybelboek self, nog in die gereformeerde tradisie, belydenisskrifte, kerkordes, of historiese figure nie. Slegs die Heilige Gees skenk en bemiddel die heil en die teenwoordigheid van God aan ons. Hy is méér as waaroor ons beskik in alles wat ons as gereformeerd beskou. Ons ontvang nie sy teenwoordigheid deur ons innerlike gemoedstemmings, ervarings of uiterlike handelinge nie. Ons kan dit nie manipuleer deur byvoorbeeld atmosfeer of stemming te probeer skep nie. Dit bied fundamentele uitdagings aan die gereformeerde erediens en aanbidding, want ons bly afhanklik van die genademiddels wat die drie-enige God vir ons gegéé het, wat Christus ingestel het, waaraan die Heilige Gees deur beloftes verbind is, in ooreenstemming met die Woord van God. God self bepaal sy teenwoordigheid, niemand en niks anders nie.

Tweedens: Die aard van die teenwoordige God (Wepener en van der Merwe 2009:102). Die vraag na liturgiese vernuwing lei tot die vraag – in watter mate beïnvloed en wysig liturgiese vernuwings ons Godsbeeld, en is dit trou aan die Bybelse Godsverkondiging? Sommige liturgieë en sekere soort aanbiddingstyle dien en bevorder die Bybelse Godsbeeld, terwyl dit deur ander weerspreek, ondergrawe en selfs verloën word. Vanweë mense se verwronge Godsbeeld het nie alles wat in die wêreld van godsdiens en geloof deur die eeue op die mark was, die Bybelse Godsbeeld verkondig en daarvan getuig nie, en nie alles wat vandag in ons wêreld op die mark van godsdiens, geloof en spiritualiteit, selfs kerk-wees, aangebied word, doen dit nie.

God werk- en is in die erediens teenwoordig op besondere maniere:

i. Ons kom in die teenwoordigheid van die lewend, opgestane Christus;
ii. Dit is die plek waar die Here sy seën en verlossing aan ons meedeel en deur die werk van die Gees in ons lewe indra;
iii. Dit is die plek waar ons die stukkendheid en patos van ons lewe voor die Here kan bring;
iv. Dit is die plek waar die Here ons laat tuiskom en deel wil maak van sy oop, sorgende familie.

God bly die God wat homself as die drie-enige Verbondsgod, Vader, Seun en Heilige Gees openbaar en Hy word nie meer of minder deur enigiets wat die mens bedink of doen nie (Wepener en van der Merwe 2009:21-26).

Derdens: Die aanbidding van dié teenwoordige God (Wepener en van der Merwe 2009:104). Die gereformeerde tradisie, in sy strewe om dié lewende, drie-enige Verbondsgod in ooreenstemming met die geopenbaarde Woord te aanbid, is te hermeneuties-sensitief en te bewus van die wisselende ontwikkelings-gang van die Godsvolk se aanbidding deur die ou en Nuwe Testament om na letterlike en volledige voorskrifte in die Skrif te soek vir die inkleding van die erediens. Die gesprek behoort eerder te gaan oor vrae soos: "Kom die sentrale rol van die Woord tot sy reg in die erediens? Kom die aard van die gemeente as plaaslike gestalte van die katolieke kerk tot sy reg in en rondom die eredienste? Kom die sleutelrol van doop en nagmaal tot sy reg in die erediens? Kom die ryke gebedslewe waartoe ons geroep word tot sy reg in die erediens?" Hierdie soort vrae kan net deur onderlinge gesprek en geestelike onderskeiding beantwoord word. Dit is die soort vrae wat skuil agter die oorspronklike vraag na die eie aard van die gereformeerde erediens.

Dit staan vas dat die erediens in die hart van die gereformeerde lewe staan. In die gereformeerde tradisie vervul die erediens dié vormende rol, maar die gereformeerde geloof en lewe, tradisie en teologie kan egter verander indien ander veronderstellings, ander religieuse ervarings, ander spirituele elemente, ander stemmings, ander atmosfeer in die eredienste gaan heers.

Egte vernuwing van die erediens lei tot egte vernuwing in die kerk. Waar egte vernuwing ook in die kerk plaasvind, werk dit ook deur na die erediens. Die soeke na vernuwing in die erediens is eintlik `n roep na vernuwing van die kerk. Dit is duidelik dat elkeen wat liturgiese vernuwing in die NG Kerk oorweeg, die gemeenskaplike beginsels van eredienste wat in groeiende hoofstroomgemeentes in die VSA toegepas word, in ag sal moet neem. Hierdie

gemeenskaplike beginsels weerspieël die beginsels van verantwoordelike gereformeerde vernuwing wat hierbo beskryf is onder “Vernuwing binne gereformeerde spiritualiteit”.

### 6.8. Speelsheid in aanbidding

Byars (2002) gebruik die beeld van kinders aan die speel om te verduidelik hoe mense wat hulle inleef in die erediens, kan vergeet van tyd. Kinders wat speel, vertolk rolle waarvan hulle gewoonlik droom. Hulle vergeet totaal van die wêreld rondom hulle. Nes kinders, kan volwassenes ook van hulleself vergeet wanneer hulle speel. “Play pulls us out of ourselves, changes the way we perceive the passage of time, catches us up into a kind of delight that washes away worries and preoccupations. It’s as though we are caught up into another world where time does’nt count, and we are immediately present to one another and the moment. Worship, at best, is like that. There is, at bottom, a kind of playfullness in the worship of God…. So very often, we in the mainline churches have lost the sense of worship as playfulness. Is it because we’re afraid that playfulness is in opposition to seriousness? Or is it because we have so intellectualized our faith that we may as well leave our bodies at home?” (Byars 2002:33-34).

Byars (2002:41) noem die plek wat die kerk vandag aan die sakramente in die liturgie gee as “shrinking what should be large”. In die derde eeu is die doop meer formeel gereël en het nie meer so gereeld plaasgevind nie, omdat dit eerder aan Paasfees gekoppel is met die viering van Christus se dood en opstanding. Die dooprituueel was groots – in `n poel water of `n bad – maar gedurende die middeleeue het die doopfont begin krimp en vandag is dit slegs `n klein bakkie in die meeste denominasies. Dit is egter nie slegs die grootte van die doopfont wat gekrimp het nie, maar ook die plek wat die doop in die gemeenskap van geloof beklee. Die

skakel met paasfees het grootliks verdwyn. Dikwels word die doop afgehandel asof dit net `n item op `n agenda in die erediens is, met min voorbereiding, dikwels haastig en formeel sodat dit nie baie tyd in beslag neem nie. Die doopouers ontvang dikwels vooraf geen onderrig oor die doop en die verpligtinge en verantwoordelikhede wat daarby ingesluit is nie.

Dit wat vir die ouer geslag konvensie geword het, bevredig nie meer die jonger geslag nie. Om oor geloof te praat in terme van beginsels, waardes of doktrines, spreek hulle nie aan nie. Dit bied hulle geen ruimte om hulle speels te verbeel dat hulle deel is van die groot verhaal van God nie (Byars 2002:51). Die magdom oudio-visuele vermaak waaraan die jonger geslag blootgestel is, waar hulle inter-aktief aan `n verhaal deelneem, bring mee dat hulle ook in hulle verhouding met God wil ervaar dat hulle deel is van die groot verhaal van God – hulle wil kreatief en innoverend besig wees om hulle weg te vind en uitdagings te oorwin in die "uitspeel" van God se verlossingsplan.

Die liturgie nooi ons om die rol van `n gelowige persoon te speel. Ons kan die rol op `n verskeidenheid van maniere speel, deur te sing, te praat, bewegings en gebare. Ons kan die rol vertolk van die groot skare gelowiges wat voor die troon van God vergader is in sy troonsaal, met engele en aartsengele rondom ons. Ons kan die rol vertolk van die skare gelowiges wat uit die vier windrigtings versamel is om aan te sit by die feesmaal in die hemel. Ons kan die rol vertolk van die gelowiges wat vergader by die stroom water wat uit die troon van God vloei. Die liturgie nooi ons tot daardie speelsheid wat ons toelaat om onsself te sien as God se koninklike priesterdom, sy uitverkore volk, `n gemeenskap van gelowiges vir wie die grense tussen tyd en ewigheid vervaag. Dit nooi ons om onsself te sien as deel van `n heel, gesonde skepping, `n nuwe hemel en `n nuwe aarde, waar niks aan God se verlossende krag ontsnap

nie. Hierdie soort speelsheid bied die geleentheid om die kerk se geloof te ondersoek soos pioniers nuwe gebiede ondersoek.

## 7. Samevatting

Elke element van die liturgie wat op die Woord van God gebasseer is, “praat” met die erediensganger omdat God dit deur sy Gees gebruik om mense kognitief en affektief aan te spreek. In die jongste tyd het daar allerlei vernuwinge in die reformatoriese erediens plaasgevind wat beslis nuwe moontlikhede skep om 'n ontmoeting tussen God en “soekers” te fasiliteer. Sang en musiek is belangrike vernuwende elemente binne die liturgie aangesien dit op verskeie maniere aangewend kan word en `n verskeidenheid van interinsieke eienskappe het wat tot die diepste wese van die mens spreek, veral tot die emosionele sy van die mens. Met die ontstaan van FLAM en VONKK het die NG Kerk `n groot vernuwende stap geneem om in `n groter mate voorsiening te maak vir mense se affektiewe behoeftes tydens sang in die erediens. Die NG Kerk kan vanweë sy Reformatoriese identiteit nie anders as om voortdurend liturgies vernuwend te dink en te doen nie.

# HOOFSTUK 5

## `N BESKRYWING VAN DIE '*SEEKER SERVICE*'

## EN KRITIESE BEOORDELING DAARVAN

### 1. Historiese agtergrond

Sommige skrywers soos Pete Ward (Barnard 2006:45) is van mening dat die kerk in die netwerksamelewing mettertyd gaan kwyn, terwyl van Dijk (Barnard 2006:46) daarop wys dat vryheid van keuse ook meer privaatheid in jou godsdiensbeoefening meebring. Tex Sample (Barnard 2006:47) suggereer dat die elektroniese kultuur `n "nuwe reformasie" vra. Vir hom lei die deelname van die erediensgangers aan `n opvoering (*spectacle*), die mees suksesvolle wyse waarin mense in die elektroniese kultuur met die evangelie bedien kan word. Die opvoering is `n "performance" waarin drie fundamentele elemente aanwesig moet wees: `n ysbreker ('warming up' van die gehoor), die wisselende gebruik van tempo en ritme, en die deelname van die gehoor. Mense is 'sensories en sosiaal gekodeer' en die krag van die opvoering lê in die konvergensie van musiek, woorde, charisma van kunstenaars, die perkussiewe gebruik van lig, die gedrag van die mensemassa, geure en smake tot `n omvattende ervaring waardeur die mense se diepste behoeftes aangespreek word, en wat deur middel van rituele uitgebeeld word waaraan hulle kan deelneem. "*Visual reality has become more real, and thus more convincing, than rational argument or mathematical proof*" (Barnard, 2006:48-49). Hierdie rituele aktiwiteite kan nie tot slegs een van die samestellende dele herlei word nie, maar is `n totale gebeurtenis – daar is nie slegs een of twee elemente wat die sukses bepaal nie. Die opvoering maak die erediensganger deel van God se verhaal.Sample pleit daarvoor dat die eie tradisie nie prysgegee sal word nie. Musiek is

deurentyd deel van die opvoering, tekste word op skerms geprojekteer en die boodskap word deur beweging en danse uitgebeeld.

## 2. Navorsing oor die "*Seeker service movement*'

Barnard (2006) beskryf die insigte van die volgende persone met betrekking tot die agtergrond van die *'seeker services'*

### 2.1. Robb Redman

Robb Redman, `n presbiteriaanse pastor in Texas, onderskei vier bewegings in die veranderinge in `n nuwe waardering vir aanbidding ('w*orship awakening*'), wat hy oor dertig jaar tot en met die skryf van sy boek, *'The Great Worship Awakening: Singing a New Song in the Postmodern Church'*, waargeneem het. Hy beskou die '*seeker services*' nie as iets nuuts nie, en skryf die ontstaan daarvan toe aan herlewingsbewegings in die agtiende en negentiende eeu.

i. **Die eerste beweging** wat Redman beskryf is die *'Seeker Service Movement'*, wat ontstaan het in die agtiende eeu, in kampe en aanbiddingsfeeste van Wesley en George Whitefield. *'Seekers'* is die term wat die Metodiste gebruik vir deelnemers aan byeenkomste, wat nie lid van die beweging is nie. Hy beskryf hoedat ene Charles G Finney die metode toepas in die stedelike gebiede van die Amerikaanse ooskus en afsien van alle vorms van kerklike ampstrukture. Die tradisie word sedert 1979 onder andere voorgesit deur dr Robert Schuller in Kalifornië, in die Crystal Cathedral, asook deur die Willow Creek Community Church.

ii. **As tweede beweging** noem Redman die 'Praise and Worship Movement', wat teruggevoer kan word tot die Metodistiese Holiness Movement, die Afrika-Amerikaanse kerke en die Metodistiese herlewingsbeweging. Die Metodistiese Holiness Movement fokus op heiliging en volledige toewyding aan God. Die Afrikaans-Amerikaanse kerke, wat wortels in die slawehandel het, se dienste is emosioneel en uitbundig, ken geen ampte nie en is sterk gerig op gemeenskap en deelname. Intuïtiewe geloof in God se nabyheid, die eenheid van die sakrale en sekulêre domein en die vorming van die individu in die konteks van die gemeenskap, is kwaliteite wat volgens Redman uitstaan. Die Metodistiese herlewingsbeweging is gerig op diegene wat van die kerk en geloof vervreemd geraak het. Die liturgie het geen vaste vorm; prediking en oproep om na vore te kom (*altar call*) is vaste elemente van byeenkomste. Die inwendige werk van die Heilige Gees moet ooreenstem met die uitwendige, fisieke uitdrukking daarvan. Dit is die voorloper van Pinkstergroepe en charismatiese groeperinge.

Vanaf die middel van die twintigste eeu speel radio en televisie in die Pinkster aanbidding `n essensiële rol. Die beweging dring deur tot gevestigde kerke as charismatiese beweging, waarvan die volgende kwaliteite deur Redman aangetoon word: nadruk op die persoonlike ervaring van God deur aanbidding en gebed, ontvanklikheid vir wonders en pastorale sorg wat op genesing konsentreer. "Pinkster" en "Charismaties" is nie dieselfde nie: aanhangers van eersgenoemde beskou spreek in tale as die noodsaaklike bevestiging van die doop met die Heilige Gees, en laasgenoemde sien die doop met die Heilige Gees as die volle evangelie en beskou spreek in tale as minder belangrik.

Redman wys op die volgende eienskappe van die *'Praise and Worship Movement'*:

Die diens bestaan uit drie dele, naamlik:

1. Gemeentesang, gebed en getuienis;
2. Preek;
3. Bediening – gebede en charismatiese aktiwiteite, waartydens mense na vore kom om met ander saam te bid, hande op te lê en gesalf te word. Genesing vind in hierdie deel van die diens plaas. Die gebruik van musiek, veral in die eerste deel van die diens, is essensiël.

Soos Ward en Sample maak Redman ook melding van '*free-flowing praise'*, en word deur die aanbiddingsleier gelei. Hy stel die liedere saam asook die volgorde waarin dit gesing word. Die *'free-flowing praise'* bestaan uit verskillende fases, wat by die charismatiese groepe anders toegepas word as by die Pinkstergemeentes.

By charismatiese kerke is die volgorde as volg:

1. Uitnodiging;
2. Deelname;
3. Lofprysing;
4. Aanbidding (bewuswording van God se teenwoordigheid);
5. Intimiteit.

In pinksterkerke word die volgorde ontleen aan die ruimtelike begrippe van die Joodse tabernakel en tempel:

1. Buite die kamp;

2. Deur die poorte met danksegging;
3. Lofprysing in die binnehof;
4. Ingaan na die heilige;
5. Ingaan in die allerheiligste.

Redman noem die volgende as onderskeiding tussen die eienskappe van *'praise' en 'worship'*:

1. God het geen *'praise'* nodig nie, maar soek *'worshippers'*;
2. '*worship'* is intiem;
3. *'praise'* is uiterlik en is hoorbaar en sigbaar terwyl 'worship' verborge is vir ander;
4. *'praise'* is veral `n interaksie tussen die kerkgangers, terwyl 'worship' veral `n vertikale interaksie tussen die kerkganger en God is;
5. *'praise'* is meer uitbundig terwyl *'worship'* meer nedenkend en rustig is.

Musiek is in hierdie tradisie populêr en toeganklik en nie soseer gebasseer op klassieke musikale vorms nie. As gevolg van die klem op die Heilige Gees is daar baie ruimte vir insigte en gawes van die kerkgangers, en is hul vlak van deelneme hoog. As belangrike verskil met die protestantse liturgie noem Redman dat die charismatiese en pinkstergroepe in die erediens meer gerig is op `n ontmoeting met God, terwyl die tradisionele protestante eerder dink aan antwoord op God. Barnard voeg daarby dat die invloed van die Nadere Reformasie die Nederlandse Calvinisme besonder ontvanklik sou kon maak vir `n evangelies geöriënteerde liturgie. Hy haal Van Eijnatten en Van Lieburg aan wat stel dat die leerstellige verskille tussen die tradisioneel kerklik-regs en evangelies nie besonder groot is nie. Na ongeveer 1990 sou die verskille ook in kulturele opsig kleiner word. Die nuwe evangeliese

groeperinge benader mense – sowel kerklik as ongelowig – regstreeks met `n eenvoudige individele boodskap ("Jesus is vir jou"). Hulle beklemtoon die noodsaak om vir of teen Jesus te kies en werf veral aanhangers onder jongmense. Jesus, die Bybel en die Heilige Gees is die sentrale elemente in die evangeliese wêreldbeeld; geloofsoorgawes word soms bevestig deur die volwasse doop.

iii. **Die derde beweging** wat Redman aantoon is die Christelike Aanbiddingsmusiek Industrie met die gepaardgaande bedryfsmatige produksie, bemarking en winsbejag. Geestelike musiek word in alle moontlike musiekstyle geproduseer ten einde soveel potensieële kopers as moontlike te bereik.

iv. **As vierde beweging** van liturgiese vernuwing in die laat dertigerjare, noem Redman die Liturgiese Vernuwingsbeweging. In die VSA het liturgiese ontwikkeling in die Liturgiese Beweging en die *'Praise and Worship'* Beweging veel meer parallel geloop as in Nederland. Die Liturgiese Beweging het in 1911 in Nederland ontstaan, terwyl die deurbraak van die evangeliese en charismatiese bewegings vyf-en-twintig jaar later plaasvind. Die 'Evangelicals' (Baptiste, Vrye Evangelies en Heilsleër) het ook aan die begin van die 20ste eeu in Nederland aktief geraak, maar dit het tot die jare sewentig geduur voordat hulle kulturele faktore van betekenis geword het.

Volgens Barnard moet kennis geneem word van Redman se vier punte van kritiek teen die Liturgiese Beweging. Sy eerste punt van kritiek is dat die beweging nie in die basis gewortel is nie, maar *'topdown'* geïnisieer en gestimuleer word. Dit word veral deur predikante en kerleiers ontwikkel en geïmplimenteer. Dis beslis nie stimulerend vir die kreatiwiteit van die gemeente nie. Die liturgiese vernuwing ontstaan op kerklike vergaderings met bestuurders wat

leiding gee ten opsigte van verandering, sonder om hulle veel te steur aan plaaslike tradisies en geskiedenis. `n Burokraties-ontwikkelde liturgie loop gevaar om kerkgangers van die liturgie te vervreem. Dit lei tot die tweede punt van kritiek: dat die liturgiese vernuwingsbeweging plaaslike en kulturele faktore swak integreer. As derde punt van kritiek noem Redman die Liturgiese Beweging se beklemtoning op die liturgiese tekse en 'performance' in plaas van op ontmoeting met God. Die vierde punt van kritiek is dat die Liturgiese Beweging bevooroordeeld is jeens protestantse en evangeliese liturgie.

Redman bespreek ten slotte in sy boek `n aantal kenmerke van die *'worship awakening'*. Eerstens is die liturgie multimediaal en kommunikasie is gebasseer op beelde. Ten tweede is liturgie multisensories: simbole, ikone, drama en narratiwiteit is essensieel. Ten derde beklemtoon dit 'unmediated immediacy' en is die direkte ervaring van God kenmerkend van hierdie liturgie. Die vierde kenmerk is die noue samehang met populêre kultuur.

### 2.2. Sally Morgenthaler

Morgenthaler waarsku dat dit tyd is om die waarheid in die oë te kyk: "We are not producing worshippers in this country. Rather, we are producing a generation of spectators, religious onlookers lacking, in many cases, a memory of a true encounter with God, deprived of both the tangible sense of God's presence, and the supernatural relationship their inmost spirits crave" (1995:17). Sy wys daarop dat eredienste `n "mark-gedrewe gebeurtenis" geword het, en dat wat daar gebeur voorgeskryf word deur dit wat kerke dink wat die behoeftes van die "verbruikers". Baie kerke is stel slegs  daarin belang dat die sitplekke elke Sondag en/of Woensdagaand vol is, ongeag wie daar sit. Sy noem dit "doing worship" : `n byeenkoms wat al minder gerig is op die ervaring van God se teenwoordigheid en op wie Hy is – in sommige

gevalle het dit niks met God te doen nie. Sy noem dat dit reglynig in stryd met wat George Barna se navorsing bevind het: ”The number-one piece of information that intrests an unchurched person when he or she looks for a church is not the worship style that is offered. Rather, it is the church's specific beliefs and doctrines. Similarly, when George Gallup asked, “What do Americans want from their churches?” part of what he learned was this: “(Americans) …have a strong desire for information about the Bible and its meaning” (1995:19).

Barnard (2006) beskou Morgenthaler as `n belangrike outeur wat vanuit `n evangeliese perspektief oor die liturgie skryf, veral ten opsigte van haar boek “Worship Evangelism.” Vir haar is *‘evangelical’* sinoniem met wedergeboorte en sy stel dat die terme verwys na mense en hulle godsdienstige instellings wat glo dat hulle die ewige lewe ontvang as gevolg van Jesus Christus se versoening aan die kruis en wat `n persoonlike verbintenis gemaak het om Jesus Christus as hulle Here te volg. Charles G Finney het liturgie in die negentiende eeu as `n middel tot evangelisasie gebruik en Morgenthaler waarsku opnuut dat liturgie nie as kommunikasiestrategie gebruik moet word nie. Die doel van evangelisasie is om meer en beter aanbidders te ontwikkel. Sy sien dat `n *‘non-worship epidemic’* ontstaan waar aanbidders meer waarneem as deelneem. In hierdie kader kritiseer sy die Willow Creek Seeker Service as pre-evangeliese vermaak, `n hoogs boeiende “infomercial” van sestig minute vir die christelike godsdiens. Talle byeenkomste vir “soekers” word vir aanbidding aangesien, terwyl die egte kerklike diens op die agtergrond geskuif word. Morgenthaler bepleit die absolute prioriteit van die kerkdiens as geestelike offerande van die kerkgangers aan God en as `n bewuste respons van lof, danksegging en bewondering aan Die God, die Een

wat in die Woord geopenbaar word, soos deur Jesus bekendgestel en toeganklik gemaak en soos deur die Heilige Gees in ons harte betuig word.

**3. Die "*Seeker service*' van Willow Creek**

Long (2001:7) beskryf die Willow Creek Kerk in Chicago, VSA as die mentor gemeente ten opsigte van die '*seeker service*'. Hulle het gevind dat die meeste "sekulêre" mense wat bereid is om kerk toe te kom, verkies om dit op 'n Sondagoggend te doen. Daarom is besluit om die normale erediens van 'n Sondagoggend na 'n weeksdag te skuif en iets innoverends gedurende die Sondag se oggenddiens te doen. Willow-Creek se leiers het die godsdienstige houdings en behoeftes van "soekers" bestudeer en die '*seeker service*'daarop gebasseer. Die eredienste is kontemporêr in taal en musiek; dit word hoogs visueel aangebied; dit maak gebruik van dramatiese toneeltjies en multimedia aanbiedings; die choreografie en tempo is gelykstaande aan die hoogste standaarde op die sekulêre terrein van vertonings, toneel en ander publieke verrigtinge; dit is gevul met boodskappe wat die sake van die dag aanspreek, met talle aktuele illustrasies en toepassings, en gelaai met sterk en duidelike Christelike boodskappe.

Ten opsigte van bywoningsgetalle was die waagmoedige stap van Willow Creek 'n groot sukses. Talle ander gemeentes het Willow Creek se voorbeeld gevolg. Veral jongmense het gunstig op hierdie inisiatief reageer. Selfs sommige tradisionele lidmate het terugvoer gegee dat die dienste vir hulle lewendig en betekenisvol was.

In die boek "Willow Creek Seeker Services: evaluating a new way of doing church" deur GA Pritchard (1996), word die volgende insigte oor die seeker service benadering en -erediens gedeel:

Sedert 1985 word daar baie oor die '*seeker service*' gepraat. Talle kerke het begin met eredienste wat weggedoen het met `n gevestigde liturgie en kerkmusiek, terwyl hulle voorkeur gee aan nuwe, populêre musiekstyle, kunste en multimedia kommunikasie tegnologie om, wat Kimon Sargeant "moderne liturgieë" vir skeptiese "soekers" noem, te skep.

Die '*seeker service*'-benadering bou op die aanname dat kerklos mense die kerk verlaat het en wegbly as gevolg van tradisionele liturgie en musiek. Daarom skep kerke wat "soekers" wil bereik `n alternatiewe omgewing waarbinne die evangelie gehoor kan word deur style van musiek en kommunikasie te gebruik wat die "soekers" vantevore mee kennis gemaak het. Deur weg te doen met tradisionele liturgiese- en musiekstyle, hoop leraars om "soekers" te bereik deur kreatiewe kommunikasiemedia – drama en beeldende kunste, maar veral met musiek en nie-tradisionele prediking (Redman 2002:3).

Daar is meer as een manier om `n diens te ontwerp wat "soekers" sal lok. `n Soeker-gerigte erediens het die kerklos of ongelowige as teikengehoor in gedagte; dit vermy tradisionele liturgie en musiek soveel as moontlik en mik na `n hoë vlak van kulturele relevansie in musiek en kommunikasie. Willow Creek Gemeenskapskerk in Chicago word algemeen beskou as die geboorteplek van die "*seeker service movement*". Die geboue lyk nie soos "tipiese" kerkstrukture nie, die atmosfeer binnekant is informeel en gemaklik en die houding is dikwels nie-geestelik. Kort dramas, video uittreksels van films en musiekvideos asook boodskap-geörienteerde Christelike musiek (of selfs sekulêre musiek) word saamgeweef in `n tematiese pakket. Verskillende benaderings tot die prediking, wat dikwels gebruik maak van multimedia visuele effekte, fokus op die behoeftes van die teikengehoor, eerder as op die Bybelse teks. In menige gevalle is die liturge huiwerig om `n soeker-gerigte byeenkoms as `n erediens te

beskryf, omdat dit fokus op die soeker eerder as op God, en omdat dit nie veel van die tradisionele liturgiese elemente van `n erediens bevat nie, soos byvoorbeeld gemeentesang, gebed en sakramente nie.

`n ‘S*eeker service*’is apologeties van aard en strewe daarna om `n duidelike aanbieding van die evangelie te maak. Dit poog om elemente van die ‘*seeker service*’te inkorporeer, soos byvoorbeeld kreatiewe kommunikasie en `n waardering van die “soeker” se verwysingsraamwerk, binne die konteks van `n tradisionele erediens. Sodanige dienste maak dikwels omvattend gebruik van kontemporêre aanbiddingsmusiek en vermy die tradisonele preekstyl – die preek neem meesal die vorm van `n gesprek aan. Sakramente word eerder gedurende `n  erediens in die middel van die week aan gelowiges bedien (Redman 2002:4).

In alle gevalle word gepoog om, wat hulle beskou as “die minder aantreklike aspekte van die tradisionele eredienste” te vermy, soos nie-inspirerende musiek, geformaliseerde en ritualistiese leierskapstyl en te veel geestelike taalgebruik, asook godsdienstige woorde wat nuwelinge sal afstoot. Die geestelike leiers dra nie togas of selfs `n pak klere nie. Van kerkgangers word verwag om informeel aan te trek. Die ‘*seeker service*’verkies `n emosionele aanslag wat `n appél maak op die hart sowel as die verstand, hoofsaaklik deur persoonlike getuienis, drama en musiek. Duidelike en praktiese temas wat fokus op `n Bybelse perspektief op persoonlike–  en gesinsvraagstukke is aan die orde van die begin tot die einde van die byeenkoms. Huweliks – en gesinsvraagstukke word gereeld behandel in die voorstedelike kerke.

Liedere wat handel oor `n lewenslange verbintenis in die Christelike huwelik versterk `n praktiese preek oor huwelikstrou; dit sal `n prikkelende tema hê wat waarskynlik as volg geformuleer word: “How to Affair-Proof your Marriage”. Dit sal ondersteun word met `n getuienis deur `n egpaar wat die trauma van ontrou verwerk het met die hulp van die kerk en dit deur geloof kon hanteer, gevolg deur `n gebed wat God se seën op `n nuwe manier wil ervaar.

Om die benadering tot `n ‘*seeker service*’te verstaan, moet onder die oppervlak beweeg word om die historiese wortels te ondersoek, asook die teologiese fundering en die verband met die kontemporêre populêre kultuur.

## 4. Die wortels van die ‘*Seeker service Movement*’

“Today’s seeker service may seem like an invention of the 1980’s, but it comes from a long family history. Its pedigree includes revivalists and evangelists who sought to combine worship and evangelism, going back at least to colonial America. Among them were important figures in American religious history: John Wesley, George Whitefield, Charles Finney, D.L. Moody, Aimee Semple McPherson, and Billy Graham. Advocates and critics of seeker service acknowledge the movement’s roots in American revivalist worship of the eighteenth and nineteenth centuries, but few understand this history or the impact on today’s seeker service. The history and influence are more complex and diverse than many admit” (Redman 2002:5).

### 4.1. Kamp-byeenkomste en herlewingsaanbidding

So lank gelede as die agtiende eeu, het evangeliste en herlewingspredikers soos Whitefield en Wesley die kuns bemeester om skares van kerklos mense te trek. Die begin van die negentiende eeu was `n tyd van godsdienstige herlewing dwarsdeur die grootste gedeelte van die "nuwe land", veral in die heuwels en valleie van die Appalasiese Berge en die Ohio en Tennessee riviervalleie (Redman 2002:4-5).

In hierdie wilde, ongetemde omgewing, was kampbyeenkomste die voertuig vir herlewing en evangelisasie. Hierdie byeenkomste wat drie – tot vier dae lank geduur het, is dikwels gebasseer op die Presbiteriaanse "nagmaal seisoen", wat vir meer as 150 jaar in Skotland in gebruik was. Net soos in die geval van die "nagmaal seisoen", het verskeie predikers opgetree, dikwels van verskeie denominasies en soms van verskillende rasse. Op die Sondag, gewoonlik die laaste dag van die kamp, het die prediker gewoonlik nagmaal bedien en nuwe bekeerlinge gedoop. Die dienste wat die Sondag voorafgegaan het, het met verloop van tyd toenemend `n evangelistiese fokus gehad en het nuwe tendense vertoon soos populêre musiek, met spesifieke sitplekke waar mense met `n sondebesef  hulle sondes kon bely, met `n paadjie (uitgelê met houtsaagsels) wat die bekeerlinge na vore gelei het om voorbidding te ontvang. Talle het fisiese manifestasies van bekering en oorgawe aan God vertoon soos byvoorbeeld hewige bewerasie, flou val, visioene en spreek in tale, wat as tekens van ware oorgawe beskou is.

Kwartaallikse byeenkomste van Metodiste het ook die vroeë herlewingsdienste in Amerika beïnvloed. Hierdie byeenkomste van twee dae het baie preekdienste, gebedsbyeenkomste, `n "liefdesfees" en nagmaal ingesluit, asook besigheidsbyeenkomste en gemeenskap tussen die

Metodiste van `n spesifieke area. “Originally designed as a business meeting to conduct certain affairs of a circuit, these meetings developed—particularly in America—into great worship festivals” (Redman 2002:5). Skares van soveel as tienduisend het sulke byeenkomste bygewoon tussen 1780 en 1810. Die Metodiste het die term “s*eeker*” gebruik om `n nie-lidmaat te beskryf wat die byeenkoms saam met `n Metodiste-lidmaat bywoon. Hoewel hulle die term ‘*seeker service*’gebruik het nie, het die Metodiste destyds reeds `n spesiale evangeliese diens ontwikkel vir nie-lidmate. Die Metodiste het verstaan dat die nie-lidmate `n sonde-besef gehad het en `n hunkering na genade. Teen die vroeg-negentiende eeu het die kamp-byeenkomste vir die Metodiste meer belangrik geword as die kwartaallikse byeenkomste, maar die kamp-byeenkomste het baie van die eienskappe van die kwartaallikse byeenkomste oorgeneem, insluitende die onderskeiding tussen eredienste vir gelowiges en “soekers”.

Die Metodiste het entoesiasties deelgeneem aan die kamp-byeenkomste en dit onderskryf. Charles G. Finney, `n prokureur van die middel-negentiende eeu, het die patroon van die kamp-byeenkomste na die voorstede van die ooskus oorgeneem. Die godsdiens-historikus James White noem Finney “the most influential liturgical reformer in American history”; hy beskou Finney se invloed as “the domestication of frontier practices . . . which soon spread to all parts of the United States and much of Canada” (Redman 2002:6).

Finney se benadering tot die erediens was bloot pragmaties: dit was slegs `n middel tot die doel van evangelisasie. Hy het sy benadering die “nuwe metode” genoem: liedjies met `n bekende melodie en liriek; `n dramatiese en boeiende styl van prediking; die bekende sitplek vir mense met `n sondebesef (“anxious bench”), gewoonlik die voorste sitplekke waar mense

kon gaan sit wat graag vir Christus as Verlosser wou leer ken. Finney het sy nuwe styl geregverdig deur die standpunt dat die Skrif geen riglyne gee vir `n spesifieke liturgiese styl nie. Hy skryf in sy *Lectures on Revivals of Religion* (1835): "God has established no particular measures to be used. . . . We are left in the dark as to the measures which were pursued by the apostles and primitive preachers. The pastor should not worry about biblical or historical precedent but should ask: 'Will it help lead unbelievers to Christ?'" Hierdie pragmatiese benadering het grootliks verskil van die denominasionele tradisies, wat aanspraak gemaak het op Bybelse gronde vir hulle kenmerkende style van aanbidding. Finney se herlewingsprediking word gekenmerk deur die klem op prediking. Ander elemente soos gebed, skriflesings, gemeentesang en kore, is as sekondêr beskou en moes tematies aansluit by die preek om die gehoor voor te berei vir die boodskap. In teenstelling met Protestantse tradisies, wat gefokus het op eksegetiese prediking uit spesifieke Bybelboeke, of op leerdienste wat deur die hele kerk gevolg is (Redman 2002:7).

Die herlewingsprediking was hoofsaaklik tematies, met die fokus op die verlossingsplan van God en hoe `n mens Jesus as Saligmaker en Heer kan aanvaar. Die belang van Finney se benadering kan nie oorbeklemtoon word nie. Drie belangrike aspekte daarvan verdien ons aandag:

1. Sy pragmatiese benadering het vryheid en innovasie teenoor tradisie beklemtoon. Denominasionele tradisies, spesifiek onder die konserwatiewe kerke in die groter oostelike stede, het baie van die innovering van die kamp-byeenkomste beperk. Deur daarop te wys dat die Skrif nie spesifieke style vir aanbidding voorskryf nie, het

Finney daarin geslaag om alle liturgiese tradisie te relativeer en die teenstand teen innovering af te breek.

2. Finney het `n nuwe manier ontwikkel om `n verband te skep tussen die erediens en die omliggende kultuur. Sy nuwe metodes het `n "inheemse" vorm van aanbidding geskep wat tred gehou het met die ontwikkelende Amerikaanse kultuur en uitkyk op die lewe. Dit het grootliks die populêre aanvaar en die belang van ampsgesag gerelativeer. Aangesien hy baie van die Europese tradisionele voorbehoude afgesweer het, was Finney se dienste deur-en-deur Amerikaans en egalitêr: dit was deurspek van die "era of good feelings" wat die Andrew Jackson-regering gekenmerk het.

3. Finney het die verhouding tussen aanbidding en evangelisasie omgekeer. Voorheen het teoloë en leraars geglo dat evangelisasie `n sekondêre, bykomstige produk van aanbidding was, selfs in die kamp-byeenkomste. Om "siele te red" was `n belangrike deel van daardie kwartaallikse- en kamp-byeenkomste, maar aanbidding was van meer belang. Vir Finney was die teenoorgestelde waar: evangelisasie was primêr, terwyl aanbidding van sekondêre belang was. Alles wat tydens sy evangelisasiebyeenkomste gesê en gedoen is, gepreek en gesing is, moes gebeur op `n wyse wat die geleentheid vir bekering bevorder het.

Herlewingsdienste het vinnig versprei onder die Protestantse kerke, terwyl dit kontroversie veroorsaak in een denominasie na die ander.

Voorstaanders van Finney se benadering in die Presbiteriaanse kerk is die “New School” genoem, terwyl die meer konserwatiewe teenstaanders as die “Old School” bekend gestaan het (Redman 2002:8).

## 4.2. Die “New School”

Die “New School” was meer oop vir vernuwing en het daarna gestreef om die Gereformeerde erediens meer informeel te maak met nuwe musiek en evangeliese prediking. Die “Old School” het driftig daarteen kapsie gemaak, en die twee groepe kon mekaar nie vind nie. Dit het daartoe gelei dat die kerk in 1837 geskeur het. Metodiste en Baptiste het egter die herlewingsdienste aanvaar omdat hulle nie die Presbiteriaanse kerk se wantroue in Finney se teologie gedeel het nie. Hulle voorbeeld is gevolg deur opkomende kerkgroepe soos die “Disciples of Christ”, die “Christian Church”, en die Sewende Dag Adventiste, gevolg deur die “Holiness Churches” en die tweede helfte van die negentiende eeu, en die Pinksterkerke in die vroeg-twintigste eeu. Hierdie groepe het gesamentlik die evangeliese beweging gevorm wat vandag nog voortbestaan, grootliks saamgebind deur `n gemeenskaplike vebintenis tot herlewingsdienste.

`n Goeie voorbeeld is Sister Aimee Semple McPherson, wat na die dood van haar man in Sjina, in Amerika rondgetoer het as `n evangelis. Sy het spoedig die media se aandag getrek met haar genesingsdienste en haar ontvanklikheid vir nuwe vorms van aanbiddingsmusiek, in besonder die musiek van swart Amerikaners. Na die eerste wêreldoorlog het sy haar in Los Angeles gevestig en die Angelus Temple as basis van haar bediening gestig. Haar innoverende dienste is spoedig deur die pers gedek, maar dit het haar die gramskap van ander kerkleiers in Suid-Kalifornië op die hals gehaal. Haar Sondagaand-dienste was die prototipe vir vandag se

'*seeker service*'. Dit het verskeie elemente gekombineer wat sy beskou het as toepaslik om kerklos mense te bereik
(Redman 2002:9).

Die eerste was `n geskikte plek. Angelus Temple was `n argitektoniese juweel, op sy dag die grootste kerkgebou wat ooit gebou is. Dit was eerder as `n teater opgerig in plaas van as `n kerk. Dit het gespog met `n orkes-put, een van die eerste klanktoestelle wat in `n kerk gebruik is, en alle sitplekke het `n goeie uitsig op die verhoog gehad.

Die tweede element was musiek. Angelus Temple was bekend vir sy uitnemende musiek. Dit het gespog met die beste jazz in Los Angeles. Die koor was uitstekend en het klassieke kerkliedere gesing, hoewel die kerk bekend was vir "Gospel Songs" wat met oorgawe gesing is.

Die derde element was McPherson se illustratiewe preke. Sy het geleer by die naburige Hollywood en van drama, dekor, kostuums en grimering en selfs lewendige diere op die verhoog gebruik gemaak. Sy sou oor sonde preek terwyl sy op `n motorfiets sit, geklee as `n verkeersbeampte. Sy was `n passievolle evangelis met `n voorliefde vir "showmanship" en die gevolg was dat sy gewild onder die Hollywood gemeenskap was – selfs Charlie Chaplin het haar dienste bygewoon. Sy het die ontwikkelende populêre kultuur en uitsaaitegnieke verstaan en dit benut as `n manier om die evangelie oor te dra. Hoewel sy roem verwerf het as `n geloofsgeneser, was sy inherent `n evangelis en het Angelus Temple `n huis vir die haweloses genoem (Redman 2002:10).

### 4.3. Robert Schuller

Minder as twintig jaar na McPherson se dood het Robert Schuller, `n jong leraar van die Nederduits Gereformeerde Kerk `n nuwe kerk in die voorstad van Orange County in Californië gestig. Terwyl Sister Aimee se keratiewe, illustratiewe preke die fokus van haar loopbaan was, het Robert Schuller eenvoudige boodskappe die krag van positiewe denke die fokus van sy bediening gemaak. Sy musiek was kenmerkend eklekties, en het gefokus op tradisionele koormusiek en orrelspel. Hy het egter sommige van die ander aspekte van Sister Aimee se benadering nagevolg, veral ten opsigte van die plek van aanbidding. Die eerste gebou was ook groot en indrukwekkend, maar dit is veral sy tweede gebou, die indrukwekkende Crystal Cathedral, wat in 1979 voltooi is, wat een van die mees uitsonderlike kerkgeboue is wat tot op daardie stadium gebou is. Dit is gebou in die vorm van `n ster en het drie duisend sitplekke gehad. `n Massiewe Jumbotron televisieskerm het die gehoor in staat gestel om die spreker mooi duidelik te sien. Dit was die eerste Amerikaanse kerk wat omvattend gebruik gemaak het van bemarkings en kerkgroei metodes as kern van sy missie. Sy bekende deur-tot-deur opnames het hom in staat gestel om sy boodskappe te vorm. Schuller gebruik nie die term "*seeker*" nie, maar beskou sy eredienste as geskik vir die kerklos gehoor. Sy teikengehoor was welgestelde amptenare en entrepreneurs wat skepties gestaan het teenoor die relevansie van die Christendom en die praktiese nut daarvan vir hulle lewens (Redman 2002:11).

### 4.4. Die "Church Growth movement."

Die "Church Growth movement" is gestig deur Donald McGavran gedurende die 1950s. Hy het kerkgroei in Indië bestudeer en het verskeie belangrike sosiologiese faktore opgemerk wat hy in sy vroegste studies oor kerkgroei beskryf. Een daarvan is wat hy beskryf as die kulturele

toepassing van aanbidding en prediking. Nog `n faktor is die “homogeneous unit principle,” – die waarneming dat mense meer ontvanklik is om die evangelie te aanvaar in die geselskap van `n groep waarmee hulle kan vereenselwig. Hy stel dit so: “People like to become Christians without crossing racial, linguistic, or class barriers.” Een van McGavran se studente,  C. Peter Wagner, het bevind dat baie van dieselfde beginsels ook waar is van die Noord-Amerikaanse gemeenskap. Church Growth se teorie gebruik die sosiale wetenskappe van sosiologie, etnigrafie en domografie om te verstaan hoe mense lewe, dink en voel. Die beweging is beide invloedryk en kontroversioneel. Wagner was die mentor en dosent vir talle leidende “seeker church” leraars in sy lesings in die Fuller Theological Seminary, veral mense soos wyle John Wimber, Rick Warren, en Walt Kallestad. Soos wat die Megakerk meer prominent geword het in die 1980’s en 1990’s, is baie leraars en kerkleiers aangetrek deur die beweging se praktiese fokus tydens konferensies en kursusse oor hoe om `n groeiende kerk te vestig. Die kerkgroei teorie staan nie sekere liturgiese- of musikale style voor of teen   nie, maar bied baie insigte oor wat gedurende die erediens moet gebeur. Die erediens word beskou as die “voorportaal” van die gemeente Deur baie te steun op demografiese en sosiologiese navorsing, gee kenners in kerkgroei advies oor hoe die verskillende aspek van die erediens kommunikeer met `n bepaalde teikengehoor en wat moet gebeur vanaf die parkeerterrein tot die kleutertoesig, van die argitektuur tot die styl van musiek. Die kerkgroeibeweging het egter sy tekortkominge ten opsigte van die erediens as sodanig, maar die soeker kerkbeweging openbaar ten minste twee belangrike bydraes wat die kerkgroei beweging tot die “worship awakening” gemaak het.

1. Voorstaanders van Kerkgroei beklemtoon die belang van die besoeker se ervaring van `n erediens. Leraars of lidmate van `n bepaalde gemeente kyk dikwels sekere aspekte

mis wat opmerklik vir `n besoeker is. Kennon Callahan onderstreep die belang daarvan om `n besoeker se persepsie van die diens belangrik te ag: “The first major component of corporate, dynamic worship is a service that is warm and winsome, welcoming and hospitable, gracious and encouraging.” `n Besoeker-vriendelike erediens is die kenmerk van `n warm en gasvrye gemeente.

2. Omgewingsfaktore word belangrik geag – detail en aspekte aangaande die gemeente wat nie direk verband hou met die erediens nie, maar wat bepaal hoe gebruikersvriendelik `n erediens is. Diagnostiese instrumente en gemeentestudies word aanbeveel om die leraar en kerkleiers in staat te stel om sterkpunte en swakpunte te identifiseer (Redman 2002:13).

Sedert die middel-1980’s het die ‘*seeker service*’se strategie hoop en entoesiasme gegenereer onder diegene wat daarmee vereenselwig, en kritiek ontlok van die teenstanders. Maar die rede waarom die soeker sensitiewe eredienste suksesvol blyk te wees om kerklos mense te lok berus in die eerste plek op die duidelike verbintenis om “soekers” te bereik. Redman haal Pritchard (1996) aan wat skryf dat die ‘*seeker service*’ `n moderne toepassing is van Wesley se ope-lug byeenkomste, Paulus se preke in Efese en Jesus se bergpredikasie en dat die konsep om `n openbare forum te skep om die evangelie te verkondig `n uitstekende idee is. `n Kerk wat slaag met soeker sensitiewe eredienste fokus byna soos `n laserstraal op kerklos mense. Uitreik en evangelisasie is nie bloot *`n* program nie, dit is *dié* program. ‘*seeker service*’ werk omdat hulle `n helder boodskap oor Christenskap in `n kultureel-relevante manier oordra. Volgens Bill Hybels kan die mense verwag om die evangelie te hoor op `n manier wat hulle verstaan. Hierdie kultureel-relevante kreatiewe oorreding word gesteun deur `n verbintenis om

verwarrende taal, simbole en gebare te vermy. Daarmee saam is die multisensoriese omgewing wat in die erediens geskep word. Argitektuur, klank en beeld kombineer om `n duidelike tema op verskeie vlakke te kommunikeer. Die kunste speel `n belangrike rol om op `n affektiewe of emosionele wyse met die soeker kontak te maak. Die "soeker kerk" werk hard om die voorkeure, afkeure en geestelike toestand van die teikengehoor te wete te kom (Redman 2002:14).

### 4.5. Die "Seeker Service"

Die "*seeker service movement*" het baie geleer by die "Church Growth Movement." Willow Creek Gemeenskapskerk het in die voetspore van die Crystal Catherdral gevolg en bied huidiglik die mees suksesvolle weergawe van herlewingsdienste. Wat aanvanklik deur Bill Hybels in 1975 as `n jeugbediening begin is, het ontwikkel in een van die grootste kerke in die VSA. Sedert 1990 woon meer as vyftienduisend mense een van vyf eredienste by wat plaasvind op Woensdae, Donderdae en Sondae. Elke diens word kreatief en tematies beplan en `n streng voorskrif vir die aanbieding van musiek, drama, multimedia en boodskappe word gevolg. Hierdie benadering plaas Willow Creek en die duisende kerke wat sy metode as `n model aanvaar vir hulle eredienste, reglynig in die tradisie van die herlewingsdienste wat deur Charles Finney ontwikkel is.

### 4.6. `n Kritiese Beoordeling van '*Seeker Service*"

Die '*seeker service*' het daarin geslaag om skares te lok, maar die vraag moet gevra word hoe goed hulle daarin slaag om die doelwit te bereik om die ongelowige en kerklos persoon tot `n verbintenis aan Christus te lei, en vandaar tot `n verbintenis aan geloofsgemeenskap en bediening in die kerk? Ten opsigte van die eerste deel van die vraag bestaan daar min twyfel

dat die '*seeker service*' uitstekend daarin slaag om Christus aan kerklos mense voor te stel en `n forum te skep waarop hulle kan reageer. Aanvanklik was dit moeilik om die tweede deel van die vraag te beantwoord, maar die resultate van die selfondersoek wat Willow Creek gedoen het en in die boek "Reveal" gepubliseer het, het getoon dat hulle in daardie doel `n groot mate van mislukking ervaar het. Sommige van die redes vir die deurlopende probleem wat die soeker kerk mee worstel word verwoord in vier aspekte wat deur die beweging se kritici na aan die orde gestel is:

1. die fokus van die soeker sensitiewe erediens, nl. die behoefte van die soeker in plaas van op God;
2. die gebruik van populêre kultuur en elektroniese media;
3. die prioriteit van evangelisasie bo aanbidding;
4. die kwessie van "performance versus participation" gedurende eredienste.

### 4.6.1. Evaluasie deur Bob Burney en response deur internetgespreksgenote.

Die geselsprogram van *Bob Burney Live op WRFD-AM 880 in Columbus, Ohio,* waarin hy Willow Creek se '*seeker service*' kritiseer, het verskeie response ontlok, waarvan sommige bevestig dat die '*seeker service*' hulle nie tot dissipelskap gelei het nie, en waarvan ander die '*seeker service*' konsep verdedig.

Bob Burney se evaluasie is as volg:

"Something just as momentous, in my opinion, just happened in the evangelical community. For most of a generation evangelicals have been romanced by the "seeker sensitive" movement spawned by Willow Creek Community Church in Chicago. The guru of this movement is Bill Hybels. He and others have been telling us for decades to throw out

everything we have previously thought and been taught about church growth and replace it with a new paradigm, a new way to do ministry. Perhaps inadvertently, with this "new wave" of ministry came a de-emphasis on taking personal responsibility for Bible study combined with an emphasis on felt-needs based "programs" and slick marketing. The size of the crowd rather than the depth of the heart determined success. If the crowd was large then surely God was blessing the ministry. Churches were built by demographic studies, professional strategists, marketing research, meeting "felt needs" and sermons consistent with these techniques. We were told that preaching was out, relevance was in. Doctrine didn't matter nearly as much as innovation. If it wasn't "cutting edge" and consumer friendly it was doomed. The mention of sin, salvation and sanctification were taboo and replaced by Starbucks, strategy and sensitivity.

Thousands of pastors hung on every word that emanated from the lips of the church growth experts. Satellite seminars were packed with hungry church leaders learning the latest way to "do church." The promise was clear: thousands of people and millions of dollars couldn't be wrong. Forget what people need, give them what they want. How can you argue with the numbers? If you dared to challenge the "experts" you were immediately labeled as a "traditionalist," a throwback to the 50s, a stubborn dinosaur unwilling to change with the times.

All that changed recently. Willow Creek has released the results of a multi-year study on the effectiveness of their programs and philosophy of ministry. The study's findings are in a new book titled *Reveal: Where Are You?*, co-authored by Cally Parkinson and Greg Hawkins, executive pastor of Willow Creek Community Church. Hybels himself called the findings "earth shaking," "ground breaking" and "mind blowing." And no wonder: it seems that the "experts" were wrong.

The report reveals that most of what they have been doing for these many years and what they have taught millions of others to do is not producing solid disciples of Jesus Christ. Numbers yes, but not disciples. It gets worse. Hybels laments:

*"Some of the stuff that we have put millions of dollars into thinking it would really help our people grow and develop spiritually, when the data actually came back it wasn't helping people that much. Other things that we didn't put that much money into and didn't put much staff against is stuff our people are crying out for."*

If you simply want a crowd, the seeker sensitive model produces results. If you want solid, sincere, mature followers of Christ, it's a bust. In a shocking confession, Hybels states:

*"We made a mistake. What we should have done when people crossed the line of faith and become Christians, we should have started telling people and teaching people that they have to take responsibility to become 'self feeders.' We should have gotten people, taught people, how to read their bible between services, how to do the spiritual practices much more aggressively on their own."*

Incredibly, the guru of church growth now tells us that people need to be reading their bibles and taking responsibility for their spiritual growth. The error of the seeker sensitive movement is monumental in its scope. The foundation of thousands of American churches is now discovered to be mere sand. The one individual who has had perhaps the greatest influence on the American church in our generation has now admitted his philosophy of ministry, in large part, was a "mistake." The extent of this error defies measurement. Perhaps the most shocking thing of all in this revelation coming out of Willow Creek is in a summary statement by Greg Hawkins:

*Our dream is that we fundamentally change the way we do church. That we take out a clean sheet of paper and we rethink all of our old assumptions. Replace it with new insights.*

*Insights that are informed by research and rooted in Scripture. Our dream is really to discover what God is doing and how he's asking us to transform this planet.*

Isn't that what we were told when this whole seeker-sensitive thing started? The church growth gurus again want to throw away their old assumptions and "take out a clean sheet of paper" and, presumably, come up with a new paradigm for ministry.

Should this be encouraging? Please note that "rooted in Scripture" still follows "rethink," "new insights" and "informed research." Someone, it appears, still might not get it. Unless there is a return to simple biblical (and relevant) principles, a new faulty scheme will replace the existing one and another generation will follow along as the latest piper plays.

What we should find encouraging, at least, in this "confession" coming from the highest ranks of the Willow Creek Association is that they are coming to realize that their existing "model" does not help people grow into mature followers of Jesus Christ. Given the massive influence this organization has on the American church today, let us pray that God would be pleased to put structures in place at Willow Creek that foster not mere numeric growth, but growth in grace."

(http://townhall.com/columnists/BobBurney)

#### 4.6.1.1. Krities-veroordelende response

Die volgende is uitreksels van kommentaar op Burney se uitspraak, soos dit verskyn het op Burney se webwef ((http://townhall.com/columnists/BobBurney):

**Anthony** **Location:** IL

**Reply # 116**

**Date:** Dec 9, 2007 - 12:08 PM EST

**Comments from a member of Willowcreek**

I am a living breathing example of a person who has attended Willowcreek for twenty years, has utilized many of the programs, attended the weekend service and New Community, served faithfully, and has never felt I reached the status of fully devoted follower or the level of maturity I have longed for in my spiritual walk. For years I have been telling my mentors at Willowcreek that I didnt feel fed spiritually, that many of the messages didnt have enough substance and a number of messages seemed like reruns to me. While attending Willow I have gone from having a GED education to a Masters Degree so I dont think Im unteachable, yet something isnt right in that my life has never reached that point of spiritual faith that as Hybels puts it I became a “Self Feeder”. I was reading the bible daily, serving weekly, making myself transparent to the people who were leading me, being accountable, making every attempt to submit to Jesus, and it seems like I never accomplished the second step of the twelve steps in being able to turn my life and mind over to God no matter how many years I prayed that God would take control of my mind and life. Now I sit here lost in feeling that the church said oops, but what do I do with this new information? Do I start over at Willow and hope for the best this time around? Do I start over somewhere else? Do I just give up on the church altogether? I feel like a failure and dont know what to do. Where do I go from here?

BG **Location:** TX

**Reply # 95**

**Date:** Nov 3, 2007 - 10:37 AM EST

**Marketing and Religion**

Almost all churches use marketing consultants to increase the size of their congregations. Marketing techniques can be very useful in increasing the size of a particular church.

However, marketing techniques can not increase faith or spirituality. They are not a substitute for the gospel. Marketing is based on giving the carnal mind what it thinks it wants. True religion demands sacrifice and obedience to the gospel.

**Ken** **Location:** VA

**Reply # 55**

**Date:** Oct 31, 2007 - 2:06 PM EST

**It's about time!**

I'm not familiar with Bill Hybels or Willow Creek Church, so it would be unfair for me to criticize or defend them. Even so, I have been uneasy with this "seeker sensitive" business for a long time.

This idea of "meeting needs" may have been well-intentioned, but I'm afraid it's biggest legacy is a generation of "church brats." As a minister, I've seen church members who refuse to work in Sunday School, refuse to get involved in any kind of ministry, and then they sit back and whine about how their "needs aren't being met." Whatever happened to self-denial? Whatever happened to servanthood?

Ironically, these same spoiled, self-centered church members are usually the ones who complain loudest about the church's low attendance.

**oe T** **Location:** IA

**Reply # 39**

**Date:** Oct 31, 2007 - 8:56 AM EST

**Seeker sensitive?**

The problem with the seeker-sensitive movement is that they forgot who the seeker is:

"I have come to seek and to save that which is lost."

"There is none that seek God."

We are not the seekers: Christ is. If we would be "sensitive" to Him, that is, worship as HE wants, then we will do well whether we gather with 5 or 5000.

The Church Growth gurus may have started with good intentions but in reality have sold us a false bill of goods. Following the fads, schemes and flowery "positive" messages of men, many have become deeply entrenched in the here-and-now "feel good" philosophies. Frankly, the lack of authority given to the Scriptures in so many church circles has paved the way for the postmodern attitudes that have shown biblical righteousness and holy standards the door. Doctrine and standards are viewed as hindrances and salvation, it appears, is secured by simply thinking nice thoughts about Jesus. The result is that many of yesterday's Evangelicals either haven't quite finished becoming liberals yet - or haven't realized they are in the process of becoming apostate.

Thankfully, the chorus of voices now challenging the deception is growing. Some people are going to take heed. Many will not. Let's pray that Bill Hybels not merely look for a new model to endorse but that he and others from the "Seeker" vein will seek God and not their own understanding."

#### 4.6.1.1.1. Evaluasie van die kritiek

Die klem op kommersiële media verwring volgens die kritici die boodskap en aanbidding. Pritchard is besorgd oor die potensiële gebrek aan bereidwilligheid om die soeker te konfronteer of te ontstel. Indien `n hoë prioriteit geplaas word op die verskaffing van vermaak

eerder as op die oordra van die evangelie, word die boodskap verwring. In `n poging om interessant te wees, oorbeklemtoon die soeker sensitiewe erediens vermaak ten koste van geestelike inhoud. Die kritici is voorts besorgd oor die oorbeklemtoning van psigologiese taal en konsepte – nog `n uitvloeisel van die klem wat eerder op die soeker as op God geplaas word. Kerklos mense verstaan nie veel teologie nie, maar hulle verstaan wel `n bietjie sielkunde. Deur so swaar te steun op populêre sielkunde kan die soeker sensitiewe erediens gevaar loop om die Christelike boodskap te verwar met die boodskap van die sekulêre sosiale wetenskappe. Die fokus op die gehoor in plaas van op God en die bereidwilligheid om die inhoud van die boodskap te verander blyk hand-aan-hand te gaan.

**4.6.1.1.2. Word Jesus bemark?**

Deur op bemarkingsstratigieë staat te maak om die voorkeure, smake en belangstellings van kerklos mense te bepaal ten einde relevante eredienste te ontwerp wat die met die soeker kontak maak, is ook `n mens-geörienteerde eienskap. Beide Schuller en Hybels het hulle bedienings begin deur van deur-tot-deur te gaan en opnames in die woongebiede te maak.

Pritchard (1996) glo dat die bemarkingsmetodes die evangelieboodskap uiteindelik verwring. Hy skryf: “Willow Creek’s use of marketing language and reasoning has been adopted wholesale from the marketplace. The problem is that the marketing perspective of needs, research, target markets, market share, target-audience profile, and product inevitably modifies any human endeavour to which it is applied” (Redman 2002:18).

Baie kerke het `n bykomende mid-week erediens vir gelowiges aansluitend by die naweek dienste vir “soekers”. Maar baie gereelde kerkgangers mis die geleentheid om die mid-week

eredienste by te woon en word dan die geleentheid ontneem om aan gemeentelike dienste deel te neem. So lank as wat die klem geplaas word op evangelisasie geleenthede, sal kerke geneig wees om die doel van eredienste te verwring en daarmee saam gemeentelike eredienste te aprioritiseer of, soos Morgenthaler (1999:18) dit stel: eredienste as bloot maar as nog `n item op die program te beskou. Hierdie verwarring ten opsigte van die prioriteit van gemeentelike aanbidding sal `n ernstige effek op die kerk in die langtermyn hê. Geestelike volwassenheid en langtermyn verbintenis berus in die laaste instansie op die eredienslewe van die gemeente. Wat op die kort termyn gewen word, kan op die lang termyn prysgegee word. Wat nog verder aanleiding gee tot verwarring is dat `n byeenkoms vir "soekers" dieselfde is as `n gemeente erediens. Gedurende die 1980's en 1990's het Willow Creek baie moeite gedoen om hulle lidmate in te lig dat '*seeker service*' nie eredienste is nie, en die belangrikheid van die bywoning van gemeentelike eredienste beklemtoon. Die gevolg is dat hulle oop is vir die kritiek van die "dumbing down" van gemeente eredienste bloot om `n skare te trek sodat groei in getalle voorrang geniet bo geestelike groei.

Vir Morgenthaler en ander is die erediens, ongeag die liturgiese- of musikale styl, nie ter wille van ons nie – dit is ter wille van God. Evangelisasie is vir hulle `n natuurlike by-produk van die erediens.

**4.6.1.1.3. Optrede of deelname?**

Die laaste stel uitdagings vir die '*seeker service*' raak die kwessie van optrede en deelname (performance or participation). `*Seeker Service*' behels weinig indien enige deelname van die gehoor. Vir Willow Creek is dit nie `n probleem nie, omdat hulle die soekerdiens nie as `n erediens beskou het nie. Maar vir kerke wat probeer om `n soeker sensitiewe diens ook `n

erediens te maak, is die kwessie van deelname krities. `n Sleutel-voorveronderstelling is dat "soekers" nie aktief wil deelneem nie – hulle is alreeds ongemaklik net om op te daag. Geloofwaardigheid is ook `n probleem – waarom sou `n mens "soekers" iets laat sing, bid of opsê wat hulle nie glo nie? In die verlede het die teikengehoor die probleem hanteer deur die kerk te verlaat. Waarom sal hulle nou deelneem aan iets waarin hulle nie glo nie?

Kritici van die '*seeker service*'se beswaar is dat daar meer op die teikengehoor gefokus word as op God. Die diens bewaar nie die sentraliteit van God in die aanbidding nie. In "Room for God" spreek Robert Wenz sy kommer uit dat sommige kerke reeds verby die punt is waar hulle sensitief is vir ongelowiges na `n stadium waar hulle geakomodeer word ten koste van die Bybelse waarhede. Hierdie problem is veral akuut vir '*seeker service*', waar beide aanbidding en evangelisasie deel is van die byeenkoms (Redman 2002:15).

Bovermelde kritiek suggereer dat Willow Creek se praktyk om in die "Seeker Sensitive Services" aan te sluit by "soekers" se verwysingsraamwerk van audio-visuele stimulasie wel groot getalle erediensgangers geproduseer het, maar nie suksesvol was in die realisering van die opdrag van Matteus 28:19 en 20 (NAV 1983) om hulle te lei tot dissipelskap nie.

**4.6.1.2. Krities-waarderende response**

**Vader Location:** NY

**Reply # 114**

**Date:** Nov 23, 2007 - 2:39 AM EST

**Cut and Dry**

This may be a strange concept...but why don't we look to God's word as the final authority. I think that if Willow Creek wants to spend their money and time reaching out to "seekers" a.k.a sinners, which I'm sure any follower of Jesus Christ would gladly admit we all are, with apostate speakers and slick marketing...its their choice. My old church followed Warren and Willow into a new more "relevant" path..or should I say PATHS. Anything goes. We preach acceptance of everything and self edification while people in parts across the world are being mutilated, beaten, broken, enslaved, beheaded, and cast into a very real darkness that exists right here on earth. There is a very real danger slowly creeping up to the front gate of the "fortress" of Christs disciples. However, the enemy is not on the outside of the gate. They are going forth in the darkness to open it from within. Our openly professed enemies,(Liberalism,Islam,Communism, ect.) are waiting for the oppourtunity. My old church claims to be fundamental. Why then would a pastor join forces with a group of people who are less like Charles Spugeon and more like Dr. Phil. They openly "preach" that all religions are essentialy the same. We are all looking to the same god. I could see an athiest saying that as I once fervently did...but a disciple of the Lord Jesus? Why do we always have to be brimming with "feel good". Christ said Himself that he will divide. Division isnt so bad a concept when dealing with a healthy body losing the infected limb. We need to be real...not simply appear that way. Somewhere between Legalism and Liberalism there lies the balance. Each of us must find it within the scriptures.

**The Rev** **Location:** MN

**Reply # 89**

**Date:** Nov 2, 2007 - 10:40 AM EST

**A Shocking Willow Creek Confession**

Thanks, JC! How nice to read a spiritually mature response to Willow Creek's open report. I say this as one who has personally benefited greatly in my own spiritual growth through Willow Creek's pastors, conferences, and wonderful Bible study materials they produce. Through my own experience, I know Willow Creek to be people of the Word.

Would that the humility shown by Willow's leaders over the years, and now, could be seen throughout the Christian Church. Imagine what a positive witness to the world that would be!

Tragically, however, the "holier-than-thou" attitude Jesus confronted in the Pharisees is alive and well today as it was then. Remember, they, too were the "conservatives" who stood for "truth" as they understood it in their day. And they did this even if their love for God and others was sacrificed in the process. And, according to Jesus, it was, though they could not see this for themselves.

Far too many of us who name the name of Christ today not only throw stones at our fellow Christians; we "enjoy" every minute of it! That's the great tragedy. It feeds our own sense of self-righteousness.

How about we let God be the Judge of another's ministry. Last time I checked my Bible, that was still His divine role; not your's or mine.

**jc** **Location:** FL

**Reply # 79**

**Date:** Nov 1, 2007 - 11:00 AM EST

**A Shocking Willow Creek Confession**

What bothers me the most about this article is the pious attitude of the Willow Creek "naysayers" including the author of the article...calling Bill Hybels a "guru" repeatedly. Have you attended any conference there and been with the people there? What I admire most is that a church, first of all, would have the courage to evaluate its ministry. When do we read about that happening - then secondly, that they would print the findings, and come forward publicly - that is refreshing to me. It has been a church that has sought to lead people to Christ and God is speaking to them and they are responding - sounds like more than most churches do today! It is not a shocking confession; it is a needed confession that will lead them on to the future God has for them as a church and we should all be praying that in for them.

**purplegirl** **Location:** IL

**Reply # 52**

**Date:** Oct 31, 2007 - 1:23 PM EST

**Willow Creek did a lot of things right**

As a former "Creeker", I want to throw in my two cents. Under the ministry of Willow Creek some 25 years ago, I accepted Christ, served in ministries, was part of several small group Bible studies, and built the foundation of my faith. Our family left Willow Creek to join a start-up Church where we felt we could make a more significant contribution to the ministry, and we're still actively participating in this church.

Perhaps they've strayed from their core mission, but over the years I know that they have developed a lot of people into true disciples and not merely hearers of sociologically acceptable messages. It's nice to hear that they are open to getting back to their roots.

**western bondbeam** **Location:** MI

**Reply # 42**

**Date:** Oct 31, 2007 - 9:48 AM EST

**Balance**

I would give Willow Creek some credit here for recognizing the error of their ways and now actually doing something about it. Looks like they need to find that balance.

All churhces need to seek the lost and help them find Christ. Parable of the lost sheep anyone? I have heard the opposite thing happening with traditional churchs. They aren't activily seeking the lost, but instead simply want to keep those already in Christ. They aren't supporting young families. They have an average age of 65 or something like that. If you walk in these churches with a tattoo or piercing, casual dress, or just don't look the part---see ya and don't let the door hit you in the can on the way out. These churches are the reason so many seekers yell "hypocrites" and walk away from God entirely. Who would blame them?
Again, they need to find that balance.

**Bill Hybels (Leier-pastor van Willow Creek)**

Gedurende ’n onderhoud met Bill Hybels vra die joernalis dat hy reageer op ’n artikel in die Tydskrif Christianity Today wat berig dat Willow Creek besluit het om weg te beweeg van ‘Seeker Sensitive Services’ en eredienste te fokus op geestelik volwasse gelowiges wat wil groei in geloof. Hybels antwoord dat die artikel in die tydskrif se berig foutief is. Willow Creek se missie die afgelope 32 jaar was nog altyd: “To turn irreligious people into fully devoted followers of Christ.” **http://www.boundlessline.org/2007/10/seeker-sensitiv.html**

## 5. Samevatting

Onder die kritici is lidmate van Willow Creek wat erken dat hulle nie deur die '*seeker service*' dissipels van Jesus geword het nie, maar daar is ook ander wat erken dat hulle die fout eintlik by hulle self moet soek. Iemand wat Jesus as Verlosser leer ken moet self antwoord op Sy oproep om Hom te volg en nie die kerk blameer indien dit nie gebeur nie. Dit is egter inderdaad die kerk se taak om die evangelie so aan te bied dat diegene aan wie die evangelie verkondig is tot dissipelskap gelei kan word en geleer kan word om alles te onderhou wat Jesus aan Sy dissipels geleer het (NAV 1983: Matteus 28:19-20).

Willow Creek se '*seeker service*' was gebasseer op die veronderstelling dat mense dissipels van Jesus sal word deur herhaalde blootstelling aan die evangelie op byeenkomste wat daarin slaag om behoeftes te bevredig soortgelyk aan dié wat mense in die sekulêre wêreld het. In die '*seeker service*' is daar afgesien van die liturgie wat die verkondiging van die evangelie en die identiteit van die kerk deur die eeue heen gedra het, en daar is gefokus op mense se behoeftes aan vermaak en aktualiteit. Die menslike spreker was in die kollig, in plaas van die Woord van God. Mense is na byeenkomste genooi met die belofte van interssante onderwerpe en inspirerende sprekers in plaas van `n ontmoeting met God en sy gemeente.

Kritici van '*seeker service'* moet daarteen waak om die "baba met die badwater uit te gooi." Willow Creek het immers daarin geslaag om met `n konsep vorendag te kom waarmee mense, wat nie in die kerk of in God belangstel nie, byeengebring word en aan die evangelie blootgestel word. Hybels en sy span het op eie inisiatief selfondersoek ingestel en tot die besef gekom dat die 'seeker services' nie in die gestelde doel geslaag het nie. Willow Creek het daaruit geleer en strewe opnuut na effektiwiteit in hulle bediening van soekers.

# HOOFSTUK 6

## DIE BELANG VAN SKRIF-GEFUNDEERDE LITURGIEË VIR SOEKER - SENSITIEWE EREDIENSTE IN DIE NG KERK EN RIGLYNE VIR SO 'n EREDIENS

### 1. Skrif-gefundeerde liturgie binne die konteks van die erediens as ruimte vir die ontmoeting met God

Dit is te verstane dat geen kerk ander kerke se manier van doen klakkeloos kan oorneem en net so toepas nie, aangesien elke gemeente `n lewende liggaam is wat bestaan uit mense wat as eenheid uniek is. Selfs binne ons eie familie van Afrikaanse NG Gemeentes is daar soveel diversiteit ten opsigte van byvoorbeeld spiritualiteit dat geen gemeente enige praktyk van ander gemeentes presies so kan oorneem en toepas sonder om struikelblokke teen te kom nie. Daarom is dit nodig dat die inligting in die voorafgaande hoofstukke verreken word by die keuse van 'n liturgiese model vir soeker-sensitiewe eredienste in die NG Kerk.

Barnard (2006) verwys na gekontekstualiseerde liturgie as `n "veilige ontmoetingsplek, waar jy aan die dink gesit word en tot jouself kan kom." Die parameters vir sodanige eredienste is: Die substansiële inbring van die deelnemer, die gebruik van simbole en rituele, `n veeltalige liedrepertoire, en verdraagsaamheid. Meer 'vrug-gerigte' liturgie moet gebruik word. Dit gaan in alles oor `n rekontekstualisering van die liturgie. Dit impliseer `n proses van integrasie wat diep ingrypende veranderings genereer. Die dinamiek van kultuur en kultus word deur kultus en kultuur (en deur die Here) verander. Dit is die uitdaging wat `n gemeente agter staal en

steen die res van die kerk voor plaas. Barnard maak die stelling dat die liturgie die Liturgiese Beweging verbygegaan het (2006:27-28).

In ons besinning oor die liturgie is dit ons strewe om die ontmoeting tussen God en mens te fasiliteer en dit uitmuntend te doen. Die mens is immer feilbaar, en wat ons as leraars ookal vanuit die studeerkamer-skilderdoek aan die liturgiese muur hang, is daar altyd `n beter manier om iets te sê as wat `n mens dit kan sê. Daarom is Skrifgebruik in die liturgie so belangrik, want dit dra die krag waarmee God self dit sê.

Die liturg se doel is om die ontmoeting tussen God en gemeente te fasiliteer. Om namens God te praat is immer `n onuitspreeklike groot verantwoordelikheid. Om dit te doen op so `n wyse dat die erediensganger dit ervaar as God se Woord aan hom/haar, is `n taak wat Bonatuurlike ingrype noodsaak. Die erediensgangers moet as't ware soos Moses die gevoel kry dat hulle heilige grond betree het en God self hoor praat. Daarom kan die liturg nooit ligtelik omgaan met uitsprake namens God gedurende die liturgie nie. Aanhalings direk uit die Woord van God tydens die verskillende liturgiese momente bied vir beide die liturg en die erediensganger welkome sekuriteit as die regte woord op die regte plek. Die liturgie moenie maar net fyn uitgewerkte choreografiese passies wees waardeur die liturg beweeg om by die preek uit te kom nie. Die liturgie is die skilderdoek waarvan elke vierkante sentimeter bydra tot die totale prent. Die volledige liturgie moet `n bydrae lewer tot die ontmoeting wat tussen God en sy kerk plaasvind. Die volledige liturgie moet meewerk tot die oortuiging van die erediensgangers dat hulle volledig kan staatmaak op God se beloftes en sy wil vreesloos kan gaan uitvoer.

Die tempo waarteen selfs tradisionele kerk met gevestigde liturgieë al meer met vernuwing in die liturgie eksperimenteer, bring mee dat die landskap van die erediens verander en dat die liturg sal moet verseker dat erediensgangers steeds tuis voel. Geen verandering kom maklik nie, maar verandering in die liturgie kan lei tot vervreemding van lidmate indien dit nie tuiskom in die harte van erediensgangers nie. Daar is altyd weerstand teen verandering en dit is onwaarskynlik dat almal ooit tevrede sal wees met enige vorm van vernuwing. Dikwels word `n kompromie aangegaan om verskillende groepe te probeer tevrede hou deur voorsiening te maak vir afsonderlike dienste met liturgiese style wat verskillende behoeftes bevredig. Dit is in elk geval vaag wat nou eintlik bedoel word met tradisioneel en kontemporêr, want dit wat tradisioneel vir `n spesifieke geslag is, was gewoonlik die algemeen aanvaarde norm tydens hulle kinderjare.

## 2. Die swaai van die pendulum op die pad van Skrif-gefundeerde liturgieë

Die strewe na liturgiese vernuwing het 'n lang geskiedenis en veral twee bakens kan uitgesonder word: Die Rooms Katolieke Kerk se Constitution of Sacred Liturgy wat op 4 Desember 1963 gepubliseer is, en die "seeker- oriented" eredienste van die Willow Creek Community Church in Chicago. Long (2001:5) beskryf twee betekenisvolle ontwikkelings wat vernuwing beïnvloed het, naamlik die Hypollitus invloed en die Willow-Creek-invloed.

### 2.1. Die Hippolitus–invloed

Met die Constitution of Sacred Liturgy het die Rooms Katolieke Kerk nie net probeer om in pas te kom met liturgiese vernuwing in Protestante Kerke nie, maar het daarna gestrewe om eredienste te ontwerp wat Bybels gefundeer is, gefokus op Christus en daarop gerig om die gemeente te laat aanbid as volk van God.

Dit het Protestantse kerke genoop om self te besin oor hulle eredienste en verskeie denominasies het op ekumeniese vlak byeengekom vir gesprek. Die gevolg was nuut ontwerpte materiaal vir eredienste in die verskillende denominasies met `n inhoud wat verbasend eenders was. Hulle het `n gemeenskaplike erfenis in aanbidding herontdek. Dit was gebasseer op `n herontdekking en herwaardering van gebede en rituele van die antieke kerk. Baie van die nuwe boeke vir die erediens het eucharistiese gebede bevat gebasseer op `n gebed wat in die geskrifte van biskop Hippolitus opgespoor is. Hy was `n derde-eeuse teoloog en kerkleier in Rome en sy gebed is waarskylik die vroegste volledige eucharistiese gebed tot ons beskikking. Hippolitus se gebed simboliseer die christelike erediens nog voor skeuring en skeiding plaasgevind het, toe die kerk steeds een was. Die kerk het `n begeerte gehad na die ervaring van eenheid, en Hippolitus se gebed het die gevoel gestimuleer dat die kerk een tree nader gekom het aan daardie ervaring. Dit het gelei tot die herontdekking van die klassieke strukture van die erediens waar die simboliek van die rituele van ouds herleef het en voorgeskrewe ekumeniese lyste met Skrifgedeeltes weer in die erediens aangewend is. Die Hippolitus-invloed verteenwoordig die hoop dat alle christene oral weer uit een hart sal aanbid.

### 2.2. Die Willow Creek–invloed

Ongeveer dieselfde tyd as wat die ou gevestigde kerke hulle ryk gemeenskaplike erediens erfenis ontdek het, het `n ander kultuurgolf die Amerikaanse kerke oorspoel, wat die Amerikaanse kerke en hulle eredienste verwerp het.

Die hoofstroomkerke in Amerika, wat in die 1950's nog vol en aktief was, het vanaf 1960 lidmate begin verloor. Sommige het na ander charismatiese kerke oorgegaan, maar die meeste het bloot geheel en al uit die kerk beweeg.

In reaksie daarop het `n paar visionêre kerkleiers die teorie gehuldig dat die mense nie die kerk verlaat omdat hulle nie meer na God soek nie, maar omdat hulle moeg was vir die tipiese kerklike spiritualiteit en die vervelige, geinstitusionaliseerde wyse waarop die kerke die soeke na God gefasiliteer het. Die groepie kerkleiers het hulleself afgevra wat die soekende mense in die kerk vind indien hulle deur eie keuse of per toeval in `n erediens beland. Hulle het tot die gevolgtrekking gekom dat die aanraking met `n "Hippolitus-invloed", liturgie gevul met antieke, misterieuse inhoude, antieke liedere en vervelige preke, veroorsaak dat hulle nie weer wil kom nie. Hulle het tot die gevolgtrekking gekom dat die seerplek nie bloot `n pleistertjie benodig nie, maar ingrypende chirurgie om die lewe van die kerk te red. Hulle het `n volkome nuwe kerk in gedagte gehad, met `n totaal nuwe manier om met mense kontak te maak en `n nuwe manier van aanbidding met die "soekers" in gedagte. Omdat die Willow Creek Gemeente die flagskip van die soeker – dienste was, word hierdie nuwe benadering die "Willow Creek – invloed" genoem. Die benadering is om tydens die dienste kontemporere taal en musiek te gebruik, baie visueel te wees, gebruik te maak van drama en multimedia aanbiedings volgens die hoë standaarde van die sekulêre wêreld. Dit is gevul met boodskappe wat pertinent gerig is op die vraagstukke wat die mense daagliks moet hanteer, met talle illustrasies en toepassings.

Beide die Hippolitus – en die Willow Creek invloede is steeds aan die werk in die kerk en die een beskuldig die ander van verkeerde benaderings. Die gevaar bestaan inderdaad dat

sommige gemeentes in navolging van die Willow Creek invloed, die Hippolitus – invloed probeer oorwin deur kosmetiese veranderinge soos byvoorbeeld ritmiese musiek en aktuele, leersame prediking, maar wat teologies nie mense met die hart van die evangelie konfroteer nie. Die Willow Creek benadering doen te veel afstand van die Christusgesentreerde, histories-geankerde en teologies-gevormde aanbidding wat getrou is aan die evangelie. Dit bied `n baie vlak poel waarin die jong christen moet leer swem na volwassenheid in geloof. Ondanks die feit dat die gemeentes die soeker-vriendelike eredienste beskou as bloot `n evangeliese voorloper van ware aanbidding, is dit nie noodwendig hoe die erediensgangers daaroor voel nie. Vir hulle is dit die Kerk – hulle ken niks anders nie en wil ook niks anders ken nie. Om hulle te beweeg van die soeker eredienste na eredienste wat op groei en diensbaarheid fokus, is moeiliker as wat aanvanklik verwag is.

Dis egter ontstellend dat die soeker-eredienste grootliks gewortel is in die bewussyn van die leefwêreld van die tydsgees, en nie in die evangelie nie. Die erediens is `n ritueel, en alle betekenisvolle rituele het hulle oorsprong in kragtige, lewensveranderende bronne. Deel van `n ritueel is juis om die ontvanger die oorspronklike krag van die bron van die ritueel te laat ervaar en om opnuut van die energie daarvan te beleef.

Ten diepste is `n Christelike erediens gewortel in die Bybelstorie – `n herleef van die verhaal van God se interaksies met mense. Wanneer die Bybel oopgemaak word by die Tien Gebooie, is die gemeente as’t ware weer by Sinai in die woestyn. Wanneer iemand gedoop word, is die gemeente weereens deel van die skare tydens Jesus se doop, tydens die nagmaal is hulle weer in die Bo-kamer waar Jesus die brood gebreek het. Om deur die liturgie te beweeg is om

simbolies deur die verhaal van geloof te loop. Die erediens is `n metafoor wat gedurig `n punt van verwysing het.

Wanneer elke soeker-erediens van die Wilow Creek-benadering fokus op die hedendaagse mens en sy storie, kan selfs stimulerende musiek, inspirerende gebede en besielende preke nie die erediensganger lei tot die diepte van die evangelieboodskap nie, aangesien op die verkeerde storie gefokus word. Aan die ander kant kan die Hippolitus-benadering meebring dat die taal- en leefwêreld van die hedendaagse mens nie voldoende verdiskonteer word nie en dat die erediensganger nie beleef dat God vir hom die God van vandag is nie. Die deure van die kerk is oop, maar hy ervaar dat die ritueel en boodskap van die erediens hom uitsluit.

Die ideaal is dus om aan die een kant stewige wortels te hê in die evangelie wat histories die erediens gevorm het en aan die ander kant opreg ontvanklik te wees vir die huidige kulturele omgewing en toeganklik, aantreklik en gasvry te wees vir "soekers" wat buite die kerk leef, soos onder andere Robert Webber, professor in teologie aan die Wheaton College gedoen het. Om die twee style te meng het hy alles van beide behou wat funksioneel in die erediens sou wees. Maar tog blyk dat blote vermenging van beide benaderings nie die einddoel is nie. Die doel van die erediens is tog nie om almal gelukkig te probeer hou sodat niemand heeltemal ontuis voel, maar ook nie heeltemal tuis voel nie. Die doel van die erediens is om elke erediensganger se ware ontmoeting met God te fasiliteer op `n wyse dat elkeen ervaar dat die God van die verlede ook die God van vandag is wat volkome verstaan en uitkoms bied. Dit vereis `n erediens wat fyn ingestel is op die mens van vandag en sy leefwêreld en hom lei na die diepte van die evangelie soos dit histories veranker is.

Dit is Barnard (2006:28-30) se mening dat die liturgie huidiglik veral bepaal word deur die dinamiek van kultus en kultuur. Dit is `n liturgie waarvoor daar nie `n bloudruk bestaan nie en ontstaan het in `n spesifieke konteks met spesifieke deelnemers, maar wat op die een of ander manier steeds met die eeue oue liturgie van die kerk verbind bly. Die normatiewe en vormvaste liturgie van die Liturgiese Beweging, wat herontdek is in die jare sewentig en bewaar is in die jare tagtig, maar wat in die jare negentig gekwyn het, is aan die begin van die een-en-twintigste eeu programaties verruil vir `n "liturgia condenda", `n liturgie wat in `n spesifieke konteks ontwikkel word en met die oog op die toekoms moet voortbestaan. Wat voorheen op die rand plaasgevind het, nl. die ontstaan van liturgieë wat deur konteks bepaal is, het nou in die sentrum kom staan. Die ontdekkings van die Liturgiese Beweging het egter nie die klassiek-gereformeerde liturgie verdryf nie. Dit lyk selfs asof sestiende-eeuse liturgiese formuliere weer `n oplewing beleef. Vir Oskamp is dit belangrik dat die vrugte van die Liturgiese Beweging nie op die ashoop beland nie, maar dat daar eerder sprake moet wees van `n gelyktydigheid en vermenging daarvan met gekonteksualiseerde liturgie, waardeur dominante neigings uitgewys kan word. Soos wat Israel in ballingskap die ou verhale herontdek of opnuut uitvind, en die hoop opflikker, so soek die gemeente in die laat-moderne samelewing na verhale wat hoop gee. Die konteks word `n beslissende faktor, die preek is gerig op die hoorder, die liturgie ontstaan in die dinamiek van die konteks en die deelnemers. Dit beteken dat vaste vorme nie meer bepalend vir die liturgie is nie, maar wel die wisselwerking met die situasie en met die deelnemers. Liturgie ken geen *editio typica* meer nie, maar het primer *liturgia condenda* geword.

### 3. Die herkoms van "soekers" in Suid-Afrikaanse konteks

Vos en Pieterse (1997:108-110) wys op die mens se soeke na vashouplekke, geborgenheid en identiteit in hulle godsdiens in tye van onsekerheid, nood en verval. Kerklik het ons die gevoel dat alles minder word en dat die bekende verdwyn. Sedert 1994 het talle gruweldade van die vorige regering aan die lig gekom en ons land se mense is geskok en ontnugter om te verneem dat die mense wat in die verlede dikwels onvoorwaardelik vertrou is, ongeloofwaardig opgetree het. Daarmee saam het daar met die verkiesing van 'n nuwe regering 'n nuwe vlaag van geweld en misdaad die land getref, gepaardgaande met korrupsie op regeringsvlak, diskriminasie, regstellende aksie in die werkplek en verval van dienslewering, norme en waardes. Dit het 'n uiters kritiese en onverdraagsame gees onder mense laat posvat, wat ook op kerklike terrein sigbaar is.

In die erediens, soos dit deur die jare in ons Afrikaanse reformatoriese kerke vorm aangeneem het, is daar uitdrukking en neerslag van ons eie kultuur. Ons liturgiese uitdukking van ons geloof, aanbidding en viering dra die stempel van ons kultuur, en dit geld alle kulturele groepe. Waar feitlik alles in die res van ons lidmate se leefwêreld verander het, is daar by baie lidmate die hunkering na die bekende geestelike sekerhede wanneer hulle 'n erediens bywoon, terwyl ander weer 'n verwagting het dat die kerk sal byhou met veranderende omstandighede en ook in die erediens vernuwend sal optree. Die vooruitgang op die terrein van die tegnologie, veral ten opsigte van kommunikasietegnieke en hulpmiddels, noop mense om te verwag dat die kerk sal moderniseer en dat die aanbiedingstyl in die erediens op dieselfde of 'n beter standaard sal wees as dit waaraan hulle in die sekulêre wêreld blootgestel word.

Soos wat Willow Creek selfondersoek ingestel het en tot die besef gekom het dat hulle benadering nie daarin geslaag het om soekers te lei tot dissipelskap nie, moet elke denominasie, elke gemeente selfondersoek instel om te bepaal of hulle bediening lidmate inderdaad tot dissipelskap lei. In die strewe om getrou te wees aan Jesus se opdrag in Matteus 28:19 en 20, is daar in die NG Kerk deur die jare dikwels soveel klem geplaas op die "…leer hulle …" –gedeelte (die kognitiewe aanvaarding van die evangelie en onderskrywing van die waarheid waarin ons glo) van die opdrag, dat die affektiewe van ons geloofslewe (die emosionele- en beleweniskant en kontak met die geheimeniskant van God) nie altyd voldoende aandag ontvang het nie. In gemeentes waar gedurende eredienste fokus word op die emosionele- en beleweniskant van lidmate asook die geheimeniskant van God, speel die gebruik van rituele en simbole en styl van liedere `n groot rol. Te veel klem op verkondigingsinhoud in liedere kan mense letterlik laat frons van konsentrasie terwyl hulle sing. Daarom moet die inhoud van liedere `n balans toon ten opsigte van die affektiewe en die kognitiewe sodat mense dit wat hulle sing (en glo) ook kan beleef en liggaamlik kan uitleef. Is die gemis daaraan nie dalk een van die belangrikste redes waarom jongmense aan die einde van hulle skoolloopbaan ook die NG Kerk verruil vir ander kerke waar die affektiewe meer beklemtoon word nie? Soos aangedui in hoofstuk 4, is die NG Kerk bewus van die probleem en word ernstig gepoog om veral in die kerkliedere `n balans te vind.

Die erediens is die plek waar daar 'n unieke geleentheid is om kontak met God en sy heil te ondervind. Dit is die plek waar vergifnis en verlossing, genesing, liefde en inspirasie in die teenwoordigheid van die Here meegedeel en ondervind kan word, want in die erediens heers daar 'n unieke atmosfeer en vind daar 'n unieke gebeure plaas wat nêrens anders in die sekulêre wêreld ervaar kan word nie. Wie 'n erediens bywoon, moet die ervaring hê dat hier

iets totaal anders aan die gang is as op enige ander plek. Een van die belangrikste faktore vir die veranderende effek van die prediking op die hoorders die atmosfeer is wat in die erediens heers. Liturge moenie in die erediens optree asof hulle in ’n besigheidsomgewing van die alledaagse lewe werk nie. Hulle moenie deur die liturgie werk byna soos wat ’n mens tydens `n vergadering deur ’n agenda werk en die verskillende elemente aangekondig en afhandel nie. Die vraag kan tereg gevra word of ons nie te veel klem begin lê op die bedryf van ’n gemeente waarin predikante neig om ’n soort besigheidsbestuurder te word met allerlei nuwe programme en projekte wat strategies bestuur word in plaas van om pastor te wees (mét die gemeente te wees in hul alledaagse nood en wanhoop, ook deur deeglike huisbesoek), en leraar te wees (die Skrif uit te lê en toe te pas in prediking, Bybelstudie met die gemeente, en kategese).

Die wyse waarop iemand wat die erediens besoek, die atmosfeer en die gemeenskap van geloof ervaar, vorm vir hom/haar die bloudruk van hoe daardie kerk en gemeenskap van gelowiges is en funksioneer. Dit is veral waar van iemand met min of geen kerklike agtergrond, wat per toeval of uit nuuskierigheid ’n erediens bywoon – die sogenaamde “soeker”. In die erediens moet dit vir almal duidelik wees dat dit gaan om `n baie spesiale ontmoeting tussen God en mens, en dat daar nie bloot meganies gehandel word sonder dat die hele mens betrokke is en aangeraak word deur dit wat daar gebeur nie.

## 4. Die belang van soeker-sensitiewe eredienste

### 4.1. `n Omvattende gemeente-verbintenis

Wanneer `n gemeente besluit om soeker-sensitiewe eredienste te hou, moet die doel en inrigting daarvan baie goed ondersoek en beplan word. Dit moet deel uitmaak van `n totale evangelisasie-strategie wat daarop gerig is om mense bekend te stel aan `n lewende verhouding met Jesus Christus as Verlosser en verder te begelei in die christelike lewenswandel met God Drie-Enig en Sy kerk. `n Soeker-sensitiewe erediens is dus nie `n doel op sigself nie, nie bloot `n spesiale aanbieding wat af en toe plaasvind nie, maar `n middel tot die uiteindelike en groter doel.

Die hele gemeente moet as eenheid saamwerk om die soeker-sensitiewe eredienste by te woon en moet verstaan dat elkeen se deelname en optrede bepalend is vir die sukses van die strategie. Dit is nie noodwendig die musiek, of die boodskap, of die atmosfeer wat die soeker sal aangryp nie, maar die totale ervaring van die familie van Jesus waaraan hy graag sal wil behoort en gereeld sal wil ontmoet. “soekers” moet ervaar dat die christelike lewenswandel nie bloot maar net `n alternatiewe lewensstyl is nie, maar juis is wat die lewe volgens God se bedoeling moet wees. Deur waarneming en ervaring moet die soeker besef wat ware christenskap behels. Die soeker moet die gemeente beleef as `n gemeenskap wat funksioneer in geloof en liefde teenoor mekaar, die gelowiges moet aanpasbaar en toeganklik wees, die soeker moet ervaar dat hy aanklank vind by die lewens van die gelowiges en dat hy by hulle ingeskakel word(connecting with believers), die soeker moet oop en eerlike integriteit van gelowiges ervaar, daar moet betekenisvolle bediening plaasvind – elke element van die

liturgie soos die prediking, liedere, gebede ensovoorts moet geloofwaardig wees, die soeker moet `n gemeente ervaar wat persoonlik is.

## 4.2. Beplanning van soeker-sensitiewe eredienste

Die volgende riglyne vir die beplanning en inrigting van soeker-sensitiewe eredienste word deur Ferreira (2003:82) aangetoon:

i. adverteer die dienste in die plaaslike koerante met aanwysings na die kerkgebou; alles moet noukeurig beplan word vanaf die oomblik dat die soeker by die kerkgebou aankom totdat hy vertrek;

ii. die omgewing moet vriendelik wees: daar moet voldoende parkering wees – lidmate moet doelbewus die beste parkeerplekke ooplos, toilette moet skoon wees, plante skep `n atmosfeer van lewe, lugversorging moet aangewend word om hitte of koue meer draaglik te maak, sitplek moenie beknop voorkom nie, daar moet genoeg lig wees;

iii. daar moet kwaliteit versorging van kinders wees;

iv. daar moet mense wees wat almal by die deure vriendelik groet en verwelkom;

v. daar moet aangename musiek speel terwyl mense hulle plekke inneem;

vi. daar moet voldoende sitplek wees waar “soekers” goed kan sien en hoor;

vii. die klankstelsel moet goed werk;

viii. indien sang deur `n orkes en sangers begelei word, moet die sang, begeleiding en klank van goeie gehalte wees;

ix. liedere moet so gekies word dat dit maklik saamgesing kan word, maar daar moenie druk uitgeoefen word op “soekers” om saam te sing nie;

x. “soekers” moenie uitgesonder word deur bv te vra dat hulle opstaan of iets voor die gemeente moet sê nie;

xi. daar moet geleentheid wees waar mense mekaar kan groet, maar “soekers” moet anoniem kan bly;

xii. die verloop van die diens moet vloeiend wees – daar moenie “dooie tyd” wees waar niks gebeur wat die soeker aanspreek nie – bv bevestiging van kerkraadslede – gebede moet kort wees en die liturgie moet spontaan en informeel verloop;

xiii. die prediker self moet die gemeente vriendelik groet;

xiv. prediking moet aansluit by aktuele gebeure en vraagstukke waarmee mense worstel. Dit moet positief wees en nie daarop gerig wees om skuldgevoelens aan te wakker of om ander gelowe en denominasies te kritiseer nie;

xv. daar moet gebid word vir die siekes en behoeftiges en aktuele probleme in die gemeenskap;

xvi. daar moet geleentheid wees vir getuienisse oor God se beskerming, leiding en gebedsverhoring asook oor onderlinge hulp en ondersteuning van medegelowiges – God se heil moet gevier word;

xvii. beperk afkondigings tot die minimum en vermy pleidooie om finansiële hulp;

xviii. verwelkomingskaarte en skryfbehoeftes moet beskikbaar wees sodat “soekers” dit kan invul;

xix. sluit af met `n inspirerende loflied en rig `n uitnodiging vir interaksie na afloop van die diens;

xx. terwyl mense uitbeweeg moet hulle vriendelik gegroet word by die deure met `n uitnodiging om weer te kom;

xxi. daar moet verversings gereed wees waar interaksie tussen lidmate en “soekers” direk na afloop van die diens kan plaasvind;

xxii. die leraar moet onmiddelik na die diens beskikbaar wees indien “soekers” hom wil ontmoet;

xxiii. inligting op verwelkomingskaarte moet onmiddelik gedurende die week opgevolg word.

Hoewel hierdie faktore tydens enige erediens teenwoordig moet wees, is die afwesigheid van een of meer items op die lys iets wat sal veroorsaak dat “soekers” nie weer sal kom nie. Die gemeente moet dit waartoe hulle in staat is, met egtheid en oorgawe doen. Deur die geheel word die soeker blootgestel aan die gemeenskap van gelowiges waardeur hy Jesus kan leer ken, aan die relevansie van die Bybel en aan die wese van geloofsgemeenskap soos op geen ander terrein van die gemeenskaplike lewe nie. Negatiewe gedagtes oor God, christenskap en die kerk kan omgeswaai word in positiewe gedagtes en houdings. Hoewel die soeker op baie ander terreine kontak het met die kerk as liggaam van Christus (gelowiges wat hulle geloof oral uitleef), kan die byeenkoms van die geloofsgemeenskap `n blywende indruk van vriendelikheid, warmte en omgee in `n koue, harde lewe laat, `n gemeenskap waarheen die soeker wil terugkeer.

Hoewel “soekers” die erediens-gebeure waarskynlik sal vergelyk met die kwaliteit en die wyse waarop vermaaklike byeenkomste in die sekulêre wêreld aangebied word, sal gemeentes daarop moet let om nie gedurende soeker-sensitiewe eredienste met die wêreld te probeer kompeteer nie. Die soeker moenie voel dat hy onder valse voorwendsels na die kerk gelok is nie. Om die soeker bloot te stel aan `n egte ervaring van God se teenwoordigheid sal die erediens die evangelie op `n geestelike vlak moet kommunikeer wat vir die soeker bevatlik is,

dit moet verhoudingsgeoriënteerd en prakties toepasbaar wees en tog ook `n element van vermaak bevat wat `n goeie gevoel oor kerk-wees by die soeker kan laat posvat. Die gemeente moet besef en aanvaar dat die diens gerig is op die soeker as teikengehoor en dat sy behoeftes voorrang moet geniet, soos ons leer in Filippense 2:4 “Julle moenie net elkeen aan sy eie belange dink nie, maar ook aan dié van ander.” (NAV 1983).

Willow Creek stel die volgende as credo vir hulle soeker-sensitiewe eredienste;

1. Die oortuiging in `n Bybelse mandaat om die wêreld te evangeliseer, beginnende met die onmiddelike gemeenskap;
2. Die begeerte om kontemporêr en kreatief te wees sodat die evangelie niemand as gevolg van verveling uit die koninkryk van God wegdryf nie;
3. `n Diepe respek vir die anonomiteit van die soeker;
4. Begrip vir die soeker se behoefte aan uitnemendheid in alles wat aangebied word, veral daardie dinge wat die karakter van God kommunikeer;
5. Begrip dat mense graag die saak van die evangelie sal ondersteun met hulle tyd, gawes en finansies omdat die saak met uitnemendheid, integriteit en opregtheid hanteer word, en resultate oplewer;
6. Die verbintenis om `n relevante konneksie te maak tussen die christelike geloof en die soeker se daaglikse lewe (Willow Creek Community Church Handbook 1991:1, 3-10).

## 5. Liturgie vir soeker-sensitiewe eredienste: 'n voorstel

**Tema van die erediens: DIE JUK VAN JESUS**

**LITURGIE**

**TOETREDE:**

**VOTUM: Psalm 23:1(Liturg):** Die Here is my Herder.

Ek kom niks kort nie. Amen

**SEËNGROET: Openbaring 1:4-5 (Liturg):** Genade en vrede vir julle, van Hom wat is en wat was en wat kom, **en van die sewe Geeste voor sy troon** en van Jesus Christus, die geloofwaardige getuie**, die eerste wat uit die dood opgestaan het,** die heerser oor die konings van die aarde

**RESPONS (Gemeente):** Uit liefde vir ons het Hy ons deur sy bloed van ons sondes verlos en ons sy koninkryk gemaak, priesters vir God, sy Vader. Aan Hom behoort die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid! Amen

**LOFLIED**

Liedboek Lied 202:1,2,3 “Prys Hom, die hemelvors”

**STILTE**

(`n  klein waterval, wat vooraf voor die kansel in die liturgiese ruimte opgestel is en water sirkuleer met `n geluidlose waterpompie, word nou geaktiveer, en die klank van die water word met `n mikrofoon oor die klankstelsel hoorbaar gemaak)

Liturg aan gemeente:

Word rustig, sluit gerus jou oë en ontspan.

- Dink aan die rustige geluid van water
- Besef dat jy nie hier is om na `n mens te luister nie
- Dink daaraan dat jy nou God se Woord gaan hoor
- Hy lei jou na waters waar daar rus is en gaan nou self met jou praat

Na ongeveer drie minute van stilte, word die volgende epiklese-lied saggies, onbegeleid gesing met drie herhalings: **Heer, ek wag op U** (P A Malherbe: 2009)

HEER, EK WAG OP U, JA EK WAG OM U STEM TE HOOR.

BY U ALLEEN IS WOORDE WAT DIE WARE LEWE GEE

**WOORDDIENS:** Matteus 11:25 tot 30 (NAV 1983) word voorgelees

Daardie tyd het Jesus gesê: “Ek prys U, Vader, here van hemel en aarde, dat U hierdie dinge vir slim en geleerde mense verberg het en dit aan eenvoudiges bekend gemaak het. Ja, Vader, so was dit u genadige bedoeling. My Vader het alles aan my toevertrou, en niemand ken die Seun nie, behalwe die Vader; en ook ken niemand die Vader nie, behalwe die Seun en elkeen aan wie die Seun Hom wil bekend maak. Kom na my toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en

Ek sal julle rus gee. Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus kry vir julle gemoed. My juk is sag en my las is lig."

**STILTE**

**Koorsang deur middel van `n CD terwyl die gemeente nadink oor die skriflesing:**

**"Kom na My toe"** (Gewyde koorwerke van Chris Lamrecht, soos gesing deur die kamerkoor Singkronies olv Johann van der Sandt)

**WOORDDIENS: Boodskap**

**PROJEKSIE MET DATAPROJEKTOR:**

**Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee**

Dis `n uitnodiging wat ek en jy nodig het. Veral so teen die einde van die jaar raak mens mos bewus van hoe oorlaai jy is met werk en verantwoordelikhede. Mens se stresvlakke kan nogal breekpunt bereik – en dis nie net grootmense nie wat so voel nie, hoor! - dit raak ook kinders op skool, veral met eksamentyd hier teen die einde van die jaar. Waar mense so hard werk om doelwitte te haal, is huwelike dikwels ook onder druk, want mens sien mekaar soms maar min. Al hierdie dinge is deel van die effek wat die gebrokenheid van hierdie wêreld op ons almal het

Selfs net die blote aanwesigheid van misdaad en sedelike verval rondom jou

- om gedurig op jou hoede te moet wees om nie beroof te word nie,

- om gedurig blootgestel te word aan vloeke en vuil grappe – dit maak jou moeg en gefrustreerd

Dit maak mense soms lewensmoeg

(Op hierdie tydstip word Liedboek Lied 279 "Hoor ons sug, o Heer" twee keer saggies, met sagte orrelbegeleiding, gesing)

Natuurlik is Jesus se uitnodiging bedoel vir mense wat voel dat die lewe vir hulle te veel geword het. Maar die konteks van die gedeelte wys vir ons dat die oplossing is nie om net `n rukkie op Jesus se skouer te kom huil nie. Jesus nooi jou nie om `n rukkie in `n spa te ontspan en van al jou stres en lewensmoegheid ontslae te raak nie

Hierdie woorde beteken: die oplossing vir jou lewensmoegheid bestaan daarin om Jesus te aanvaar as jou enigste Persoonlike Verlosser en Sy waardes na te volg

Hoor weer mooi:

Hierdie woorde beteken: die oplossing vir jou lewensmoegheid bestaan daarin om Jesus te aanvaar as jou enigste Persoonlike Verlosser en Sy waardes na te volg

Klink dit miskien na

- ou nuus?
- `n holruggreryde cliché
- `n oorvereenvoudiging van `n baie ingewikkelde probleem?

**Is dit werklik?**

Liewe broers en susters, in hierdie gedeelte kom wys die Here ons op `n baie ernstige probleem

Dis nie so eenvoudig soos dit mag klink nie.Dit gaan in hierdie gedeelte nie net oor die besluit om Jesus as jou Verlosser te aanvaar nie. **Jesus se uitnodiging word voorafgegaan deur belangrike woorde**

**Hy sê: ek prys U, Vader**

Dit beteken Jesus stem saam met hoe God kies om sy reddingsplan aan te kondig en uit te voer.

Wat is hierdie reddingsplan van God? Redding kom alleen deur Jesus, die Seun van God wat self God is (vs 27). Die vraag is: Hoe word sy redding werklik deel van jou lewe sodat jy ware rus vind? Matteus 11 se antwoord is: Deur onvoorwaardelik die juk van Jesus te dra.

**Jesus se uitnodiging klink mooi en sag op die oor. Maar alles wat Hy hier sê, is nie werklik so sag op die oor nie.** Vers 25 sê duidelik dat slim en geleerde mense nie gered kan word nie, want hulle kan God se reddingsplan nie verstaan nie. **Dis harde woorde hierdie en ons moet sekermaak dat ons dit reg verstaan.** In die vorige paar verse bestraf Jesus `n paar dorpe wat ten spyte van wonderwerke nie in Jesus wou glo nie. In hierdie konteks verwys slim en geleerde mense na enige persoon wat ten spyte van hulle kennis oor Jesus, nie bereid is om hulle lewe te verander en Sy lewenstyl te aanvaar nie. Aan die ander kant verwys eenvoudiges na mense wat soos kindertjies onvoorwaardelik glo en sy lewenstyl naboots. Dis mos kenmerkend van klein kindertjies om afhanklik te wees en grootmense se lewens na te boots.

slim en geleerd verwys dus hier na hoogmoed en eiesinnigheid

Geleerdheid, rykdom en hoë IK intelligensie, of ongeleerdheid, armoede en lae IK is nie hier van belang nie. Met slim en geleerd word bedoel mense wat alles gehoor het wat nodig is om gered te word en selfs daarmee saamstem, maar tog volgens hulle eie reëls lewe en glo hulle sal op hulle eie terme gered word.

Met eenvoudiges word bedoel mense wat alles gehoor het om gered te word en daarmee saamstem en dit soos kindertjies aanvaar. Dis mense wat besef dat hulle net uit genade gered word en dit aanvaar. Eenvoudiges is die mense wat bereid is om die juk van Jesus te dra sodat Jesus in beheer van hulle lewens kan wees. Hulle glo en vertrou dat dit 1000 maal beter is as om in beheer van hulle eie lewens te wees. Hoogmoediges sien nie kans om die juk van Jesus te dra nie, want hulle weet dit lei dikwels tot vernedering. Boonop moet hulle beheer prys gee, en dis mos nie iets wat hoogmoedige en eiesinnige mense graag doen nie. Hoogmoediges wil graag mense en gebeure beheer.

Eenvoudiges weet dat hulle so klein en nietig in hulleself is dat hulle eintlik eers status kry as hulle hulle lewens volkome aan Jesus onderwerp. Eenvoudiges is mense wat geleer het om beheer prys te gee aan God. Daarom noem Jesus Sy Vader Here van hemel en aarde.

Dis `n vreemde gedagte dat Jesus vir ons sê dat Hy vir ons RUS sal gee as ons sy JUK dra. Dit klink mos eerder na `n moeilike ding om te doen, nie waar nie?

**Wat is die juk van Jesus?** Jesus gee self die antwoord in vers 29:

Hy is sagmoedig en nederig van hart

Kyk mooi: die sleutelwoorde is: "van hart"

Ware sagmoedigheid en nederigheid is iets wat jy nie kan aanleer nie – Jesus moet jou hart verander voordat jy werklik so sal kan lewe.

Sagmoedig is `n woord wat verband hou met die gewilligheid van `n perd om deur `n stang in die bek beheer te word. Dit is eintlik so `n sterk en kragtige dier, maar dit is bereid om beheer te word. Sagmoedigheid is om te weet jy het die krag en mag, maar gewillig om jou deur God te laat lei om so eintlik teen jou natuur op te tree

Nederig beteken om slegs bewus te wees van wat jy deur God se genade is en kan doen

Jesus sê: Kom na my toe gaan saam met leer van my. Hy het dit vir ons kom demonstreer toe Hy na die wêreld te gekom het – Filippense 2:5-11 (NAV 1983) illustreer dit duidelik: "Hy wat in die gestalte van God was … het Homself verneder deur die gestalte van `n slaaf aan te neem."

Neem my juk op beteken "doen afstand van jou posissie en kennis wat jy in jou eie oë het – "Let go and let God". Slegs in `n persoonlike verhouding met Jesus kan jy leer om van harte sagmoedig en nederig te wees - dit kom nie deur kopkennis nie. Jou hart moet verander.

Waarom noem Jesus dit `n juk? Want dit vra opoffering. Wanneer jy werklik nederig en sagmoedig is soos Jesus, sal jy verneder word soos Hy en sal jy ander se belang bo jou eie moet stel, soos Hy gedoen het. Jesus het ons duidelik daaroor gewaarsku in Joh 15:20. "As hulle My vervolg het, sal hulle julle ook vervolg."

Is jy bereid om die juk van Jesus te dra?

Die juk van Jesus lyk nie so nie: [DATAPROJEKTOR VERTOON `N JUK]

Dit lyk so: [DATAPROJEKTOR VERTOON `N FOTO VAN ROOI HART]

Die juk van Jesus is `n hart wat verander is en met liefde ander se belange eerste stel.

Dan sal jy ware rus vind – vrede wat jou verstand te bowe gaan. AMEN

Na Boodskap word beide die Afrikaanse en Engelse teks van lied 384 gesing: Jesus, o dink aan my / Jesus, remember me

Voorbidding word gedoen met die fokus op mense in nood.

(Liedboek Lied 278 "Hoor ons bid, o Heer" word direk na gebed twee keer saggies, met sagte orrelbegeleiding, gesing)

OFFERGAWES

UITSENDING

Slotlied: 284:1,2,3

UITNODIGING: Die liturg rig `n uitnodiging aan almal wat bemoediging benodig om na afloop van die diens agter te bly of een van die ouderlinge te kontak.

Seën

Responsoriese formule:

Liturg: Die ewige God is ons skuilplek.

Gemeente: Sy arms is altyd onder ons.

Liturg: Soos die Vader Jesus gestuur het, stuur Hy julle ook. Vrede vir julle!

Gemeente sing: “Amen” - Liedboek Lied 312

## 6. SLOTOPMERKINGS

Die eerste christene was in wese almal “soekers”, en die eredienste van die vroeë kerk was eintlik van die begin af soeker-sensitiewe eredienste. “Soekers” moet in der waarheid welkom voel in elke erediens in elke gemeente, maar ongelukkig het talle gemeentes begin fokus op opbou en het uitbou agterweë gebly. Die erediens het in talle gemeentes `n “selfsorg-eenheid” geword waar lidmate met die Woord bedien moet word soos dit vir hulle gemaklik en bekend is. Die enigste groei in sodanige gemeentes is meesal wanneer dooplidmate as belydende lidmate bevestig word na afloop van twaalf jaar se katkisasie. Daarom beleef sodanige gemeentes `n gelykmatige daling in lidmaatgetalle en is daar weinig pogings om afgedwaaldes weer betrokke te maak of nuwe lidmate te werf. Gemeentes wat die pad van soeker-sensitiewe eredienste wil loop, moet dus kennis neem van die vorming en ontwikkeling van liturgie deur die geskiedenis van die kerk, en kies vir `n liturgiese model wat in die hart van God gebore is. Wanneer `n mens kyk na die liturgieë van die vroeë kerk, is dit duidelik dat die op die Woord van God gebasseer is en dat die Woord van God dikwels aan die woord kom in die verskillende liturgiese elemente. Dikwels is daar in die Skrifgedeelte waaruit die prediking

kom, verskeie elemente van die liturgie teenwoordig, soos die wet van God, verootmoediging, lofuitings, gebede, geloofsbelydenisse ensovoorts. Dit is my oortuiging dat `n soeker meer waarskynlik `n ontmoeting met God in die erediens sal ervaar wanneer hy beleef dat God self aan die woord kom gedurende die liturgie en die prediking – dat hy nie in die eerste plek na `n mens kom luister het of mense kom ontmoet het nie, maar wel vir God en dat hy deel kan word van `n geestelike familie.

Wanneer gemeentes die saak van "soeker-sensitiewe eredienste" ondersoek moet in ag geneem word dat die NG Kerk reeds deur bovermelde tendense en strominge beinvloed is en daar moet kennis geneem word van die impliksies en uitdagings daarvan. Die gereformeerde belydenis en identiteit van die NG Kerk moenie ingeboet word wanneer gemeentes vernuwe nie.

**Die voorstel van hierdie verhandeling is die volgende:**

Dit is die navorser se oortuiging dat `n deeglik voorbereide liturgie, wat ruim gebruik maak van skrifgedeeltes in elke element daarvan, gerugsteun deur toepaslike rituele en simbole asook keurige sang en musiek, daarin sal slaag om God se woorde aan die harte van soekers tuis te bring. Die soeker se ontmoeting met God moet gedra word deur die liefdevolle en vriendelike ondersteuning van die geloofsgemeenskap sodat elke soeker `n geestelike tuiste in gemeente sal ontdek. `n Daadwerklike poging om soekers te bereik moet voorafgegaan word deur `n diepgaande soeke na die leiding van God, deeglike navorsing oor die profiel van soekers in die teikengebied en `n eenparige besluit deur die lidmate om soekers se belange hoër te ag as hulle eie. `n Gemeente moet nie die styl en liturgie van die erediens wat reeds in die gemeente gevestig is, sonder meer radikaal verander ter wille van `n erediens wat gerig is

op “soekers” nie. Indien `n gemeente dit doen, mag die huidige lidmate totaal vreemd voel en sal dan onnatuurlik optree in hulle eie plek van aanbidding, en “soekers” sal dit onmiddelik aanvoel. “Soekers” moet ervaar dat die bestaande lidmate van `n gemeente gelukkig is en tuis voel in die erediens, dat die gemeente vir hulle `n geestelike tuiste is en dat hulle mekaar se familie is. Tog sal `n gemeente, wat die roeping aanvaar om “soekers” in die erediens te bereik, vernuwend oor die erediens en verwante bedienings moet dink om spesifiek “soekers” te bereik. Daar moet baie deeglik besin word oor wat anders en addisioneel gedoen sal moet word, en die gemeente sal as geheel `n verbintenis moet maak om enige vernuwing te aanvaar en te ondersteun. Wanneer die gemeente die roeping van soeker-sensitiewe eredienste aanvaar, moet almal bereid wees om opofferings te maak. Soos voorheen in hierdie hoofstuk vermeld, moet soeker-sensitiewe eredienste deel uitmaak van `n totale bediening om “soekers” tot `n ontmoeting met God te lei.

Gemeentes wat die moed van hulle geloofsoortuigings het om `n Skrif-gefundeerde liturgie te volg, word as volg deur Robert Byers bemoedig:

**1. Die aanwesigheid van die twee sakramente, die doop en die nagmaal sal onmiddelik `n verhaal van n geestelike familie vertel wat gered is uit liefde en genade**: “The weekly assembly for Christian worship may seem strange—even incomprehensible—to those socialized to relate first of all to the small screen of television or computer. If the purpose of our lives is to mimic the way characters in commercials live, worship may quite likely seem boring. Worship challenges life conformed to the dimensions of the small screen. Or, in reverse, the life of the small screen challenges life as conceived in worship. In contrast with life as viewed through a 36-inch screen, worship seems an odd affair indeed. Prostrating oneself — or

simply bowing one's head — seems at odds with the project of building one's self-esteem. Elegant language with scriptural rhythms seems out of sync to ears tuned to the meter of commercials. Solemn rituals using bread and wine puzzle folks who seldom pause for a meal with the whole household" (Byars 2000:4).

**2. Die kerk se verkondiging van `n verhouding met `n Drie-enige God maak dit uniek en totaal anders as enige ander godsdiens wat "soekers" elders kan raakloop**: "When Christians speak of the God of whom the Bible testifies, they speak of a God who is three-in-one. Often, people raised in Christian churches and exposed to Christian worship for decades are surprised to hear that the Holy Trinity is any more than a doctrinal sideshow. The truth is that the three-in-one rests as the very foundation of our faith and our worship. It may be that we Christians have obscured the fact that our worship is, first of all, Trinitarian. Are we embarrassed, perhaps, by the doctrine of the Trinity? Maybe it's too puzzling. It might be too hard to explain. Or possibly we, the worshipers, simply have become so accustomed to certain kinds of language that we don't really hear it any more (Byars 2000:6).

**3. Die kerk moenie skaam wees vir die evangelie wat ons verkondig nie (NAV Rom 1:16 en 17) en ook nie aanvaar dat `n Skrif-gefundeerde liturgie mense gaan afskrik nie. Die boodskap wat die apostels aan die eerste toehoorders verkondig het, was ook totaal vreemd en tog het duisende mense tot bekering gekom, tog het mense daagliks by die kerk aangesluit:** "The community of Christian believers had to speak the truth they'd learned in their own experience as a people. Though they'd met in Jesus of Nazareth a human being like the rest of us, this Jesus was also the bearer of God's very person and presence. Could they—can we?—explain how God can bend down and enter our experience from the inside—born of

a woman, just as we are? There is no way to explain it because there are no precedents. Nevertheless, the Christian community has been compelled to testify to what it has seen and heard. What it has seen and heard is that the God who is *up there*, so to speak—has also come to walk *beside* us" (Byars 2000:7).

Dawn (1995:243) beklemtoon dat die liturg altyd in gedagte moet hou dat God die subjek van aanbidding is. "Because God is the subject of worship, we must ...recall that, before liturgy can involve the work of the people who offer their praise, it begins with the presence of God graciously inviting that response. " Indien ons uit die oog verloor dat God die subjek van aanbidding is, kan die liturgie verander in `n opvoering in plaas van aanbidding. Baie van die "worship wars" oor die liturgie kan ontlont word indien ons in gedagte hou dat ons aanbid op grond van God se uitnodiging en nie op grond van ons eie inisiatief nie. Deur God se woorde (Woord) in die liturgie te gebruik, word ons daaraan herinner dat aanbidding God se geskenk aan ons is voordat dit ons geskenk aan Hom kan word. Liturgiese gedeeltes wat die lees van Skrifdele benut en die nagmaal as die kern van ons aanbidding toelig, versterk die bewussyn dat God die subjek is van waarmee ons besig is.

## 7. VOORSTELLE VIR VERDERE NAVORSING

7.1. Empiriese navorsing oor die redes waarom mense wat voorheen meelewend en betrokke in `n gemeente was, nie meer deel is van `n geloofsgemeenskap in gemeenteverband nie asook die wyse waarop hulle pastoraal bedien kan word.

7.2. Empiriese navorsing oor die aantal NG gemeentes in Suid-Afrika wat spesifieke eredienste met die oog op “soekers” inrig, hoe dit gedoen word en hoe die gemeente betrokke is by `n omvattende bediening aan hulle.

## BIBLIOGRAFIE

Barnard, A.C. 1981. Die Erediens. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Barnard, M. en Post, P. 2001. Ritueel bestek: *Antropologische kernwoorden van de liturgie*. Zoetermeer: Uitgeverij Meinema.

Barnard, M. en Schuman, N. 2002. Nieuwe wegen in de liturgie. *Die weg van de liturgie – een vervolg*. Zoetermeer: Uitgeverij Meinema.

Barnard, M. et al. 2004. Letter en Feeste. Zoetermeer: Uitgeverij Meinema.

Barnard, M. 2006. Liturgie voorbij de Liturgiese Beweging. Zoetermeer: Meinema.

Brienen, T. 1987. De liturgie bij Johannes Calvijn. Kampen: Uitgeverij de Groot Goudriaan.

Byars, R.P. 2000. Christian Worship. Kentucky:  Geneva Press.

Byars, R.P. 2002. The future of Protestant Worship. *Beyond the worship wars*. Kentucky: John Knox Press

Calitz, C.J. 2004. `n Prakties-teologiese ondersoek na die vrye lied as wesenlike deel van die gereformeerde kerklied in die NG Kerk. Ongepubliseerde MA-verhandeling, Universiteit van Pretoria.

Clasen, F. et al 2007. Vir die erediens: `n Handleiding. Wellington: Bybelmedia.

Dawn, M.J. 1995. Reaching out without dumbing down. Michigan: Willia B Eerdmans Publishing Company.

Ferreira, W. 2003. `n Ondersoek na die evangelisasie-strategie binne die soeker-sensitiewe kerkmodel. Ongepubliseerde M Verhandeling, Randse Afrikaanse Universiteit.

FLAM **http://www.flam.co.za** 29 November 2009.

Gadamer, H.-G. 1975. Truth and Method. London: Sheed & Ward.

Kommentaar op internetgeselsblad oor Willow Creek se Seeker Service

1. **http://townhall.com/columnists/BobBurney/2007/10/30/a_shocking_confession**
2. **http://www.boundlessline.org/2007/10/seeker-sensitiv.html**

   Webwerwe besoek op 1 Desember 2009

Long, T.G. 2001. Beyond the worship wars. *Building vital and faithful worship*. The Alban Institute.

Morgenthaler, S. 1999. Worship Evangelism. *Inviting unbelievers into the presence of God.* Grand Rapids Michigan: Zondervan.

Müller, J.C. 1988. Die erediens as fees. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Naudé, P. 2006. Om na God te luister… *Kruisgewys* 5(3):5-6.

Naudé, P. Die Kerkbode 10 Junie 2005:11.

Nel, M. 1994. *Gemeentebou*. Halfway House: Orion Uitgewers.

Oskamp, P. en Schuman, N.A. 1998. De weg van de liturgie. *Tradities, achtergronden, praktijk*. Uitgeverij Meinema, Zoetermeer.

Pieterse, H.J.C. 1979. Skrifverstaan en prediking. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Pieterse, H.J.C. 1991. Gemeente en Prediking. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Pieterse, H 2006: Opponerende beweginge in die veld van die liturgie III – 15 November 2006. http://www.teo.co.za

Pritchard, G.A. 1996. Willow Creek Seeker Services. *Evaluating a new way of doing church.* Grand Rapids: Baker Book.

Redman, R. 2002. The great worship awakening. *Singing a new song in the Postmodern Church.* San Francisco: Jossey-Bass.

Ricoeur, P. 1983. Hermeneutics and the human sciences. Cambridge University Press.

Schoeman, W.J. en Bisschoff, J.H. 2005. *Kerkspieël*. Pretoria.

Van den Berg, H. 2003. CD getitteld "Proe die aarde". Snit 3 "*Pelle in exile*". Odyssey.

Van der Velden, M.J.G. 2000. Als wij samenkomen. *Liturgie in de gereformeerde traditie*. Uitgeverij Boekencentrum, Zoetermeer.

Van der Ven, J.A. 1990. Entwurf einer emperischen Theologie. Kampen/Weinheim: Kok/Deutcher Studeen Verlag.

VONKK webwerf :http://www.vonkk.co.za. 29 November 2009.

Vos, C.J.A. en Pieterse, H.J.C. 1997. Hoe lieflik is U woning.Pretoria: RGN Uitgewery.

Vos, C.J.A. 1996. Die volheid daarvan I. Pretoria: RGN Uitgewery.

Vos, C.J.A. 1996a. Homiletiese flitse in die hermeneutiese spieël van Paul Ricoeur (I). Praktiese Teologie in Suid-Afrika II (1):58-67.

Vos, C.J.A. 1996b. Homiletiese flitse in die hermeneutiese spieël van Paul Ricoeur (II). Praktiese Teologie in Suid-Afrika II (1):68-78.

Vos, C.J.A. 1996c. Die Volheid daarvan 1. Homiltiek uit n hermeneuties-kommunikatiewe perspektief. Pretoria: RGN.

Vos, C.J.A. 1996d. Die Volheid daarvan II. Homiltiek uit n hermeneuties-kommunikatiewe perspektief. Pretoria: RGN.

Vos, C.J.A. 1999. Die towertyd van liturgie. Praktiese Teologie in Suid-Afrika 14(1):99-126.

Vos, C.J.A. 2005. Theopoetry of the Psalms. Pretoria: Protea Book House.

Wagner-Ferreira, E.C. 2008. `n Prakties-teologiese ondersoek na die inkleding van die erediens met die doel om die verskillende generasies in `n gesamentlike familie-erediens aan te spreek. PHD Verhandeling, Universiteit van Pretoria.

Wepener, C. en van der Merwe, J. (red) 2009. Ontdekkings in die erediens. Wellington: Lux verbi BM.

Willow Creek Community Church: Church Leader's Handbook: http://www.willowcreek.org